

DIE FONEMIESE STRUKTUUR VAN DIE SOTHOTALE

'n Sinchronies-vergelykende Ontleding

deur

JAN ABRAHAM FERREIRA

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

DOCTOR LITTERARUM ET PHILOSOPHIAE

in die Departement Bantoetale, Universiteit van Suid-Afrika.

4 Desember 1961.

DANKBETUIGINGS

Aan Prof. Dr. D. Ziervogel, my promotor, my opregte dank vir sy besielende leiding en vir my aanvanklike inwyding in die Bantuetaalwetenskap.

Aan Prof. Dr. H.P. Blok my waardering as leermeester, veral vir my belangstelling in die strukturele taalkunde wat hy gekweek het.

Aan Prof. Dr. E.B. van Wyk my erkentlikheid vir talle beskouinge as gevolg van sy prikkelende kommentaar en besprekings.

Aan Prof. Dr. P. de V. Pienaar my waardering vir sy wenke en besprekings oor die fonetiek en fonologie.

Aan mev. D. van der Merwe en die administratiewe personeel van die Universiteit van Suid-Afrika my dank vir hul welwillende hulp met die tikwerk en produksie van die proefskrif.

Ook my dank aan al die proefpersone wat my behulpsaam was, en in die besonder mnre. A.T. Malepe, P.C. Mokgokong en V.S. Manaka vir hul bereidwillige en geduldige praktiese hulp.

Ten slotte my dank aan my vrou vir haar aansporing en bystand.

- - - -

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK	PARAGRAAF
I	1.1-1.31
<u>DOELSTELLINGE, FONOLOGIESE METODE EN PROBLEME BY STRUKTURELE ONTLEDING</u>	1.1-1.31
DOELSTELLING	1.1
SKRYFWYSE	1.2
DIE BEGRIP FONEEM	1.3
DIE FONEEM AS MINIMALE EENHEID	1.4
DIE FONEME IN FONOLOGIESE OPPOSISIES	1.5
SINCHRONIESE EN DIACHRONIESE BESKRYWING	1.6
LEENWOORDE	1.7
BETEKENIS EN DIE WOORD	1.8-1.10
<u>Betekenis</u>	1.9
<u>Die woord</u>	1.10
ONDSKEIDENDE KENMERKE VAN FONEME	1.11-1.23
<u>Artikulatoriese en Ouditiewe Beskrywing</u>	1.11
<u>Vokalies : Konsonanties</u>	1.12
<u>Stemhebbend : Stemloos</u>	1.13
<u>Nasaal : Oraal</u>	1.14
<u>Konstriktief : Afgesluit</u>	1.15
<u>Akuut : Graaf</u>	1.16
<u>Luid : Gedemp</u> Tabel III	1.17
<u>Ejeksie en Aspirasie</u>	1.18
<u>Vokaalfoneme</u>	1.19
<u>Konsonantfoneme</u>	1.20
<u>Die Oraal-konsonantiese Foneme</u>	1.21
<u>Vokaliese Konsonantfoneme</u>	1.22
<u>Die Nasale Konsonantfoneme</u>	1.23
FONEEMVARIANTE	1.24
NEUTRALISASIE EN ARGIFONEEM	1.25

	FONOLOGIESE RELEVANSIE VAN DIE PROSO- DIESE ELEMENTE	1.26-1.30
	<u>Klem</u>	1.27
	<u>Duur</u>	1.28
	<u>Toonhoogte</u>	1.29
	<u>Gevolgtrekking</u>	1.30
	AANTEKENINGE	1.31
II	<u>BESKRYWING VAN DIE VOKAALFONEME</u>	2.1-2.12
	REALISERING VAN DIE VOKAALFONEME	2.1
	ONTLEDING EN-BESKRYWING VAN DIE VOKAAL- FONEME	2.2-2.9
	/a/	2.3
	/ɛ/	2.4
	/e/	2.5
	/o/	2.6
	/ɔ/	2.7
	/i/	2.8
	/u/	2.9
	<u>Algemene Verspreiding en Variasies</u>	2.10
	RELATIEWE FREKWENSIE VAN OPPOSISIES TUSSEN VOKAALFONEME. Tabelle IV, V, VI	2.11
	AANTEKENINGE	2.12
III	<u>BESKRYWING VAN DIE KONSONANTFONEME</u>	3.1-3.19
	KLASSIFIKASIE	3.1
	DIE VOKALIESE KONSONANTFONEME	3.2-3.5
	<u>Die Semivokale /j/ en /w/</u>	3.2
	/h/	3.3
	/r/	3.4
	/l/	3.5

DIE KONSONANTFONEME	3.6-3.15
/f/	3.6
/s/	3.7
/ʌ/	3.8
/x/	3.9
/b/	3.10
/p/	3.11
/t/	3.12
/k/	3.13
/q/	3.14
<u>Stembandploffer</u>	3.15
DIE NASAALFONEME	3.16-3.19
/m/	3.16
/n/	3.17
/ŋ/	3.18
AANTEKENINGE	3.19
IV <u>FONEEMGROEPE</u>	4.1-4.43
SAAMGESTELDE FONEME	4.1
GESNEDENHEID VAN FONEEMVERBINDINGS IN SOTHO	4.2-4.8
<u>Binding van Fone</u>	4.2
<u>Ontleding van Gesnedenheid</u>	4.3
<u>Labiale Verbindings</u>	4.4
<u>Palatale en Alveolêre Verbindings</u>	4.5
<u>Laterale en Velêre Verbindings</u>	4.6
<u>Geaspireerde Verbindings</u>	4.7
<u>Gebondenheid van Foneemgroepe</u>	4.8
INDELING EN BESKRYWING VAN ONVOLLEDIG- GESNEDE FONEEMGROEPE	4.9-4.17
<u>Indeling Volgens Aanvangsegment</u>	4.9
<u>Affrikate</u>	4.10

<u>Frikatiewe Foneemgroepe</u>	4.11
<u>Eksplosiewe Foneemgroepe</u>	4.12
<u>Indeling Volgens Slotsegment</u>	4.13
<u>Labiale Foneemgroepe</u>	4.14
<u>Palatale Foneemgroepe</u>	4.15
<u>Alveolêre Foneemgroepe</u>	4.16
<u>Laterale Foneemgroep</u>	4.17
<u>Geaspireerde Foneemgroepe</u>	4.18
BESKRYWING VAN ONVOLLEDIG-GESNEDE FONEEMGROEPE	4.19
<u>Palatale Groepe</u>	
/nj/	4.20
/lj/	4.21
/bj/	4.22
/sj/	4.23
/xj/	4.24
/fsj/	4.25
/psj/	4.26
/tsj/	4.27
<u>Alveolêre Groepe</u>	
/fs/	4.28
/ps/	4.29
/ts/	4.30
/qn/	4.31
<u>Laterale Groep</u>	
/t ^l /	4.32
<u>Geaspireerde Groepe</u>	
/qh/	4.33
/kh/	4.34
/kxh/	4.35
/ph/	4.36
/psh/	4.37

	/psjh/	4.38
	/th/	4.39
	/tsh/	4.40
	/tsjh/	4.41
	/tlh/	4.42
	AANTEKENINGE	4.43
V	<u>MORFOFONEMIESE KORRELASIES</u>	5.1-5.19
	BEGRI PSVERHELDING	5.1
	LABIALISASIE, VELARISASIE, PALATALISASIE EN ALVEOLARISASIE	5.2
	<u>Labialisasie en Velarisasie</u>	5.3
	<u>Palatalisasie en Alveolarisasie</u>	5.4
	FONOLOGIESE RELEVANSIE VAN KORRELASIES	5.5
	<u>Korrelasies Konkomitant met die Passiefmorfeem -w-</u>	5.6
	<u>Afleiding</u>	5.7
	<u>Korrelasies Konkomitant met die Diminutiefmorfeem -ana</u>	5.8
	<u>Afleiding</u>	5.9
	<u>Korrelasies met die Zero Kousatief- morfeem</u>	5.10
	<u>Afleiding</u>	5.11
	<u>Korrelasies met die Perfektummorfeme</u>	5.12
	<u>Afleiding</u>	5.13
	<u>Korrelasies by die Nominale Klas- morfeem le-</u>	5.14
	<u>Afleiding</u>	5.15
	<u>Korrelasies by die Nominale Klas- morfeme (a) <u>me-</u> en (b) <u>bo-</u>, (c) die Persoonlike Deverbatief- morfeem <u>-i</u> en (d) die Onpersoon- like Deverbatiefmorfeem <u>-ô</u></u>	5.16
	PLOSIVERING	5.17
	GEVOLGTREKKINGS	5.18
	AANTEKENINGE	5.19

VI	<u>DENSITEIT VAN DIE FONIESE VERBINDINGE</u>	6.1-6.2
	OMVANG. TABEL VII	6.1
	GEVOLGTREKKING	6.2
VII	<u>FONEMIESE KLASSIFIKASIE EN 'N PRAKTIESE ORTOGRAFIE</u>	7.1-7.6
	VERSPREIDING	7.1
	VERSPREIDING IN AL DRIE TALE VAN DIE GROEP	7.2
	VERSPREIDING IN TWEE TALE VAN DIE GROEP	7.3
	VERSPREIDING IN SLEGS EEN TAAL VAN DIE GROEP	7.4
	KENSKETSING VAN DIE VERSPREIDING	7.5
	'N PRAKTIESE ORTOGRAFIE	7.6
VIII	<u>SLOTBESKOUINGE</u>	8.1-8.15
	DIE KONVENSIONELE TEENoor DIE FONEMIESE	8.1
	FONETIEK	8.2
	FONOLOGIE	8.3
	<u>Plosivering</u>	8.4
	<u>Palatalisasie en Alveolarisasie</u>	8.5
	<u>Velarisasie</u>	8.6
	<u>Assimilasie</u>	8.7
	<u>Dissimilasie</u>	8.8
	<u>Samesmelting</u>	8.9
	<u>Elisie</u>	8.10
	<u>Konsonantalisasie</u>	8.11
	<u>Fonemiese Toepaslikheid</u>	8.12
	GEVOLGTREKKING	8.13
	ORTOGRAFIESE VOORSTELLING	8.14
	AANTEKENINGE	8.15

HOOFSTUK I

OOR DOELSTELLINGE, FONOLOGIESE METODEDES EN PROBLEME BY STRUKTURELE ONTLEDING

1.1 DOELSTELLING

Die fonologiese struktuur van die Sothotaalgroep, naamlik Suid-Sotho, Noord-Sotho en Tswana, word ontleed aan die hand van drie sprekers van dié tale wat as proefpersone dien, naamlik: mnr. A.T. Malepe vir Tswana, P.C. Mokgokong vir Noord-Sotho en V.S. Manaka vir Suid-Sotho. Al drie proefpersone is in die personeel van die departement Bantoetale van die Universiteit van Suid-Afrika. Mnr. Malepe is Senior Taalassistent en mnr. Mokgokong en Manaka is Taalassistentente.

'n Ontleding van die fonemiese struktuur van die Sothotaalgroep as geheel word gedoen. Dat die taalgroep 'n eenheid vorm, blyk daaruit dat sprekers van die verskillende tale van die groep mekaar met gemak verstaan. Daar is enkele foneme wat nie vir al die tale van die groep bestaan nie, bv. /q/ in Suid-Sotho. Maar so 'n foneem bestaan egter as 'n gemeenskaplike foneem in die taalgroep. Fonetiese kenmerke verskil soms in dieselfde foneem vir die verskillende tale. Ejeksie kan bv. aanwesig of afwesig wees. Die foneem /b/ kan bv. eksplosief of frikatief wees (vgl. par. 3,10). Maar by ontleding van die onderskeidende kenmerke van die foneme blyk dat hierdie eienskappe nie fonologies relevant is nie, d.w.s. hulle het nie 'n betekenisonderskeidende funksie nie.

Bepaling van die gemeenskaplike foneme vir die taalgroep as geheel word as aanvangsdoelstelling gestel. As 'n foon in een van die tale van die groep, naamlik in

Noord-Sotho /...

Noord-Sotho, Suid-Sotho of Tswana, betekenisonderskeidend verwisselbaar is, word die foon (met sy variante) as realisering van 'n foneem in die taalgroep aanvaar.

Die gebruik van die tale soos dit aan elkeen van bo-genoemde drie sprekers bekend is, word as uitgangspunt geneem. Dialektiese variasies word soms in oënskou geneem as dit lig werp op bepaalde taalverskynsels, maar die taal soos dit aan elkeen van die drie proefpersone bekend is as norm, dien as basis vir ondersoek.

Eers is die morfofonemiese struktuur van elke taal ontleed deur die enkelfoneme van elke taal te isoleer. Daarna is die verbinding van foneme in elke taalgroep ondersoek om die fonemiese struktuur te bepaal en vas te stel watter foneme foneemgroepe, die sillabespits en uiteindelik die morfeme van die taal kan vorm. Om 'n volledige beeld van die fonemiese struktuur te kry, word ook 'n steekproef gedoen in die densiteit van fonemiese verbindings.

As einddoelstelling word die basiese foneme van elke taal in die groep vergelyk en geklassifiseer. Dan word gepoog om die foneme wat gemeenskaplik vir die hele taalgroep, wat gemeenskaplik is vir slegs twee tale van die groep, en wat funksionierend is in slegs 'n enkele taal in die groep, te bepaal.

Tenslotte word 'n skryfwyse aan die hand gedoen waarvolgens die foneme in die taalgroep ortografies voorgestel kan word. Die ortografie berus op die beginsel van gelyke voorstelling van gelyke foneme in elke taal van die groep.

1.2 SKRYFWYSE

Die volgende afkortings word in die teks gebruik:

B / ..

- B vir Oerbantoe;
S vir Sothotale, en het betrekking op al drie skryftale in die groep;
NS vir Noord-Sotho;
SS vir Suid-Sotho en
Tsw vir Tswana.

Waar nie spesifiek gemeld word op watter taal dit betrekking het nie, het die illustrerende voorbeeld betrekking op al drie tale in die groep, al kom die besondere woord, wat as voorbeeld gebruik word, nie noodwendig in al drie tale voor nie.

Fonemiese voorstellings verskyn in die teks tussen skuins balkies en fonetiese voorstellings tussen vierkantige hakies. Foneme wat nie gemeenskaplik is nie en slegs in een of twee tale van die groep voorkom, het alleenlik betrekking op die taal waarin hulle gerealiseer word. In die fonemiese teks word elke foneem met 'n enkele teken voorgestel. Voorstelling deur meer as een konsonantletterteken wat mekaar volg, verwys na swak- of ongesnede foneemgroepe (vgl. par. 4.2). Konsonantfone word in die taalgroep normaalweg van mekaar geskei deur 'n vokaal en die sillabestruktuur van 'n konsonant gevolg deur 'n vokaal, KV, is reël. Skynbare uitsonderings is die sillabiese nasale, sillabiese l en sillabiese r. Hier ageer die sillabiese eienskap, wat ook toondraend is, egter as latente vokaal. Ortografies word sillabiese eienskappe egter nie aangedui nie, maar geen verwarring is moontlik nie, omdat in alle gevalle waar 'n konsonant volg op 'n nasaal, r of l besit hierdie fone sillabiese eienskappe. Tenspyte van hulle sillabiese eienskappe word hier nie 'n aparte reeks foneme gerealiseer nie, maar slegs 'n reeks variante van die onsillabiese reeks foneme. Bewys hiervan is dat die sillabiese foon nooit in betekenisonderskeidende opposisie /...

opposisie tot die onsillabiese foon kan staan nie.

Gelabialiseerde fone word in praktiese en fonetiese noteringe met 'n volgende w ná 'n konsonantteken aangedui. Fonemies is die labiale segment 'n realisering van die foneem w. (Kyk par. 3.2).

Geaspireerde fone word met 'n volgende h ná 'n konsonant aangedui. Fonemies is die aspirasiesegment 'n realisering van die foneem h (kyk par. 4.18).

Soos deur die I.P.A. aan die hand gedoen, word vernouing van vokale foneties met die diakritiese teken . (onder 'n simbool) aangedui, bv. [ẹ].¹⁾ Op 'n vokaalkaart aangedui sal die vernoude vokale fonies nader aan die meer geslote vokaalfoneem lê as aan die minder geslote vokaalfoneem waarvan dit 'n variant vorm. Die simbole wat deur Cole²⁾ gebruik word gee 'n juister voorstelling van die vokale se foniese waarde, maar is ongelukkig nog nie deur die I.P.A. erken nie. Aan sommige van sy simbole word deur die I.P.A.³⁾ 'n ander foniese waarde geheg, bv. [ụ]. Waar 'n fonemiese of fonetiese voorstelling nie noodsaaklik is vir duidelikheid nie, word van 'n praktiese skryfwyse in die teks gebruik gemaak. Hierdie skryfwyse is gebaseer op die gemeenskaplike ortografie wat aan die hand gedoen word. Dit is aangepas by die huidige amptelike ortografie vir Noord-Sotho, Tswana en Suid-Sotho.⁴⁾ Daar word slegs geringe wysigings aangebring in die amptelike Suid-Sotho ortografie om dit in ooreenstemming te bring met die Noord-Sotho en Tswana ortografie, teneinde 'n eenvormige voorstelling te bied.

In tabel I word die lettertekens vir die gemeenskaplike ortografie aangedui, asook die ooreenstemmende voorstellings in die amptelike Noord-Sotho, Tswana en Suid-Sotho ortografieë. Dialektiese en spellingvariasies word tussen hakies aangedui.

Tabel I /...

TABEL I

Huidige Praktiese Ortografie			Gemeenskaplike
Noord-Sotho	Tswana	Suid-Sotho	Ortografie
i	i	i	i
e	e	e	e
ê	ê	ê	ê
a	a	a	a
o	o	o	o
ô	ô	ô	ô
u	u	u	u
w	w	w	w
y	y	y	y
p	p	p	p
t	t	t	t
k	k	k	k
-	-	q	q
ph	ph	ph	ph
th	th	th	th
kh	kh	kh	kh
-	-	qh	qh
f	f	f	f
s	s	s	s
š	š	sh	š
g	g	g	g
h	h	h	h
hl	-	hl	hl
fs, (f, sw)	fs	(f)	fs, (f, sw)
fš (šw)	fš	fj	fš
tl	tl	tl	tl
ts	ts	ts	ts
tš	tš	tš	tš
ps	(ps)	-	ps
pš (py)	pš (py)	pj	pš (py)
kg	kg	kg	kg
tlh	tlh	tlh	tlh
tsh	tsh	tsh	tsh
psh	psh	-	psh
pšh	pšh	pjh	pšh
tšh	tšh	tjh	tšh
m	m	m	m
n	n	n	n
ny (n)	ny (n)	ny (n)	ny (n)
ng (n)	ng (n)	ng (n)	ng (n)
-	-	nq	nq
b	b	b	b
d	d	d	d
j, (bj, jw)	j, (bj)	j, (bj)	j, (bj, jw)
l	l	l	l
r	r	r	r

In tabel II word die artikulasie van die verskillende konsonantfone wat meesal in die taalgroep voorkom, foneties aangedui.

TABEL II: KONSONANTFONE

S. Suid-Sotho

N. Noord-Sotho

T. Tswana

* Dialektiese alternatief vir d₃.

WYSE WAAROP LUGSTROOM GEREGULEER WORD				PLEK VAN ARTIKULASIE																																
				(bi-)labiaal			denti-labiaal			labio-alveolêr			labio-palataal			alveolêr			alveo-palataal			palataal			velêr			pre-velêr			glottaal					
OOMBLIKSKONSONANTE	EKSPLOSIEWE	Mediaal	ejektief geaspireer stemhebbend	S	N	T	S	N	T	S	N	T	S	N	T	S	N	T	S	N	T	S	N	T	S	N	T	S	N	T	S	N	T	S	N	T
								p'	p'	p'	ph	ph	ph	b						t'	t'	t'	th	th	th	d						k'	k'	k'	kh	kh
		Lateraal	ejektief geaspireer													tl'	tl'	tl'	tlh	tlh	tlh															
DUURKONSONANTE	FRIKATIEF	Mediaal	radikaal stemhebbend	Φ	Φ	f				ɸs			fʃ	Φʃ		s	s	s	ʃ	ʃ	ʃ							x	x		h			h		
		Lateraal	radikaal													ɬ	ɬ																			
	GEROLDE VIBRANT	Mediaal	stemhebbend													r	r	r																		
	GEFLAPTE VIBRANT	Mediaal	stemhebbend														l	l																		
	NIE- FRIKATIEF	Lateraal	stemhebbend													l	l	l																		
	SEMI- VOKAAL	Nasaal	stemhebbend	m	m	m										n	n	n							ɲ	ɲ	ɲ	ŋ	ŋ	ŋ						
			Mediaal	stemhebbend	w	w	w																			j	j	j								
SAAMGE- STELDE KONSON- NANTE	AFFRIKA- TIEF	Mediaal	ejektief geaspireer stemhebbend							ps'			pʃ'	pʃ'		ts'	ts'	ts'	tʃ'	tʃ'	tʃ'							kxh	kxh	kxh						

1.3 DIE BEGRIP : FONEEM

Die begrip foneem bly in 'n mate tentatief, maar juis omdat dit tentatief is, word geleentheid geskep vir uiteenlopende, maar tog belangrike bydraes van taalfeite en teoretiese materiaal. Daar bestaan verskillende gedagtestrominge oor wat die begrip presies omsluit of behoort te omsluit, waarvan die grondlêers waarskynlik Trubetzkoy en sy volgelinge, Bloomfield met o.a. Bloch as volgeling, en Jones is. Trubetzkoy neem die distink-tiewe of betekenisonderskeidende funksie as uitgangspunt vir foneemstudie, terwyl die Bloomfield-groep dit as taak stel om die funksie van klanke in verskillende posisies en kombinasies te ondersoek, maar die betekenis van klank-groepe moet slegs dien om vas te stel of daar met verskil-lende uitdrukkinge te doen is of nie. Want, sê Bloom-field⁵⁾: „some utterances are alike in form and meaning.”

Identiese foneme het dus fonetiese gelykheid ook as voorwaarde. Van Wijk⁷⁾ se beskouinge sluit meer aan by die Trubetzkoy-groep, terwyl Jones¹⁴⁾, hoewel eintlik nie 'n volgeling van een van die twee groepe nie, tog ook nes die tweede groep groot waarde heg aan die fonetiese gelykheid van foneme.

De Saussure,⁶⁾ hoewel hy nie die begrip foneem as sodanig duidelik omskrywe nie, word beskou as die grond-lêer van die Fonologie. Hy beskou „Langue”, of taal, as 'n uitdrukkingsmiddel om die gemeenskap te dien. Hierop verbeter Van Wijk⁷⁾ deur taal nie soseer as 'n sisteem van uitdrukkingsmiddele te beskou nie, maar wel van: „psychische eenheden, waarvan elk haar eigen plaats in het systeem heeft en dus in een zekere tegenstelling tot andere staat, en die correlatief verbonden zijn met die uitdrukkings-middelen, welke het onderling begripen van de leden der taalgemeenschap/...

taalgemeenskap mogelijk maken." Van die taalsisteen
beweer Van Wijk⁷⁾ verder: „is het phonologisch klank-
sisteen een onderdeel, en zulk een klanksisteen bestaan
uit zgn. phonemen." Aansluitend hierby is Trubetzkoy⁸⁾
se begrip van 'n foneem, nl.: „somit ist das Phonem
die kleinste phonologische Einheit der gegebenen Sprache",
of meer kernagtig deur Bloomfield⁹⁾ uitgedruk: „the
smallest unit which makes a difference in meaning."

Gelykheid van 'n klank berus nie op gelykheid van uit-
spraak nie, maar op die gelykheid van voorstelling wat
daarmee saamhang, d.w.s. 'n foneem.

Definiëring van 'n foneem word bemoeilik wanneer dit
ook 'n antwoord moet gee op vrae soos: is een of twee
foneme in 'n klank opgesluit? is die klanke in vreemde
woorde foneme? wat is die juiste omlýning van die begrip,
aangesien alle foneme nie gelykwaardig is nie. Ook moet
rekening gehou word met verskille in toonhoogte wat foneme
kan realiseer, bv. NS pélà 'das', pèlà 'klavier', (vgl.
par. 1.29). Die begrip „foneem" word ook in 'n mate 'n
relatiewe begrip, wanneer twee foneme saam 'n argifoneem
vorm, in die betekenis wat Martinet¹⁰⁾ onder die begrip
argifoneem verstaan, nl. 'n fonologiese eenheid wat karak-
teristieke kenmerke besit eie aan meer as een foneem.

Twaddell¹¹⁾ wys tereg daarop dat volgens die verskil
in begrip wat verskillende taalkundiges daarop nahou oor
die foneem, tweërlei definisies onderskei kan word, naam-
lik diegene wat die foneem as 'n „mental or psychological
reality" en diegene wat die foneem as 'n „physical reality"
beskou. Onder laasgenoemde groep ressorteer L. Bloomfield
en D. Jones en onder eersgenoemde Trubetzkoy en Jakobson.
Van Wijk beskou die definisie van Swadesh¹²⁾ as een van die
beste, nl. „The Phoneme is the smallest potential unit of
difference /...

138

difference between similar words recognizable as different to the native." In teenstelling met Twaddell beskou Van Wijk Swaddesh se beskouing meer as vallende onder die eerste groep. Die begrip foneem word deur Van Wijk kernagtig definieer as: „Phonemen zijn de kleinere elementen ener taal, die door de leden der taalgemeenschap als niet verder deelbaar worden gevoeld.“¹³⁾

Dit is nodig om uit die verskillende strominge van fonologiese benaderings 'n geskikte benaderingswyse te kies waarvolgens die besondere en buitengewone strukturele samestelling van die Sotho-foneme ontleed, geklassifiseer en beskrywe kan word. Veral twee uitgangspunte, wat in sekere mate teenstrydig met mekaar is, verdien besondere oorweging. Allereers verdien die uitgangspunt waarvolgens 'n mate van fonetiese gelykheid van klanke as grondvoorwaarde gestel word, oorweging. So 'n uitgangspunt sal die klassifisering van posisionele variante wat deur ander omliggende klanke gekondisioneer word, vergemaklik. Hierdie benaderingswyse word veral deur Jones voorgestaan. Hy stel dit as volg: „many of the elements of language termed "sounds" or "essential sounds" are in reality small families of sounds, each family consisting of an important sound of the language together with other related sounds, which, so to speak 'represent' it in particular sequences or under particular conditions of length or stress or intonation. It is to such a family that the term phoneme is applied.“¹⁴⁾ As egter van hierdie uitgangspunt uitgegaan word, ontstaan die vraag soos deur Pike gestel: „Just how much similar must the sub-members be to be similar enough? We do not know.“¹⁵⁾ Dit is beslis 'n swakheid in hierdie metode dat dit by grensgevalle moeilik is om te bepaal of die mate van fonetiese gelykheid /...

gelykheid tussen twee fone voldoende is vir realisering van dieselfde foneem. Dit is bv. twyfelagtig of daar voldoende fonetiese gelykheid bestaan tussen die Suid-Sotho fone: [d] soos in modimo 'god', naamlik 'n stemhebbende alveolêre eksplosief, en [l] soos in molamo 'kierie', 'n stemhebbende alveolêre laterale wrywinglose kontinuant. Tog word hulle posisioneel gekondisioneer (kyk par.3.5).

Fonetiese ooreenstemming is 'n belangrike eienskap om posisionele variasies te laat vermoed, maar geld nie as 'n absolute voorvereiste vir posisionele kondisionering nie.

Tweedens is die funksionele metode oorweeg waarvolgens foneme isoleer word op grond van hul betekenisonderskeidende funksie. Foneme word onderskei volgens hul verhouding tot ander foneme in die taal. Hierdie verhouding word bepaal deur die betekenisopposisies waarin foneme tot mekaar staan, te ontleed. Deur toepassing van die kommunitasietoets word die betekenisonderskeidende funksie van klanke vasgestel, en dit dien as basis vir die isolering van foneme. Hierdie metode lewer nie die probleme wat by die eerste metode ondervind is nie, en word as die geskikste beskou vir die besondere strukturele samestelling van Sotho. Die basiese uitgangspunte van hierdie metode word in par. 1.4., 1.5 en 1.8 hieronder bespreek.

1.4 DIE FONEEM AS MINIMALE EENHEID

Om die fonemiese struktuur van die Sothotale funksioneel te beskrywe, word die foneem beskou as die minimale selfstandige foniese eenheid, wat as dit deur 'n ander minimale selfstandige eenheid vervang word, 'n verskil in betekenis tot gevolg het. Daar is in die voorgaande paragrawe verwys na die noodsaaklikheid van betekenisonderskeiding /...

skeiding om 'n foneem se outonomie te bewys. Dit word verder in paragraaf 1.8 beklemtoon.

Maar dit is ewe belangrik om vas te stel wat die minimale of kleinste selfstandige foniese eenheid is wat 'n foneem realiseer. Omdat die bepaling van so 'n minimale eenheid relatief is, laat dit ruimte vir heelwat meningsverskil. Minimale eenhede kan in breëre of in engere sin vertolk word. In die breëre sin kan $[\beta_3]$ as 'n enkele foneem vertolk word, omdat dit 'n foniese eenheid vorm. In engere sin is die eenheid deelbaar in twee eenhede,, identifiseerbaar met $[\beta]$ en $[3]$. wat gelyktydig en met ingekorte duur artikuleer word. Deelbaarheid of ondeelbaarheid van die eenheid, sal afhang van besondere kenmerke en neigings in die struktuur van die taal. In par. 4.1 vlgg. word redes aangegee vir die besondere kenmerke en neigings in die struktuur van Sotho wat die deelbaarheid van sommige foniese eenhede in minimale fonologiese eenhede regverdig. Hierdie foniese eenhede bestaan ook op die fonemiese vlak. Hulle vorm dus die kernfoneemgroepe van die taal.

1.5 DIE FONEME IN FONOLOGIESE OPPOSISIES

By die funksionele metode is fonologiese opposisies noodsaaklik vir die isolering van foneme. Hierdeur kan die kentekens bepaal word waardeur een woord gekenmerk word in teenstelling tot ander woorde. So word S rata 'bemin' onderskei van ruta 'leer', en die teenstelling word in die taal aangedui deur die klankverskil a : u. Net so bestaan daar ook opposisies tussen NS lêma 'weglê horings hê' en rêma 'kap', rêka 'koop' en sêka 'skoon wees'. Die noodsaaklike eienskap van 'n foneem bestaan daarin dat dit eerstens nie in kleiner fonologiese eenhede opgebreek kan word /...

word nie, en tweedens dat dit in opposisie staan tot ander foneme. Daar kan ook 'n opposisie bestaan tussen 'n foneem en zero, bv. SS bata 'koud wees' : ata 'vermeerder'.

Fonologiese opposisies is in die taalgroep nie gelykwaardig en gelyksoortig nie. Daar word verskillende reekse van korrelatiewe foneme gevind, met 'n teenhangerreeks van disjunktiewe foneme wat negatief staan teenoor die korrelasiereeks. Die belangrikste twee korrelasiereekse wat in die taalgroep gevind word, is die reeks betekenisonderskeidende foneemkenmerke (vgl. par. 1.11 - 1.23) en die morfofonemiese korrelasiereeks (vgl. par. 5.1 - 5.18).

In die betekenisonderskeidende foneemkenmerkereeks word die graad van korrelasie bepaal deur die aantal onderskeidende kenmerke waardeur die opposisie gerealiseer word. In Suid-Sotho word die opposisie /p : b/ soos in pata 'wegsteek' : bata 'slaan' gerealiseer deur die opposisie stemhebbend : stemloos. Hier bestaan 'n enkelvoudige korrelasiereeks deur die onderskeidende foneemkenmerk stemhebbend : stemloos. Die opposisie /t : r/ soos in tapa 'moeg word' : rapa 'oproep' word egter deur 'n meervoudige reeks foneemkenmerke onderskei, sodat hier 'n disjunktiewe korrelasiereeks bestaan.

By die morfofonemiese korrelasies word ook twee reekse gevind: 'n reeks wat morfofonemies korrelatief staan, en 'n reeks wat morfofonemies disjunktief staan (vgl. par 5.1 - 5.18).

Weens foneemutilisasie van 'n taal gebeur dit dikwels dat foneme nie in direkte opposisie teenoor mekaar te staan kom nie. As gevolg van die sillabestruktuur van die Sothotaalgroep wat deur die foniese verbinding, konsonant gevolg deur 'n vokaal, gemanifesteer word, is fonologiese /...

giese opposisies tussen 'n konsonant- en 'n vokaalfoneem beperk en bestaan dit dikwels nie. Martinet het hierdie algemeen-linguistiese probleem ondersoek en tot die gevolgtrekking gekom dat sulke fonee bo alle twyfel aparte foneme is omdat: „their relevant features are different“,¹⁶⁾ en hulle „have hardly any phonological traits in common.“¹⁷⁾

Om die foneme van Sotho te bepaal, word die wisseltoets op sekere kernwoorde toegepas. By die vokaalfoneme word woorde gevind waar die betrokke foneem onderskeidelik in drie verskillende posisies met ander foneme kan wissel en 'n betekenisverandering tot gevolg het, nl.: in aanvangs-, mediale en slotposisie. Konsonantfoneme word nooit in slotposisie gevind nie, maar slegs in aanvangs- en mediale posisie.

Weens omslagtigheid en gebrek aan eenvoud is Trubetzkoy se ontleding van foneemopposisies op grond van artikulatoriese kenmerke ook nie heeltemal aanvaarbaar nie. Na gelang van die verwantskap tussen kontrasterende eenhede verdeel hy opposisies in drie soorte: privatiewe opposisies „bei denen das eine Oppositionsglied durch das Vorhandensein, das andere durch das Nichtvorhandensein eines Merkmales gekennzeichnet sind“,¹⁸⁾ d.w.s. wanneer 'n kenmerkende foneemeienskap soos stemhebbend, genasaleer, gerond, aanwesig of afwesig is; graduele opposisies „sind solche“, deren Glieder durch verschiedene Grade oder Abstufungen derselben Eigenschaft gekennzeichnet sind,¹⁸⁾ d.w.s. 'n verskil in graad van die kenmerkende eienskappe, soos vokale se graad van geslotenheid of verskil in toonhoogtes; ekwipolente opposisies „sind solche deren beide Glieder logisch gleichberechtigt sind,¹⁸⁾ d.w.s. een kenmerkende eienskap teenoor verskillende eienskappe met ander artikulasiepunte, soos f teenoor k. Hy heg veral groot waarde aan die

privatiewe /...

privatiewe opposisies om geneutraliseerde foneemopposisies te verklaar.

Hoewel die akoestiese beskrywing van Jakobson eenvoudiger is, is dit ongelukkig, soos in par. 1.11 bespreek, ook nie aanvaarbaar nie. In hierdie ondersoek word die funksie van onderskeidende kenmerke van foneme as uitgangspunt geneem. Dit vereenvoudig die opposisiemoontlikhede en bring mee dat alle foneemopposisies volgens Trubetzkoy se beskouing „privatief” of deels privatief is. As die taalsisteem 'n verskil in geslotenheid van vokale as onderskeidende foneemkenmerke besit, het dit in wese dieselfde strukturele waarde as 'n opposisie tussen stemlose teenoor stemhebbende, of eksplosiewe teenoor frikatiwe spraakklanke. Met die funksionele aard van foneme as uitgangspunt kan 'n eenvoudiger en noukeuriger ontleding gedoen word.

Vergelyk par. 4.1 - 4.14 vir die funksionele benadering om te onderskei tussen enkelfoneme en foneemgroepe.

Die uitgangspunt wat gevolg word om die foneme in die taalgroep te isoleer, is dat die foneem die kleinste of minimale foniese eenheid is met distinktiwe funksie. Deur al die minimale foniese eenhede met ander minimale foniese eenhede te kontrasteer is gevind dat die volgende enkelvoudige foneme in die taalgroep as geheel fungeer: /i/, /u/, /o/, /e/, /ɛ/, /ɔ/, /a/, /b/, /p/, /t/, /k/, /f/, /x/, /s/, /ʒ/, /m/, /n/, /ŋ/, /l/, /r/, /w/, /j/, /h/, /q/.

Hierdie minimale foniese eenhede met distinktiwe funksie wat bogenoemde foneme realiseer, word in al drie tale van die groep gevind, met uitsondering van /ʒ/ wat nie in Tswana voorkom nie, en /q/ wat net in Suid-Sotho voorkom.

Saangestelde /...

Saamgestelde foniese eenhede, d.w.s. eenhede wat fonologies nie as enkelvoudig vertolk kan word nie, vorm die foneemgroepe. Hierdie foneemgroepe word gekenmerk deur graduele verskille in hul gesnedenheid. Vgl. par. 4.1 vlg.

1.6 SINCHRONIESE EN DIACHRONIESE BESKRYWING

De Saussure het beswaar gemaak teen die historiese linguistiek wat dikwels ten koste van die beskrywende linguistiek beoefen is. Hy wou 'n besondere vertakking van die linguistiek in die lewe roep, wat die sisteem van taaltokens soos dit op 'n gegewe oomblik in 'n bepaalde taal bestaan, beskrywe. Hy het verder 'n skerp skeiding tussen die sinchroniese en diachroniese benadering voorgestaan. Die strukturele linguistiek maak egter van verskillende hulpwetenskappe gebruik om sy taak moontlik te maak: o.a. van die Fonetiek, Psigologie en Fisiologie. A. Sechehaye,¹⁹⁾ 'n navolger van De Saussure, staan selfs 'n verdere vertakking van die linguistiek voor wat met die konkrete aspek van spraak te doen sal hê en wat hy „parole organisêe" noem.

Aanvanklik was dit waarskynlik noodsaaklik om die sinchroniese benadering sterk te stel teenoor die tradisionele historiese metode, teneinde die skepping van so 'n vertakking van die taalwetenskap te regverdig. Vandag word sy bestaan egter erken en aanvaar, sodat daar ook met nut gebruik gemaak kan word van diachroniese materiaal. Waar dit die taak van die sinchroniese linguistiek is om 'n taal, soos dit op 'n gegewe oomblik gespreek word, te ontleed en te beskrywe, kan sekere afwykinge van die normale taalvorme gevind word. Sulke afwykings is dikwels verklaarbaar deur gebruik /...

gebruik te maak van 'n regressiewe of diachroniese studie-
wyse van die taalgeskiedenis.

Hoewel die metode wat hier gevolg word, hoofsaaklik
synchronies vergelykend van aard is, word ook van diachro-
niese materiaal en gegewens gebruik gemaak, waar dit help
om synchroniese verskynsels te ontleed en te verklaar.
Daar bestaan trouens geen rede waarom diachroniese materiaal
geweer moet word by 'n ondersoek van 'n taal se fonemiese
struktuur nie. Tereg beweer Serech: „In the form of
phonema errans, we can see a continuous intrusion of
diachrony into synchrony”.²⁰⁾ Waar na Oerbantoevorme van
Meinhof en Bourquin verwys word, is dit waardevolle verge-
lykende diachroniese materiaal. Hierdie vorme word egter
nie as plaasvervangers vir 'n oertaal aanvaar, waaruit alle
Bantoetale sou ontstaan het nie. In werklikheid is Oer-
bantoe die diachroniese toepassing van synchronies-vergely-
kende gegewens uit verskillende Bantoetale.

1.7 LEENWOORDE

Daar word in die taalgroep onderskei tussen twee soorte
leenwoorde. Die eerste groep leenwoorde word heelhuids
oorgeneem van 'n vreemde taal met betrekking tot vorm en
inhoud. Die tweede groep leenwoorde word net oorgeneem
met betrekking tot die inhoud, terwyl die vorm aangepas word
by die fonologiese struktuur van die taal. Eersgenoemde
groep woorde pas nie in die struktuur van Sotho nie, en be-
hou die strukturele samestelling van die taal waaruit dit
oorgeneem is. Die foneme en die fonemiese struktuur van
so 'n wóord kan geheel of gedeeltelik realiseringe wees van
die taalsisteem waaruit dit oorgeneem is. Die fonemiese
struktuur van to-morrow in: ke tla ba bona to-morrow 'ek sal
hulle /...

hulle m^ore sien', is die woord to-morrow in sy geheel uit Engels ontleen, en sy fonemiese samestelling moet ontleed word volgens die fonemiese struktuur van Engels. Sulke woorde het geen verband met die taalstruktuur van Sotho nie. en word buite rekening gelaat.

Woorde soos S danêmaête 'dinamiet', SS goromêntê 'goewerment' het die foneme /d/ in die Sothotale en /x/ in Suid-Sotho uit Afrikaans oorgeneem, terwyl die res van die foneme in die woord aangepas is by die fonemiese struktuur van die woord. Vir sprekers wat hierdie foneme heelhuids uit Afrikaans oorneem, behou hulle die fonemiese waarde van Afrikaans. Dit word bewys deurdat Sotho-sprekers, wat nie met die fonemiese struktuur van Afrikaans vertrou is nie, hierdie foneme vervang deur die bekende foneme /t/ en /h/ van sy eie taal.

Die fonemiese struktuur van die tweede groep woorde word volledig aangepas by die fonemiese struktuur van Sotho, bv. SS haborê 'hawer'. Die foneme van sulke woorde is outonome Sotho-foneme wat tenvolte in die taalsisteem geïntegreer is.

1.8 BETEKENIS EN DIE WOORD

By die ontleding van 'n taal se fonemiese struktuur moet taal nie net as 'n fisiese manifestasie van spraakklanke of die geskrewe woord beskou word nie, maar dit moet gesien word as elemente wat in 'n sisteem fungeer waardeur mense in staat gestel word om met mekaar te kommunikeer. In hierdie kommunikasie is die woord en sy betekenis van basiese belang. Om te bepaal wat die funksionele spraakklanke, naamlik die foneme, van 'n taal is, moet vasgestel word wat hul betekenisonderskeidende funksie in die woord is.

Hoewel /...

Hoewel die woord en sy betekenis in 'n taal van primêre belang is, bestaan daar by taalkundiges groot meningsverskil oor die wese, betekenis en aktualisering daarvan in die struktuur en sisteem van 'n taal. Dit val nie binne die bestek van hierdie ondersoek om 'n antwoord te vind vir al die meningsverskille nie. Maar omdat die betekenisonderskeidende funksie van 'n foon in 'n woord as uitgangspunt geneem word, is dit nodig om stelling in te neem oor wat as woord in die Sotho-taalgroep beskou word en wat die funksie van die woord is.

1.9 Betekenis

Die groot beswaar wat deur linguïste geopper word teen gebruikmaking van die betekenis van 'n woord of taaluiting by linguïstiese ontledings, is dat linguïstiese vorme nie 'n konstante en 'n spesifieke betekenis het nie. Dit word dan betwyfel of van sulke wisselende en vloeibare materiaal gebruik gemaak kan word om die sisteem van 'n taal te beskrywe. Tenspyte van pogings om die sisteem van tale as bestaande uit abstrakte leë eenhede te probeer beskrywe (vgl. bv. Hjelmslev en sy volgelinge), moet egter telkens tot die gevolgtrekking gekom word dat die sisteem van 'n taal uit doelgerigte aktiwiteite bestaan. Hierdie aktiwiteite is onafskeibaar verbonde aan die betekenisinhoud daarvan. Dit laat Whatmough²¹⁾ tot die gevolgtrekking kom: „Hence meaning may be regarded as activity or expression directed to a goal.” Die meeste linguïste trag dan ook om op een of ander wyse van „betekenis” gebruik te maak. Selfs Bloomfield²²⁾ gee toe dat die „fundamental assumption of linguistics” is dat „In certain communities (speech communities) some speech-utterances are alike as to /...

to form and meaning". Harris²³⁾ wys ook daarop dat "It is possible to seek a single factor of meaning common to all the occurrences of a morpheme, so that the range of meaning can be stated in terms of a meaning element which always occurs with the morpheme, plus added variations in various environments". Pike²⁴⁾ neem ook as uitgangspunt vir sy minimale pare: "A set of two words differing the least amount possible phonetically and yet contrasting in meaning; i.e. by the substitution, addition, or subtraction of one segment".

In die metode wat by hierdie ondersoek gevolg word om die foneme van die Sothotaalgroep te isoleer en die fonemiese struktuur te beskrywe, word die betekenis van 'n woord of linguistiese vorm as uitgangspunt geneem. Die funksie van die foneem word as onafskeibaar beskou van die betekenis wat daardeur onderskei word. Die foneem word gerealiseer as die kleinste foniese eenheid wat, sodra dit deur 'n ander soortgelyke eenheid vervang word, 'n verskil in betekenis ten gevolge het. As S -gaba in betekenis kontrasteer met -hlaba, bewys dit dat g en hl realiseringe is van twee outonome foneme in die taalstruktuur. Die reaksie van die hoorder sal gekenmerk word deur die waarneming van 'n verskil in betekenis indien die foneem g deur die foneem hl in die genoemde opeenvolging van foneme vervang word. In isolasie uitgespreek sal die hoorder nie kan onderskei of met hlaba 'steek' of 'slag' bedoel word nie. Nogtans sal hy dit herken as 'n linguistiese eenheid met selfstandige betekenis. Dit vorm 'n volkome eenheid en 'n doelgerigte aktiwiteit in die taalsisteem, 'n eenheid met linguistiese betekenis. Met linguistiese betekenis word dan bedoel die totale som van semantiese variasies wat 'n woord of taaluiting met selfstandige betekenis het. 'n Studie van die totale som van semantiese variasies /...

variasies betree die terrein van 'n ander studiegebied, nl. die semantiek. 'n Studie van die semantiese betekenis van 'n woord sal verskynsels soos betekenisoordrag, historiese veranderinge, begripsvariasies en so meer omvat. Vir 'n linguistiese studie is dit voldoende om te bepaal dat 'n woord bestaan met selfstandige betekenis. In die voorbeelde wat genoem word, word gewoonlik net een betekenis van 'n woord gegee, behalwe in enkele gevalle waar betekenisvariasies doelbewus aangedui word. Slegs een betekenis van 'n taalvorm is voldoende om sy linguistiese selfstandigheid te bewys. As so 'n taalvorm se linguistiese selfstandigheid bv. gedurende 'n bepaalde tydperk deurlopend behoue gebly het, maar die betekenis wat aan die taalvorm geheg is, verwissel het, het dit linguisties as woord onafgebroke bestaan. So kan 'n taalvorm ook in die Sothotalgroep onderling verskillende betekenis hê, maar sy linguistiese betekenis bly behoue en dit het in al drie tale van die groepe selfstandige betekenis, bv. lerapô (NS been, SS riem).

1.10 Woord

Wat onder die begrip „woord“ verstaan word, is 'n aangeleentheid waarvoor verskillende taalkundiges hulle reeds uitgespreek het. Hoewel daar dikwels meningsverskille bestaan of sommige halfvry vorme as outonome woorde beskou moet word, heers daar betreklike eenstemmigheid oor die basiese uitgangspunt dat die woord die kleinste opeenvolging van foneme met selfstandige betekenis is. Reeds Sapir²⁵⁾ het dit baie duidelik gestel dat die woord die basiese eenheid van betekenis is. Met hierdie beginsel as uitgangspunt het Reichling²⁶⁾ voortgebou en sy groot bydrae tot /...

tot die taalkunde gelewer met sy logiese en wetenskaplik gefundeerde stellinge oor hoe die woord in 'n taal onder andere herkenbaar is vanweë sy isoleerbaarheid, verplaasbaarheid, skeikbaarheid en omstelbaarheid in die taalgebruik.

Verskeie Bantoetaalkundiges het hulle ook uitgelaat oor die woord en woordstruktuur. Doke is van die eerste taalkundiges wat die vorm van die woord in die Bantoetale, ook met betrekking tot die Sothotaalgroep, probeer vasstel het. Dit het hom veral getref dat „verbal formatives in Bantu have definite fixed positions in relationship to the verb stem“, asook deur dat „The auxiliary particles have their definite positions, although the position of one may vary from that of another.“²⁷⁾ Hy is ook van mening dat die basiese funksie van klem op die voorlaaste lettergreep in die Bantoetale woordafgrensend is: „Stress is the word-builder in Bantu. Upon a rule of stress is the natural word-division of Bantu founded.“²⁸⁾ Volgens hom word die woord opgebou deur al die formatiewe elemente, wat hy as volg definieer: „Bantu formatives include the following: The root, stem, prefix, concord, suffix, infix, verbal auxiliary, enclitic, and proclitic.“²⁹⁾ Die woord is vir Doke 'n konjunktiewe taaluiting. Dit gee nie altyd die kleinste fonologiese eenheid met selfstandige betekenis nie en is dus nie in alle gevalle toepaslik om in betekenisonderskeidende opposisie teenoor mekaar te stel nie. Sy beskouing oor klem op die voorlaaste sillabe is ook nie aanvaarbaar nie (sien par. 1.27). Talle enkelsillabiese woorde met selfstandige betekenis, bv. ideofone, het vanweë hul sillabiese samestelling nie 'n klemdraende (of liewer kwantiteitdraende) voorlaaste lettergreep nie.

Verskeie taalkundiges het reeds hul bedenkinge uitgespreek teen die beginsels wat Doke voorstaan vir woordverdeling /...

deling. Vgl. bv. Lestrade³⁰⁾ se bespreking van Doke se publikasie, Van Wyk³¹⁾ se volledige en oortuigend gemotiveerde bespreking van Doke se konjunktivisme, en Fortune.³²⁾

Hoewel Ziervogel in sy verskillende werke dit nooit as hoofdoel gestel het om die woord in die Bantoetale, en Sotho in die besonder, linguisties te isoleer en te beskrywe nie, stel hy 'n baie duidelike uitgangspunt oor watter uitinge in die taalstruktuur hy as woorde beskou. Vergelyk bv. sy verskillende omskrywings van die woord.³³⁾ Hy beskou die woord as 'n morfologiese eenheid met selfstandige semantiese betekenis en stel dit samevattend as volg: „To my mind the Bantu word represents a functional as well as a formal concept; it is a phonological unit composed of speech sounds and prosodic elements; it is also a meaningful unit of speech and is a compound of formatives following each other in a prescribed order.” Volgens hom is die morfologiese struktuur van die woord gewoonlik prefiks + wortel + suffiks, maar dit kan soms ook bestaan uit slegs 'n wortel met 'n suffiks.³⁴⁾ Die begrippe wortels, stamme, prefikse en suffikse en hul funksie in die taalstruktuur beskrywe hy in navolging van Doke as volg: „A stem is a root with a suffix or suffixes added. Only with verbs and nouns are suffixes still fulfilling a distinct function. With other roots the final vowel has lost its identity, and has become part of the root. Suffixes following are still real suffixes as they are omissible.”³⁵⁾

Sy beskouing oor wortels en stamme is dus morfologies. Sy wortels en stamme vorm die wortelmorfeme in die taal. Die struktuur van die wortelmorfeme van die taal bestaan dus uit twee kategorieë. Die een kategorie het 'n slot-

konsonant/...

konsonant, bv. -rut- 'leer'. Deur aanwending van prefiks- en suffiksmorfeme fungeer hierdie wortelmorfeme in verskillende woordklasse of rededele, bv. goruta 'om te leer', ithutisa 'jou laat leer', morutisi 'onderwyser'. Die tweede kategorie het 'n vokaal as slotfoneem. Die naamwoorde ressorteer hoofsaaklik onder hierdie kategorie, bv.: -tho 'mens', -lêpê 'byl'. Diachronies vergelykend toon die slotvokaal in hierdie posisies soms 'n morfemiese funksie, maar in die sinchroniese taalstruktuur besit dit geen morfemiese realisering nie en is dit deel van die wortelmorfeme.

Hierdie twee kategorieë van wortelmorfeme met hul prefiks- en suffiksmorfeme het in die taalgroep 'n duidelike betekenis aanduidende funksie en is by uitstek geskik om deur fonologiese opposisies foneme te isoleer. Weens hul duidelike betekenis aanduiding word betekenisverskille deur foneemvervanging maklik waargeneem. Daar word dan ook voorkeur aan hierdie kategorieë van woorde gegee in die toetse. Verbale wortelmorfeme word meesal sonder die prefiksmorfeme aangedui, bv. -rata 'bemin' : -lata 'bring'. Hiermee word aangedui dat wortelmorfeme met suffiksmorfeme -a -rata : -lata in opposisie tot mekaar gestel kan word met aanwending van die een of ander van 'n reeks gemeenskaplike prefiksmorfeme, bv. go-, ba-, o-, ens. Die suiwer wortelmorfeme -rat- : -lat- kan ook as fonologiese opposisies teenoor mekaar gestel word, maar dit word nie gedoen nie, omdat dit die semantiese herkenning van 'n woord bemoeilik. Prinsipiëel is daar egter geen beswaar teen so 'n notasie nie. Verbale wortelmorfeme kan ook aangedui word as opposisierreeks rata : lata, omdat verba in hierdie vorme herkenbaar is in die imperatief.

Maar Ziervogel erken ook die bestaan van 'n tweede reeks woorde wat: „..... do not necessarily convey a com-

plete /...

plete idea by themselves."³⁶⁾ As voorbeeld hiervan noem hy die hulpwerkwoorde, sonder om in verdere besonderhede te gaan. Maar dit impliseer duidelik 'n aparte reeks woorde met minder duidelike of met onselfstandige betekenis aanduiding. Die feit dat Ziervogel 'n semi-konjunktiewe skryfwyse voorstel moet gesien word as 'n woordgroepverdeling en nie as 'n woordidentifikasie nie. Hy gee hier duidelik te kenne dat 'n aparte reeks woorde met onselfstandige betekenis aanduiding geïdentifiseer kan word. Identifikasie van hierdie reeks woorde is gedoen deur Van Wyk in die grootste bydrae tot die vraagstuk van woordidentifikasie in die Bantoetale wat tot dusver gelewer is.

Hy soek allereers na geldige en wetenskaplik verantwoorde metodes om woorde te identifiseer. Hy beskou die woord as 'n taalteken wat 'n eenheid vorm van twee onderskeibare momente, naamlik die aanskoulike wat as klank sintuiglik waarneembaar is, en die onaanskoulike wat die betekeniswaarde wat aan die klank geheg word voorstel. Die kenmerkende eienskap van die woord bestaan vir hom daarin dat dit die „kleinste taalteken is wat selfstandig simboliseer (be-teken)".³⁷⁾ Dit vorm eintlik die kern van Van Wyk se beskouing oor die woord se wese. Dit is nie soseer die herkenbaarheid van sy betekenis in isolasie wat die woord as taalteken kenmerk nie, maar sy vermoë om selfstandig te kan simboliseer. Dit is blykbaar dieselfde uitgangspunt wat Ziervogel in gedagte het met sy tweede reeks woorde wat: „do not necessarily convey a complete ideay by themselves."³⁸⁾ Die groot waarde van Van Wyk se ondersoek bestaan daarin dat hy 'n reeks beproefde toetse vir die isolering van woorde verwerk en aanvul en dan sistematies toepas om te bepaal watter taaltekens in Noord-Sotho (en Zoeloe) aan die vereistes om as woorde geïdentifiseer te word, voldoen./...

voldoen. Daar kan aangevoer word dat sy bevindinge taaltekens isoleer sonder herkenbaarheid van betekenis in isolasie, maar dit is nie wat hy as vereiste stel vir 'n woord nie. Dat die woorde wat hy isoleer, taaltekens is wat in die sisteem van die taal selfstandig simboliseer, is nie te betwyfel nie.

Sy toetse is gebaseer op die kenmerke van isoleerbaarheid, skeikbaarheid, omstelbaarheid en vervangbaarheid wat taaltekens as woorde onderskei van ander taaltekens. Hy kom dan tot die gevolgtrekking dat hoofsaaklik die volgende taaltekens as woorde in die taalsisteem gerealiseer word:-

- (a) Die werkwoord met die onderwerpskakel, voorwerpskakel, formatief a/ya van die teenwoordige tyd, ontkenningismorfeme en infinitiefprefiks as morfeme wat aan die werkwoord geprefigeer word. Sekere partikels soos gase is outonome woorde.
- (b) Die besitskakel.
- (c) Die besitlike voornaamwoordstam.
- (d) Die besitskakel van klas 17, nl. ga.
- (e) Die partikel go soos in go mošemane.
- (f) Die verskillende taaltekens wat aanvullend by en voor lokatiewe verskyn bv. ka setulông, mô setulông, kwa setulong.
- (g) Die assosiatiewe le.
- (h) Die instrumentele ka.
- (i) Die copulae ke, gase, en die onderwerpskakel wat as copula gebruik word.
- (j) Die demonstratiewe.
- (k) Die adjektief, bestaande uit die klasprefiks en adjektiefstam.
- (l) Die naamwoord, bestaande uit die klasprefiks, naamwoordstam en suffikse.

Daar /...

Daar kan sonder twyfel aanvaar word dat al hierdie taaltekens in die taalsisteen as woorde funksioneer in die sin dat hulle selfstandig simboliseer. Maar omdat hulle betekenis nie noodwendig almal in isolasie herkenbaar is nie, kan hulle nie deurgaans as betekenisonderskeidende opposisies gekontrasteer word nie. Proefpersone kon byvoorbeeld gladnie reageer op woorde soos ka, go en le nie, omdat hulle nie 'n bepaalde semantiese begrip daarmee kon assosieer nie. Isoleerbare woorde is by uitstek geskik vir fonologiese opposisies om foneme te isoleer asook woorde met 'n duidelike morfologiese patroon van prefiksmorfeem, wortelmorfeem en suffiksmorfeem by verba, en prefiksmorfeem gevolg deur 'n wortelmorfeem met of sonder 'n suffiksmorfeem by nomina en adjektiewe. Slegs woorde en woordgroepe waarvan die betekenis in isolasie herkenbaar is, is as navorsingsmateriaal gebruik. Soos reeds hierbo genoem word verbale woorde in die tekste soms sonder prefiks aangedui, bv. -bona. Dit impliseer dat enigeen van die verbale prefikse met geldigheid in daardie posisie van toepassing is.

ONDERSKEIDENDE KENMERKE VAN FONEME

1.11 Artikulatoriese en Ouditiewe Beskrywing

As 'n foneem verder ontleed word om vas te stel watter akoestiese of artikulasie-eienskappe hom onderskei van ander foneme, word uiteindelik gevind dat: „phonemes reveal themselves as combinations of several relevant features.“³⁹⁾

'n Foneem kan dus ontleed word in verskillende relevante eienskappe, waarin die artikulasiebasis, toon, aksent en selfs gebare die seneme sal bepaal. Die term „feneme“ word deur Hjelmslev⁴⁰⁾ gebruik om sg. leë eenhede aan te

dui. /...

dui. Anders gestel: die verskil tussen foneme word bepaal deur 'n groep permanente onderskeidende kwaliteite wat die relevante of deurslaggewende kenmerke vorm. Ontleding van die foneem in seneme, het nog te veel die fonetiese beskouinge as grondslag, wat Jakobson noem: "jump from a purely linguistic analysis to the raw sound matter."⁴¹⁾ Die enigste bevredigende wyse waarop 'n foneem geïsoleer kan word, is om sy signifikante of betekenisonderskeidende funksie as grondslag te neem.

Onderskeidende kenmerke van foneme kan artikulatories of ouditief beskrywe word. In 'n artikulatoriese beskrywing word die stand van die artikulasie-organe aangedui. In 'n ouditiewe of akoestiese beskrywing word die indrukke op die gehoor beskrywe. 'n Ontleding is gemaak van sowel artikulatoriese as ouditiewe eienskappe wat die Sotho-foneme van mekaar onderskei.

Artikulatoriese Beskrywing

In 'n artikulatoriese beskrywing word van terme en ontledings van die artikulatoriese fonetiek gebruik gemaak. Tog bestaan daar 'n wesenlike verskil tussen 'n fonetiese en fonemiese beskrywing. In 'n fonetiese beskrywing word vasgestel wat die presiese stand van die spraakorgane is by die uitspreek van 'n bepaalde klank. Die Sotho p sal foneties moet beskrywe word as (i) oraal, (ii) eksplosief, (iii) bi-labiaal, (iv) stemloos, (v) ejektief. Fonemies word net die eienskappe vermeld wat by die artikulasie absoluut onmisbaar is, omdat die woord waarin die foneem voorkom anders met ander woorde verwar kan word. So sal die ejektiewe eienskap geen verwarring veroorsaak as 'n woord daarmee of daarsonder uitgespreek word nie.

Artikulatoriese kenmerke wat foneme van mekaar onderskei /...

skei fungeer in teenstelling of opposisies. Sodanige opposisies word met 'n dubbelpunt tussen die twee kenmerke aangedui. In die taalgroep word gevind dat oop : geslote en voor : agter die vokale/artikulatories van mekaar onderskei. Dit kan as volg voorgestel word:

VOKALE	a	ê	e	i	u	o	ô
VOOR (+) : AGTER (-)	<u>+</u>	+	+	+	-	-	-
OOP ((+) : GESLOTE (-)	+	+	<u>+</u>	-	-	<u>+</u>	+

Die vokale /ê/ en /ô/ is albei oop en word slegs deur voor en agter artikulering van mekaar geskei. En /u/ en /i/ is albei geslote en word slegs deur hul voor- en agter-artikulasie onderskei. Verder is /u/ en /ô/ albei agtervokale wat slegs deur hul geslotenheid onderskei word. En /ê/ en /i/ weer voorvokale wat net deur hul geslotenheid onderskei word.

Die foneem /a/ is 'n tussenvokaal wat sy voor- en agterstand betref. Teenoor /ô/ neem hy 'n voorposisie in, en word van /ô/ slegs deur sy voorposisie onderskei. Teenoor /ê/ neem hy 'n agterposisie, en hy word van /ê/ weer slegs deur sy agterposisie onderskei.

Die foneme /e/ en /o/ neem weer so 'n tussenposisie in ten opsigte van hul geslotenheid. /e/ is geslote teenoor /ê/ maar is oop teenoor /i/. /o/ is geslote teenoor /ô/ maar is oop teenoor /u/.

Die konsonantfoneme word deur meer kenmerkreekses van mekaar onderskei. Daar is taalkundiges wat dit as 'n vaste reël beskou dat alle onderskeidende kenmerke tweetallige of binêre opposisiereekse vorm. Dit wil sê as stemhebbend : stemloos byvoorbeeld 'n onderskeidende kenmerk /...

merk is, moet daar dieselfde aantal stemhebbende as stemlose foneme wees wat alle ander eienskappe gemeen het, vgl. verder par. 1.3 vlgg. Ander taalkundiges meen weer dat elke foneem 'n minimum aantal kenmerke het wat hom van ander foneme onderskei. Hierdie kenmerke vorm 'n bondel (Engels, „bundle“) of totaliteit, maar hoef nie noodwendig binêr-onderskeidend te wees nie, vgl. verder par. 1.3 vlgg. Die laaste metode word as uitgangspunte verkies. Hiervolgens word die Sotho foneme van mekaar onderskei deur die volgende kenmerke, waar + aanwesigheid en - afwesigheid van 'n onderskeidende kenmerk aandui:

ONDSKEIDENDE FONEEMKENMERKE	KATEGORIEË VAN KONSONANTE																
	KONSONANTIESE KONSONANTE						NASAAL- KONSO- NANTE			VOKALIESE KONSO- NANTE							
	q	p	t	k	b	f	s	ɛ ^{*3}	x	m	n	ŋ	r	j	l	w	h
Eksplosief	+	+	+	-	-	-	-	-									
Stemloos	+			-	+			-									
Labiaal	+			+	+				+								+
Alveolaar- Palataal			+			+		+		+				+			
Velaar				+					+		+						
Lateraal							+										+
Vibrant													+				
Glottaal																	+
Suiging	+																

* Die foneem /ɛ³/ kom dialekties voor en word hier net vir vergelykende doeleindes aanvaar en nie as algemeen geldend in die taalgroep nie. Vgl. par. 4.5.

Allereers word die konsonantfoneme van Sotho deur drie basiese onderskeidende kenmerke onderskei, waarna verwys word /

word as kategorieese kenmerke of kategorieë van konsonante. Dit is naamlik: (1) Konsonantiese konsonante. Hulle word veral gekenmerk deur aansienlike versperring van die lugstroom deur die mond. Die lugstroom kan heeltemal afgesluit word, of dit kan tot so 'n mate versper word dat wrywingsklanke ontstaan. Die volgende foneme val onder hierdie kategorie: /p/, /t/, /k/, /b/, /f/, /s/, /ʃ/ en /x/. (2) Nasale konsonante. Hulle word gekenmerk deur die lugstroom wat deur die neus gaan en aan die klanke die kenmerkende nasale kleur verleen. Die nasale foneme is /m/, /n/ en /ŋ/. Die vraag of /ɲ/ ook hier ressorteer word in par. 4.2 vlgg. bespreek. (3) Vokaliese konsonante. Hulle word gekenmerk deur die lugstroom wat deur die mond gaan, gepaard met geringe friksie. So word /j/ en /ʒ/ dialekties slegs van mekaar onderskei deur 'n graad van friksie. Geringe friksie by /j/ gee hom sy vokaliese eienskap, en groter friksie by /ʒ/ gee hom sy konsonantiese eienskap. Op dieselfde wyse word /l/ en /ʎ/ in Woord-Sotho en Suid-Sotho van mekaar onderskei. Dit is 'n kenmerk van die laterale fone dat hulle hul vokaliese karakter verloor sodra hulle stemloos word. Die reeks vokaliese konsonante word gevorm deur /r/, /j/, /l/, /w/, en /h/.

Die volgende groep van onderskeidende foneemkenmerke word hoofsaaklik bepaal deur die stand van die artikulasie-organe. Hulle word in bostaande tabel horisontaal aangedui. Die eksplosiewe eienskap word verkry deurdat die artikulasie-organe die lugstroom afsluit of nie. Dit is 'n kenmerk wat net die konsonantiese konsonante van Sotho van mekaar onderskei. Die stemeienskap onderskei ook net die konsonantiese konsonante van mekaar. Vergelyk /p/ : /b/ en /s/ : /ʒ/. Waar /ʒ/ dialekties as foneem fungeer verskil die tongstand by /s/ en /ʒ/ ook effens maar dit is hoofsaaklik /...

hoofsaaklik die stemfaktor wat hulle van mekaar onderskei. As /z/ byvoorbeeld as [z] artikuleer word sal hy nog as /z/ herken word omdat daar nie 'n /z/-foneem in Sotho bestaan nie. Vgl. ook par. 4.5. Hoewel /l/ en /ɬ/ in Noord-Sotho en Suid-Sotho deur stem van mekaar onderskei word, is stem, soos reeds vermeld, egter net 'n bydraende faktor tot die konsonantiese of vokaliëse eienskappe van laterale foneme. Daarom word dit nie in die tabel aangedui nie. Ook by /t/ is die stemfaktor nie van toepassing nie. Trouens [t] en [d] varieer dikwels met mekaar in woorde soos /taemane/ 'diamant' waar /t/ soms as [t] en soms as [d] uitgespreek word. Die labiale eienskap is onderskeidend in al drie kategorieë, naamlik by /p/, /b/, /f/, /m/, /w/. Alveolaar en palataal word as een eienskap beskou, omdat alveolaar teenoor palataal nie as enkele eienskap foneme van mekaar onderskei nie. /z/ is alveolaar en /ʒ/ is palato-alveolaar, maar hulle word dialekties deur stem as deurslaggewende faktor onderskei. /j/ is wel palataal, maar hy word weer deur sy vokaliëse eienskap van /s/ en /ʒ/ onderskei. Alveolaar-palataal is 'n onderskeidende kenmerk by /t/, /s/, /ʒ/, /n/, /j/. Velaar is 'n onderskeidende kenmerk by /k/, /x/ en /ŋ/. Lateraal by /l/ en /ɬ/ in Noord-Sotho en Suid-Sotho. Vibrasie is slegs by /r/ onderskeidend. Ander eienskappe by /r/ is nie relevant nie. Die Suid-Sotho /r/ kan byvoorbeeld alveolare [r] of uvulare [R] wees. Glottaal is ook die enigste eienskap wat /h/ van die ander vokaliëse konsonante onderskei en stem is nie relevant nie. In die taalgroep word stemhebbende [ɦ] en stemlose [h] sonder verwarring gebruik. Suiging is ook die enigste eienskap in Suid-Sotho wat /q/ as konsonantiese konsonant onderskei. Dit is nie relevant waar die suiging

plaasvind/...

plaasvind nie, hoewel alveolare suiging karakteristiek is. Al sou die suiging dentaal of palataal artikuleer word, sal dit nog deur die hoorder as /q/ herken word.

As die onderskeidende kenmerke van die verskillende kategorieë vergelyk word, word saamgestelde reekse by die konsonantiese konsonante aangetref. By die nasale en konsonantiese vokale tree slegs enkelvoudige eienskappe onderskeidend op. Dit is byvoorbeeld net die labiale eienskap wat /m/ van /n/ en /ŋ/ onderskei. En byvoorbeeld net die laterale eienskap wat /l/ van die ander vokaliëse konsonante onderskei.

Ouditiewe Beskrywing

Foneme kan ook opgebreek word op grond van hul ouditiewe eienskappe. Jakobson, Fant en Halle beskou foneme as ontleedbaar in primêre eenhede. Volgens hul beskouing moet 'n luisteraar altyd kies tussen twee akoestiese kwaliteite uit die volgende reeks:

(i) vokalies / nie-vokalies; (ii) konsonanties / nie-konsonanties; (iii) kompak / gesprei (Engels: „diffuse”); (iv) graaf / akuut; (v) dof (Engels „flat”) / helder (Engels „plain”); (vi) nasaal / oraal; (vii) gespanne (Engels „tense”) / ontspanne (Engels „lax”); (viii) durend (Engels „continuant”) / onderbroke (Engels „interrupted”); (ix) skerp (Engels „strident”) / sag (Engels „mellow”).

Die keuse tussen die twee teenoorgestelde kwaliteite vorm die onderskeidende foneemkenmerke en word deur Jakobson gestel as: „The distinctive features are the ultimate distinctive entities of language since no one of them can be broken down into smaller linguistic units. The distinctive features combined into one simultaneous bundle form a phoneme.” 42)

Minimale onderskeidings word deurgaans tussen die foneme van die Sothotaalgroep gevind, d.w.s. verskeie
enkele /...

enkele onderskeidende kenmerke bestaan wat nie verder opgedeel kan word nie. Bv. in foneemopposisies: /b/ : /p/ in SS bata 'slaan' : pata 'wegkruip', waar stemhebbend teenoor stemloos die enigste onderskeidende kenmerk is. Dubbele onderskeiding kom voor in foneemopposisies soos: /b/ : /t/ in Tsw -baka 'veroorzaak' : -taka 'wit te verf', Drievoudige onderskeiding word gevind in opposisies soos /b/ : /s/ in SS -bala 'lees' : -sala 'bly'.

Die foneem /b/ wat die eerste segment vorm in die SS en Tsw woord; bona 'sien', sal volgens Jakobson, Fant en Halle die volgende kenmerke besit: (i) nie-vokalies; (ii) konsonanties; (iii) gesprei; (iv) graaf; (v) oraal; (vi) ongespanne; (vii) onderbroke. Hierdie onderskeidende kenmerke in 'n eenheid saamgestapel vorm die enkele foneem /b/ wat onderskeibaar is van alle ander foneme in die taal. 'n Foneem of verskeie foneme het die morfeem tot gevolg. In die gesproke taal is opeenstapeling van onderskeidende kenmerke om 'n foneem te vorm 'n primêre proses terwyl opeenvolging van foneme om 'n morfeem en 'n woord te vorm, 'n sekondêre proses is. Woorde wat saamgestel is uit 'n enkele foneem, kom voor, bv. e 'ja', a 'vraagaanduidend'.

Alle uitdrukkings of woorde kan in foneme verdeel word en word in die taalstruktuur onderskei van ander uitdrukkings of woorde deur die verskil in die som van die onderskeidende kenmerke van die opeenvolgende eenhede. Die verskil kan geheel of gedeeltelik wees. In die woord: moriting 'in die skaduwee', is die verskil tussen /i/ en /o/ geheel, naamlik: vokalies, nie-konsonanties, gesprei, akuut, oraal, teenoor: nie-vokalies, konsonanties, kompak, nasaal. Tussen /o/ en /i/ is die verskil gedeeltelik deurdat hul die volgende kenmerke gemeenskaplik het: vokalies, nie-konsonanties, gesprei.

Kenmerkende /...

Kenmerkende eienskappe in die opeenvolgende foneme is deels selektief en deels gekondisioneer. So kan 'n oraal volg na 'n nasaal, bv. in nku 'skaap'; kompak na gesprei, bv. in -pata 'wegsteek'. Aan die ander kant kan 'n konsonant nooit volg op 'n vol gesnede konsonant in 'n normale Sotho-woord nie. Die fonemiese patroon van Sotho bestaan dus uit 'n begrensde aantal onderskeidende kenmerke, en 'n begrensde wyse van foneemgroepering.

Die strukturele patroon van Sotho wat foneemkombinasies betref, is 'n konsonant gevolg deur 'n vokaal. 'n Konsonantfoneem word artikulatories beïnvloed deur die volgende vokaalfoneem. Gevolg deur u soos in kutu 'stomp', is k se artikulasie velêr, terwyl dit voorvelêr is voor i, bv. -kina 'kniehalter'. Spektrumaties beskryf Jakobson, Fant en Halle hierdie tipe van gekondisioneerde konsonantformante as volg:- „The formants of the consonant are closely adapted to those of the following vowels, so that the frequency spectrum of /k/ before /u/ has a lower centre of gravity and is closer to that of /p/ than is the case before /i/, where it has a higher centre of gravity and is closer to that of /t/.”⁴³⁾ Die verskil tussen sulke variante van konsonantfoneme, wat gekondisioneer word deur vokaalfoneme, is egter suiwer kontekstueel en staan nooit in outonome opposisie tot mekaar nie. Beskrywing van foneme volgens Jakobson, Fant en Halle toon, soos Garvin⁴⁴⁾ en Licklider⁴⁵⁾ tereg daarop wys, 'n gebrek aan eenvoud om dit prakties toepaslik te maak. Fone word ouditories deur 'n hoorder met die oor waargeneem, en dit is die taalvorser se taak om 'n praktiese beskrywing te gee van die onderskeidende kenmerke wat die hoorder in staat stel om gemaklik een foneem van 'n ander te onderskei.

Die /...

Die metode wat deur Soffietti⁴⁶⁾ toegepas word om die foneme van Turyns, 'n Italiaanse dialek, te beskrywe, bied 'n meer praktiese ontleding gebaseer op die beginsels van Jakobson, Fant en Halle, waarvolgens akoesties onderskeidende kenmerke van foneme sonder ingewikkelde tegniese hulpmiddele beskrywe kan word. Net soos Turyns het Sotho ook 'n betreklik eenvoudige fonemiese samestelling. In Sotho is daar bv. ook slegs 7 enkelvoudige vokale, terwyl diftonge nie voorkom nie. Daarom moet 'n eenvoudige reeks onderskeidende kenmerke die Sothofoneme ten grond lê.

Die minimum aantal praktiese waarneembare opposisies tussen akoesties onderskeidende kenmerke waarvolgens die Sotho-foneme onderskei kan word, is die volgende:

vokalies	:	konsonanties
stemhebbend	:	stemloos
nasaal	:	oraal
konstriktief	:	afgesluit
akuut	:	graaf
luid	:	gedemp
intermitterend	:	nie-intermitterend

In die beskrywing van onderskeidende kenmerke wat hieronder volg, word slegs opposisies van foneemeienskappe wat korrelatief gebonde is, aangedui. D.w.s. net kenmerke wat noodsaaklik is om 'n foneem van alle ander foneme te onderskei, word aangedui. Foneme wat 'n onderskeidende kenmerk bevat maar nie korrelatief daaraan gebonde is nie, word in die korrelasiereeks tussen hakies aangedui waar dit vir duidelikheid nodig blyk. In tabel III word slegs die onderskeidende korrelasiereekse aangedui, d.w.s. die kenmerke wat noodsaaklik is om 'n foneem van alle ander foneme te onderskei.

Fungering van die akoestiese kenmerke van Sotho se
fonemiese /...

fonemiese struktuur kan volgens drie reekse ingedeel word. Eerstens, 'n kategoriese reeks waarin tussen drie kategorieë van foneme onderskei word, naamlik vokale, konsonante en vokaliëse konsonante. Tweedens, 'n reeks van basiese onderskeidende kenmerke wat betrekking het op al die foneme in die taal, naamlik die reeks akut teenoor graaf en luid teenoor gedemp. Derdens, 'n reeks onderskeidende kenmerke wat funksioneer tussen foneme wat identiese kenmerke toon in reekse een en twee.

Dit blyk ook dat 'n reeks gemeenskaplike akoestiese onderskeidende kenmerke aan die foneme van die taalgroep ten grondslag lê, vandaar dat sprekers van verskillende tale in die groep mekaar met gemak verstaan. In die ondersoek het ook geblyk dat sprekers slegs moeilikheid ondervind om mekaar te begryp weens verskille in woorde-skat, maar nie as gevolg van onderskeidende foneemkenmerke nie. In die volgende ontleding van die onderskeidende foneemkenmerke word getrag om dié kenmerke wat gemeenskaplik in die taalgroep is te vind. Want dit is die gemeenskaplike kenmerke wat dit vir die sprekers van die taal moontlik maak om mekaar met gemak te begryp. Daar bestaan artikulatoriese verskille in die drie tale se foneme. Ouditief word hierdie verskille deur die hoorders geïgnoreer en het hulle geen onderskeidende funksie nie. Sommige foneme word bv. met of sonder ejeksie geartikuleer; /b/ is in Suid-Sotho en Tswana 'n eksplousief, terwyl hy in sommige Noord-Sotho dialekte 'n frikatief is. Vgl. par. 3.10.

1.12 Vokalies : Konsonanties

Die verskil tussen vokale en konsonante uit 'n ouditiëwe oogpunt word deur Soffietti as volg gestel:

"(a) /...

"(a) The vowels are more perceptible, i.e. louder than the consonants.

(b) The vowels are more sonorous and resonant than the consonants.

(c) Consonants have audible friction due to presence of obstruction."⁴⁷⁾

Spektrografies kan vokale as volg onderskei word: "Information on the intensity level (other things being equal, vowels are louder than other speech sounds), duration, rise and decay time of the sound furnish supplementary identifying criteria for vowels."⁴⁸⁾

Op enkele uitsonderings na is dit betreklik eenvoudig om konsonante en vokale te onderskei: In Sotho kan hierdie eienskappe nog aangevul word deurdat vokale altyd oraal en toondraend is en die sillabespits vorm. Hierin bestaan die fonologiese funksie van vokale en nie in die vorming van fonologiese korrelasies met nie-vokaliese foneme nie.

Jakobson, Fant en Halle⁴⁹⁾ het bewys dat sekere foneme vokaliese sowel as konsonantiese eienskappe toon. Hierdie foneme vorm in die Sothotaalgroep 'n eie reeks.

Volgens konsonantiese en vokaliese eienskappe word die volgende reekse gerealiseer:

Vokale : /i, u, o, e, ε, ɔ, a/

Vokaliese Konsonante: /l, r, w, j, h/

Orale Konsonante: /b, p, t, k, f, x, s, ʃ/

Nasale Konsonante: /m, n, ŋ/

1.13 Stemhebbend : Stemloos

Stemhebbende en stemlose foneme is auditief maklik waarneembaar. Stemtoon word deur vibrasie van die stembande veroorsaak.

Stemhebbend /...

Stemhebbend : stemloos fungeer as onderskeidende kenmerk slegs by die konsonantiese konsonante. Die vokale, nasale en vokaliëse konsonante is almal stemhebbend, sodat die stemeienskap nie onderskeidend fungeer nie. Die korrelasie fungeer as volg in die taalgroep:

stemhebbend : /b/

stemloos : /p/

In die taalgroep bestaan die stemkorrelasie dus net uit 'n enkele paar konsonantfoneme, nl. p : b wat tot mekaar in opposisie staan met betrekking tot stem as kenmerkende eienskap. In sommige Noord-Sotho dialekte kan die korrelasie geneutraliseer word deurdat die foneemopposisie p : b ook kontrasteer deur die kenmerk konstriktief afgesluit. Indien 'n korrelasiereeks opgestel word van die Noord-Sotho dialekte waar die b-foneem as 'n frikatiewe konsonant gerealiseer word, sal stemhebbend teenoor stemloos gladnie as 'n onderskeidende foneemkenmerk bestaan nie. Stemhebbend teenoor stemloos bestaan egter as 'n gemeenskaplike foneemkenmerk in die taalgroep met slegs dialektiese uitsonderings. Weens sy lae funksionele belasting is dit moontlik dat stem as korrelasiereeks besig is om in die taalgroep te verdwyn en deur ander korrelasiereekse vervang te word.

Stem bestaan in die taalgroep ook nie as 'n onderskeidende eienskap om /x/ van /h/ te onderskei nie. In Noord-Sotho word stem by /x/ posisioneel gekondisioneer en is dus 'n posisionele variasie sonder onderskeidende funksie. In Tswana en Suid-Sotho bestaan ook geen stemopposisies om /h/ van /x/ te onderskei nie. In Korrelasiereekse fungeer stem nie as 'n onderskeidende kenmerk by /x/ en /h/ nie, maar is bloot 'n konkomitante verskynsel sonder fonologiese geldigheid. Dié twee foneme word kategoriees van mekaar

geskei /...

geskei deur hul vokaliese en nie-vokaliese eienskappe.

Tussen die vokaliese konsonante vorm stem ook nie 'n onderskeidende kenmerk nie. Hulle besit almal 'n mindere of meerdere mate van stem, met uitsondering van Tswana /h/, wat stemloos is. Tog is stem nie hier 'n onderskeidende kenmerk nie, want dit onderskei /h/ nie van enige ander foneem in die kategoriese reeks nie. As /h/ met stem geartikuleer word, sal hy met geen ander foneem in Tswana verwar word nie.

1.14 Nasaal : Oraal

Nasaliteit is as onderskeidende foneemkenmerk ouditief maklik waarneembaar. Dit fungeer slegs as 'n korrelatiewe kenmerk by die konsonantiese konsonantfoneme. Daar bestaan geen nasale vokale en nasale vokaliese konsonant nie; dus word by hierdie reekse geen nasale korrelasies gevind nie.

Soos reeds in die vorige paragraaf aangedui, vorm stemhebbend : stemloos slegs 'n enkele korrelasie nl. /b/ : /p/. Dit is net geldend by die eksplosiewe foneme. Sodra die eksplosiewe element opgehef word as onderskeidende faktor, verval die geldigheid van die korrelasie, soos bv. in die Noord-Sotho dialekte waar /b/ as 'n frikatiewe [β] gerealiseer word. Die nasale konsonante kan nie minimale opposisiereekse met die eksplosiewe vorm nie, omdat daar minstens twee onderskeidende kenmerke aanwesig moet wees, naamlik eksplosief en nasaal.

Omdat stem nie 'n korrelerende faktor vorm nie, bestaan daar slegs 'n onderskeidende reeks tussen die konstriktiewe konsonante en die nasale. Behalwe vir die nasale eienskap sal gevind word (vgl. tabel III) dat dieselfde onderskeidende eienskappe bestaan tussen /m/ en /f/,
/n/ /...

/n/ en /ŋ/, en /n/ en /x/. Nasaliteit vorm dus 'n basiese onderskeidende eienskap tussen hierdie konstriktiewe konsonante en die nasale. Die nasaalkorrelasiereeks word dus as volg gerealiseer:

<u>m</u>	<u>n</u>	<u>ŋ</u>
f	s	x (x)

1.15 Konstriktief : Afgesluit

Die stemlose orale konsonantiese konsonante kan verdeel word in foneme met onvolledige afsluiting (konstriktief) en volledige afsluiting (afgesluit).

Op grond van ouditiwe waarneming tussen 'n ononderbreekte konstriktiewe klank en 'n momenteel onderbreekte afgesluite klank, word die korrelasie konstriktief : afgesluit by konsonantfoneme as volg gerealiseer:

Konstriktief :	<u>f</u>	<u>s</u>	<u>x</u>	(x)
Afgesluit :	p	t	k	

Die nasale en vokaliëse konsonante vorm nie 'n korrelasie nie omdat hierdie foneme almal konstriktief is, en afsluiting nie onderling 'n onderskeidende kenmerk vorm nie.

Vanweë sy stemhebbende eienskap vorm /b/ nie deel van die korrelasie nie. Teenoor die reeks stemlose konstriktiewe konsonante sal hy met minstens twee onderskeidende kenmerke verskil. In Noord-Sotho word hy dikwels as 'n frikatiewe [β] gerealiseer, wat daarop dui dat momentele onderbreking nie 'n noodsaaklike onderskeidende kenmerk is nie.

1.16 Akuut : Graaf

Die fisiese basis waarop hierdie ouditief onderskeidende kenmerk berus is die algemene beginsels vir resonatoure /...

tore van blaasinstrumente. Die beginsels word prakties en eenvoudig deur Soffietti⁵⁰⁾ gestel as:

- „(1) When the volume of the resonator decreases, the resonant sound becomes acuter.
- (2) When the surface of the resonator orifice or orifices diminishes, the sound becomes graver.”

Met hierdie beginsels as uitgangspunt word die volgende afleidings gemaak:

- (1) Word die opening vernou of die klankholte vergroot, word 'n lae klank voortgebring. As albei handeling gelyktydig plaasvind, is die effek meer intens.
- (2) Word die opening vergroot of die klankholte vernou, word die klank in beide gevalle meer akuut of skerper. Vind albei handeling gelyktydig plaas, is die effek meer intens.
- (3) Word sowel die opening as die klankholte vernou, sal die klankeienskap bepaal word deur die verhouding tussen die vernoude opening en die vernoude klankholte. Is die vernouing van die opening relatief meer as die vernouing van die klankholte, sal die klank graafwees, en omgekeerd.
- (4) Word beide die opening en die klankholte vergroot, word die klankeienskap ook bepaal deur die verhouding tussen die vergrote opening en vergrote klankholte. Is die vergroting van die opening relatief groter as die vergroting van die klankholte sal die klank akuut wees, en omgekeerd.
- (5) Word die opening langer of meer gespanne, word die klank meer graaf.

As hierdie beginsels op die artikulasie van die Sotho-foneme toegepas word, blyk dat die artikulasieholtes by die vorming van die konsonantfoneme /p, k, b, x, f, h, w, m, ɲ/ relatief groot en langwerpig is en dus die voortbrenging /...

brenging van graafklanke in die hand werk. Aan die ander kant is die artikulasieholtes met artikulering van die foneme /t, s, ɬ, l, j, n, r/ verdeel en kleiner en werk hulle sodoende die artikulering van akuutklanke in die hand. Vernouing van die artikulasieholtes word hoofsaaklik deur die artikulasiepunt van die tong veroorsaak. By die orale konsonante is dit die vernoude gedeelte voor die artikulasiepunt van die tong wat as resonator dien, terwyl die vernoude gedeelte agter die artikulasiepunt van die tong by die nasale konsonante as resonator dien.

Akuut teenoor graaf as onderskeidende foneemkenmerk realiseer in Sotho die volgende korrelasiereeks by konsonantfoneme:

Akuut,	t	s	n	r	l	j	ɬ			
Graaf:	p	f	m	k	h	w	x	b	ŋ	

Op dieselfde basis kan die sewe vokaalfoneme van Sotho as volg gerangskik word:

<u>Voorvokale</u>	<u>Middelvokale</u>	<u>Agtervokale</u>
ê	a	ô
e		o
i		u

In aansluiting by die voorgaande uitgangspunte moet die agtervokaalfoneme ô, o, u, as graafklanke beskou word in kenmerkonderskeidende opposisie tot die voorvokaalfoneme ê, e, i. Die middelvokaalfoneem a moet as akuut beskou word in kenmerkonderskeidende opposisie tot die foneem ô, en as graaf beskou word in kenmerkonderskeidende opposisie tot die foneem ê. Die voor- en agtervokaalfoneme vorm dus klankpolare, terwyl die middelvokaalfoneem a ambivalent is en 'n bipolare klankeenheid vorm.

Akuut versus graaf as onderskeidende foneemkenmerk kan vir die vokaalfoneme van Sotho as volg voorgestel word:

akuut /...

Akuut :	\hat{e}	e	i
Graaf :	\hat{o}	o	u
Akuut :		\hat{e}	
Graaf :		a	
Akuut :		a	
Graaf :		\hat{o}	

1.17 Luid : Gedemp

Die beginsel waarop hierdie akoestiese kenmerkonder-skeidende opposisie berus, word deur Soffietti⁵¹⁾ as volg gestel:

"From the point of view of physics, the general principle involved is that of the 'horn' of a loud-speaker, i.e. a non-selective resonator covering a wide frequency range, and acting to increase the effective area of the sound radiating mechanism. In the case of the speech organs, the buccal cavity can be a non-selective resonator to the extent that it approximates the general shape of the horn and at the same time a selective type of resonator tuned to the characteristics of the sound the speaker intends to, and is, producing."

Gehoors- en instrumentele akoestiek toon dat agter-klanke luider is as voorklanke.⁵²⁾ Laterale artikulering het 'n dempende effek.

Met hierdie beginsels as uitgangspunt realiseer luid versus gedemp as onderskeidende foneemkenmerk die volgende basiese korrelasiereeks by die konsonantfoneme van Sotho:

Luid:	k	t	x	s	ŋ	j	h	n
Gedemp:	b	p	f	ɬ	m	w	l	

Labiale en laterale konsonante is gedemp, terwyl nie-labiale en nie-laterale konsonante minder gedemp en dus die luid-korrelasie vorm.

Soffietti⁵³⁾ wys daarop dat daar eksperimenteel deur navorsers soos Gramont en Tomás vasgestel is dat die graad van /...

van hoorbaarheid van vokale in die orde: a, o, e, i, u verminder. Net soos by konsonantfoneme is by vokale ook dieselfde verband tussen die mate van hoorbaarheid van 'n klank en die openingsgraad van die artikulasieholte. Met hierdie beginsels toegepas op die vokaalfoneme van Sotho blyk dit dat die oop vokaalfoneme ô en ê luid is in opposisie tot die geslote foneme u en i. Die foneme e en o is bipolaar ten opsigte van luidheid, d.w.s. luid in opposisie tot i en u maar gedemp in opposisie tot ê en ô. Die foneem a is luid in opposisie tot alle ander vokaalfoneme.

Die kenmerkonderskeidende luidheidskorrelasie van die Sotho-vokaalfoneme aktualiseer dus volgens die volgende patroon:

Luid:	a	ô	ê
Gedemp:	o	u	i
Luid:	ê	ô	
Gedemp:	e	o	
Luid:	e	o	
Gedemp:	i	u	

Korrelasies van onderskeidende kenmerke van die Sotho-foneme word in tabel III aangegee.

TABEL III

ONDSKEIDENDE FONEEMKENMERKE

FONEEM	i	u	o	e	ê	ô	a	b	p	t	k	f	x	s	ɸ	m	n	ŋ	l	r	w	j	h	q
Vokalies (+) / Konsonanties (-)	+	+	+	+	+	+	+	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	+	+	+	+	+
Akuut (+) / Graaf (-)	+	-	-	+	+	-	+	-	-	+	-	-	-	+	+	-	+	-	+	+	-	+	-	-
Luid (+) / Gedemp (-)	-	-	+	+	+	+	+	-	-	+	+	-	+	+	-	-	+	+	-	-	+	+	-	+
Nasaal (+) / Oraal (-)												-	-	-		+	+	+						
Konstriktief (+) / Afgesluit (-)											-	-	-	+	+	+								
Stemhebbend (+) / Stemloos (-)									+	-														
Intermitterend (+) / Nie- Intermitterend (-)																							-	+
Suigklank (net in Suid-Sotho)																								+

1.18 Ejeksie en Aspirasie

Ejeksie het geen onderskeidende funksie nie. Dit verskyn gewoonlik saam met die eksplosiewe en affrikate sonder fonologiese betrekking. Dit verskil ook in merkbaarheid in die tale van die groep, asook van een dialek tot 'n ander. In Tswana is die ejektiewe kwaliteit gewoonlik die duidelikste waarneembaar.

Aspirasie is fonologies distinktief. Dit blyk uit opposisies soos /-rata/ 'lief hê' : /-ratha/ 'kap'. Die vraag of aspirasie beskou moet word as realisering van 'n outonome foneem of as 'n kenmerkende foneemeienskap word in par. 3.3. bespreek.

1.19 Vokaalfoneme

Die vokaalfoneme vorm 'n aparte reeks in die taalstruktuur wat op grond van hul oraal-vokaliese eienskappe van die orale konsonantfoneme, die nasale konsonantfoneme en die semivokaalfoneme onderskei word.

Aan- of afwesigheid van nasaliteit is by die Sothovokaalfoneme nie 'n onderskeidende foneemkenmerk nie. Nasale resonansie by vokale word soms waargeneem as posisionele variante, gekondisioneer deur 'n voorafgaande of volgende nasale konsonantfoneem.

Aan- of afwesigheid van stemtoon is ook nie 'n onderskeidende kenmerk van vokaalfoneme nie.

Die vokaalfoneme word slegs deur twee foneemkenmerke onderskei, nl. die korrelasies akuit : graaf en luid : gedemp.

1.20 Konsonantfoneme

In die struktuur van Sotho word in die konsonantreeks onderskei tussen orale konsonante en nasale konsonante.

Binêre /...

Binêre korrelasiereekse van onderskeidende foneemkenmerke word gerealiseer tussen hierdie twee groepe.

1.21 Die Oraal-konsonantiese Foneme

Oraal-konsonantiese foneme word hoofsaaklik ouditief van mekaar onderskei deur kenmerke van akuut : graaf en luid : gedemp, asook in mindere mate deur konstriktief: afgesluit. Die stemtoonkorrelasie dien slegs om die foneme /b/ en /p/ van mekaar te onderskei.

Struktureel is /p/ die eenvoudigste foneem deurdat sy kenmerkende eienskappe in alle korrelasies negatief is.

1.22 Vokaliese Konsonantfoneme

Die vokaliese konsonantfoneme /l, r, w, j, h/ word van vokaalfoneme en konsonantfoneme onderskei deurdat hulle artikulatoriese en ouditiewe kenmerke van konsonante sowel as vokale besit. In funksie het die liquida-konsonantfoneme /l/ en /r/ dit met die vokaalfoneme (asook met die nasaalfoneme) daarin gemeen dat hulle die sillabespits kan vorm en toondraend kan wees. Die funksie van die vokaliese konsonante /w, j, h/ is by uitstek dat hulle met konsonantfoneme verbind om swak gesnede of ongesnede foneemgroepe te vorm. Die konsonantfoneme /s, ʒ, x/ toon ook in mindere mate hierdie neiging.

Weens sy vokaliese en konsonantiese eienskappe is die h-foneem in Sotho 'n vokaliese konsonant. Le Roux en Pienaar⁵⁴⁾ is van die eerste fonetici wat gewys het op die vokaliese en konsonantiese eienskappe van die h-foon. Jakobson, Fant en Halle⁵⁵⁾ het veel later eksperimenteel bewys dat h 'n vokaliese konsonant is, deurdat "They are distinct from the consonants in that they have no significant /...

cant zeros in their spectra".

Die liquida-foneme /l/ en /r/ word enkel deur die intermitterende korrelasie onderskei. Andersins word die vokaliëse konsonantfoneme uitsluitlik deur die korrelasies akuut : graaf en luid : gedemp onderskei.

1.23 Die Nasale Konsonantfoneme

Die nasale vorm slegs 'n reeks konsonantfoneme en geen vokaalfoneme nie.

Stemtoon en konstrikasie vorm hier geen onderskeidingskorrelasies nie, omdat stemlose en afgeslote nasale nie in Sotho gevind word nie.

Nasaalfoneme word uitsluitlik deur hul korrelasies akuut : graaf en luid : gedemp van mekaar onderskei.

1.24 FONEEMVARIANTE

Behalwe fonologiese opposisies en korrelasies bestaan daar in die taalgroep ook 'n aantal nie-fonologiese of ekstrasfonologiese variante en korrelate. Al die variasies val binne die begrensing van 'n foneem en word na verwys as foneemvariante. Bv., die /o/ in SS mofori 'bedrieër' vorm 'n variant van /o/ soos in fora 'bedrieg'. Die fone [o̥] en [o] vorm foneties 'n korrelasie, maar fonemies 'n eenheid. In die terminologie word egter slegs by fonologiese betrekkinge na opposisie en korrelasie verwys.

Nie-fonologiese variante van die volgende aard word gevind, nl.:

Uitspraakvariante. Dieselfde proefpersoon spreek 'n foon na willekeur verskillend uit in 'n woord om dieselfde betekenis weer te gee. Sulke variasies het geen fonologiese betekenis /...

betekenis nie en word buite rekening gelaat.

Individuele variante. Kom voor in gevalle waar proefpersone, met dieselfde stamverband, nie alle fone in dieselfde woord eners uitspreek nie. Vergelyk bv. die alveolêre [r] en uvulêre [R] in Suid-Sotho.

Streeksvariante. Dialektiese variasies in die uitspraak van dieselfde woorde kom voor, bv. in Tswana

mpša 'hond', dialekties mpsa;

šêla 'brand vir', dialekties fšêla;

feta 'verbygaan', dialektiese heta.

Na sulke variasies word slegs verwys wanneer dit lig werp op fonemiese verskynsels in die taal.

Posisionele variasies van foneme. Foneme kan varieer of fluktueer, gekondisioneer deur naburige klanke: bv.

NS ga a dira vir gê a dira 'as hy werk'; ge o dira vir gê o dira 'as jy werk'; lehlôgônônô naas lehlôgônôlô 'seën'; phapha naas phafa 'ystervarkpen'.

Posisionele foniese variante. Posisionele foniese variante word hoofsaaklik gekondisioneer deur 'n aangrensende of nabyliggende foneem, sonder funksionele betekenis; so'n verandering is van 'n suiwer ouditief-artikulatoriese aard; /k/ voor [ε] word bv. meer na vore uitgespreek as /k/ voor [o]. Maar 'n tweede reeks, morfemies-gekondisioneerde variante, word ook gevind. Hier word vernoude vokaal-variante gekondisioneer deur 'n aangrensende of nabyliggende morfeem. Blykbaar is dit slegs 'n artikulatoriese beïnvloeding deur die konstituerende foneme van die betrokke morfeem. Dit is twyfelagtig of hierdie reeks veranderinge 'n morfofonemiese betekenis het in die sin dat hul medebepalend is vir die morfeem se funksionele betekenis, want vernoude vokale word ook sonder fungerende morfeme aangetref, bv. S [kxhɔmo] 'bees'. Die volgende is voorbeelde van

morfofonemies /...

morfofonemies gekondisioneerde variante: [rɛk'a] 'koop', maar [rɛkilɛ] 'het gekoop'. Die foon [ɛ] in die laaste voorbeeld is meer geslote as [ɛ] in die eerste voorbeeld. Asook: SS [phela] 'leef' maar [phɛdisa] 'laat lewe'. (Vgl. verder par. 2.1).

Morfofonemiese variante of korrelate word gevind waar 'n foneem 'n fonetiese verandering ondergaan onder invloed van 'n voorafgaande of volgende morfeem. Fv. as die verbum ruta 'leer' voorafgegaan word deur die morfeem i-, naamlik die refleksiefprefiks, word die vorm ithuta 'self leer' gevind. Die foon [th] is dus 'n morfofonemiese variant of korrelaat van die foneem /r/. Die morfofonemiese verandering is konkomitant by die morfeem se morfologiese funksie.

Na die prefikse n- (le per. ekv. voorwerp) en i- (refleksief) vind ons ph, th, kg, tsh as morfofonemiese variante of korrelate van f, r, g, en s onderskeidelik. Bv. go rata 'om lief te hê' maar o a nthata (hy het my lief', ke a ithata 'ek het myself lief'. Fone, wat in sommige posisies foneemopposisies vorm, kom in ander posisies as nie-fonologiese morfofonemiese variante of korrelate voor. (Vgl. par. 5.1 vlg.)

Die wisseltoets word as uitgangspunt vir die bepaling van foneme en foneemvariante geneem. As twee klanke in bepaalde posisies nie in betekenisonderskeidende opposisie tot mekaar kan staan nie, behalwe in gevalle van komplementêre distribusie, word hulle as variante van mekaar beskou.

Posisionele variante van foneme kan 'n heel verskillende latitude hê, na gelang hul minder of meer van mekaar afwyk. Die latitude, bv. tussen [e] en [ɛ] is minder as tussen [l] en [d]. Die vraag ontstaan of by so 'n

groot /...

groot verskil in latitude die foneme nog in die taal as variante bestaan. Van Wijk⁵⁶⁾ toon hoe 'n variant aangetrek kan word na 'n outonome foneem. Vgl. par. 4.6. So is [l] bv. aangetrek na /ɹ/ in die foneemgroep /tɹ/ (vgl. par. 4.30 en 4.6). Van Wijk⁵⁶⁾ maak melding van ou Indo-Iraans waar k en g voor e- en i-klanke tot affrikate ts en dz oorgegaan, maar voor a-, o-, u-klanke velaar gebly het. Later is die posisieverskil opgehef deurdat die e- klanke tot a- klanke verander het. Toe kon voor 'n a- klank sowel k, g as ts, dz staan, sodat die opposisies k : ts, g : dz nou 'n differensiërende funksie gekry en elkeen van die vier klanke dus 'n aparte foneem gevorm het. Sulke voorbeelde word ook in Sotho gevind. Die Oerbantoe foneem /k/ stem gewoonlik ooreen met Noord-Sotho /x/.

Maar in die volgende posisies word variante gevind wat aangetrek is tot Noord-Sotho s, ʃ en h:-

Oerbantoe	<u>ka</u>	stem	ooreen	met	Noord-Sotho	<u>ga</u>
"	<u>ku</u>	"	"	"	"	<u>go</u>
"	<u>ki</u>	"	"	"	"	<u>se</u>
"	<u>kî</u>	"	"	"	"	<u>ʃi</u>
"	<u>kû</u>	"	"	"	"	<u>hu</u> .

By die morfofonemiese korrelasies (par. 5.1-5.18) korreleer outonome foneme met mekaar. In hierdie posisies word geen fonologiese variante gevind nie.

1.25 NEUTRALISASIE EN ARGIFONEEM

Die verskynsels bekend as neutralisasie en die argifoneem word volledig bespreek deur Trubetzkoy⁵⁷⁾, Martinet⁵⁸⁾ en Van Wijk⁵⁹⁾. Dit bestaan daarin dat foneme in sommige posisies in opposisie tot mekaar gestel kan word, maar in ander posisies weer nie van mekaar onderskei kan word nie. As 'n kenmerkende voorbeelde van hierdie ver-

skynsel /... .

skynsel verwys Martinet⁶⁰⁾ na Russies waar /b/ nooit in opposisie tot /p/ aan die einde van 'n woord kan staan nie. Die woord /pop/ wat „priester” beteken, kan in hierdie taal dus nooit in opposisie tot 'n woord „pob” staan nie. Dit voer hom tot die gevolgtrekking dat: „though the second p of [pop] is just as voiceless as the first, this feature is not to be retained in that particular case as relevant, since it can never display any distinctive function. Therefore the second p of [pop] is not to be considered as a realization of the p - phoneme, but as a representative of a phonological unit which is characterized by the relevant features common to Russian b and p, viz. bilabial and oral articulation. This unit is called an 'archi-phoneme' and the opposition between b and p is said to be neutralized in final position”. Hy is van mening dat 'n argifoneem as 'n aparte foneem fungeer en as sodanig aangedui moet word. Ook in Afrikaans, nes in Nederlands, word stemhebbende konsonante stemloos aan die einde van 'n woord. Bv. /bant/ , maar in die meervoud /bandə/.

Dit is egter sterk te betwyfel of daar in hierdie sin regverdiging bestaan vir 'n aparte begrip van argifoneem. Dit skyn suiwer 'n posisionele variant te wees van die foneem in slotposisie wat aangetrek is na 'n ander outonome foneem. Cohen⁶¹⁾ wys tereg daarop dat die hele beredene-ring te veel op 'n fonetiese grondslag berus en: „this unsatisfactory outcome can only be avoided by taking the significant function as the basis of the investigation, without having recourse to any aprioristic reasoning concerning the systematic oppositional character of the phonemic system.”

As by die studie van Bantoetale van die begrip argifoneem gebruik gemaak word, het dit hoofsaaklik 'n dia-

chroniese /...

chroniese vergelyking tot grondslag. In Sotho word die gerekonstrueerde Oerbantoefoneem, d.w.s. die argifoneem, in sommige posisies weer gerealiseer. In normale posisies word B k, t, p in Sotho gerealiseer as: g, r, f. Bv. B -kama, -tatu, -pa, word in Sotho gevind as: gama 'melk', raro 'drie', fa 'gee'. Gekondisioneer deur die aanvangsklanke n-, by die eerste persoon enkelvoud as voorwerp, en i- by die refleksief, tree die argifoneem egter weer na vore, meesal gevolg deur aspirasie. Bv. NS rata 'bemin', maar: o a nthata 'hy bemin my' en ke a ithata 'ek bemin myself'; fa 'gee', maar: o mpha mphô 'hy gee my 'n geskenk', en ke a ipha mphô 'ek gee myself 'n geskenk'; gata 'trap', maar: o a nkgata 'hy trap my', en ke a ikgata 'ek trap myself'.

Sinchronies gesien egter is /th/, /ph/ en /kxh/ morfofonemiese variante of korrelasies van die foneme /t/, /f/ en /x/ (vgl. par. 5.17).

1.26 FONOLOGIESE RELEVANSIE VAN DIE PROSODIESE ELEMENTE

Die prosodiese elemente wat in die taalgroep gevind word is:

- (a) klem, waarna soms ook in fonologiese werke verwys word as aksent of kragaksent;
- (b) duur of lengte, waarna in fonologiese werke verwys word as kwantiteit;
- (c) toonhoogte.

Al die prosodiese elemente saam help om aan 'n taal sy kenmerkende sinsmelodie of intonasie te gee.

1.27 Klem

Klem is onderskeibaar van ander prosodiese eienskappe en bestaan ongeveer daarin dat klanke hard d.w.s. met

nadruk /...

nadruk en met krag, of sag en met minder krag uitgespreek word.

In die Sotho-taalgroep is klem nie altyd maklik onderskeibaar nie omdat dit dikwels saamval met lengte en hoogtoon. Daarom word daar by taalkundiges nogal uiteenlopende beskouings hieroor gevind. In die meeste grammatikawerke word aangevoer dat klem op die voorlaaste lettergreep van die „woord“ rus, terwyl die „woord“ terselfdertyd in die sin sou afgebaken word deurdat sy voorlaaste lettergreep klem dra.

Tucker⁶²⁾ se bevinding is dat die twee laaste sillabes in 'n normale sin albei klem dra. Hy beskou klem op die voorlaaste sillabe as primêr objektief en die laaste sillabe as subjektief.

Ziervogel⁶³⁾ is van mening dat klem op die wortellettergreep val. Hy onderskei ook tussen volle klem, wat duidelik hoorbaar is waar lengte terselfdertyd voorkom, en halwe klem, wat gewoonlik rus op monosillabiese stammorfeme wat deur 'n funksionerende morfeem voorafgegaan word, asook op sommige funksionerende morfeme self. Van Wyk⁶⁴⁾ se beskouing sluit gedeeltelik hierby aan. Hy kom tot die besluit dat klem, met insluiting van lengte, „hoogstens as woordklasteken aangewend word“.

Klem is in Sotho nie 'n fonemiese realisering nie omdat dit geen betekenisonderskeidende funksie het nie. In enkele gevalle het klem skynbaar 'n distinktiwe funksie, bv. /-dira/ 'doen' met klem op die eerste sillabe teenoor /díra/ 'leërs' met klem op die tweede sillabe. Maar by al sulke gevalle word gevind dat die skynbare verskil in klem ook saamhang met 'n verskil in toon. Klem is slegs 'n fonetiese verskynsel wat konkomitant is met duur en hoogtoon. As duur en hoogtoon op dieselfde sillabe val,

is /...

is klem op so 'n sillabe veral duidelik waarneembaar.

Klem kan hoogstens bydra om bepaalde morfeemsoorte of woordklasse te onderskei. Dit kan moontlik bydraende morfematiese en sintagmatiese funksies hê, maar sulke funksies val buite die bestek van hierdie ondersoek.

Omdat klem by 'n fonemiese ontleding nie relevant is nie, het die verskynsel dus geen betrekking op die beskrywing van die taalgroep se fonemiese struktuur nie.

1.28 Duur

Duur is 'n prosodiese eienskap wat betrekking het op die lengte of kwantiteit waarmee fone geartikuleer word. Basies is dit 'n fonetiese verskynsel. Indien dit 'n betekenisonderskeidende funksie in 'n taal het, is dit ook fonologies relevant.

In Sotho is daar duidelik 'n verskil waarneembaar in die duur waarmee fone geartikuleer word. Wanneer twee konsonante naas mekaar te staan kom vind daar dikwels 'n inkorting van duur plaas, wat gepaard gaan met 'n verskil in gesnedenheid van foneemverbindings. Vergelyk verder par. 4.2 vlgg. By die konsonante is duurinkorting hoofsaaklik 'n kenmerk van die taal se fonetiese struktuur sonder betekenisonderskeidende en dus sonder fonemiese funksie.

By die vokale is verskillende grade van duur waarneembaar. Eerstens word daar die gewone of normale duur gevind. Dit is die algemene duur wat meesal by die artikulering van vokale gehoor word. Dit dien as die norm vir vergelyking. Tweedens word 'n verlengde duur gevind by vokale en sillabiese konsonante in die voorlaaste sillabe van 'n woord wat nie alleenstaande is of aan die einde van 'n sin of woordgroep voorkom nie. Derdens, word 'n langverlengde /...

verlengde duur gevind by vokale en sillabiese konsonante in die voorlaaste sillabe van 'n alleenstaande woord of 'n woord wat aan die einde van 'n sin of woordgroep voorkom. Vierdens word ideofonies-langverlengde duur gevind na sekere ideofone, bv. SS ho re tuuu, met buitengewone lang lengte na /u/. Vyfdens word ingekorte duur gevind by die vokale in die voorlaaste sillabe van vraagsinne en --sin-snedes. Laastens, word ideofonies-ingekorte duur gevind by sekere ideofone. Vgl. bv. SS ho re tu met skerp duur-inkorting van /u/.

As die betekenisonderskeidende funksie van duur in bogenoemde gevalle ondersoek word, blyk dat duur in die eerste, tweede en derde geval deur die vokale se sinsposisie gekondisioneer word en dus nie fonologies relevant is nie. In die vyfde geval het dit geen woordonderskeidende funksie nie, maar wel 'n sintakties onderskeidende funksie. In die vierde en laaste geval het lengte wel 'n woordonderskeidende funksie. Die voorbeeld in die vierde geval met buitengewone lang lengte beteken „om langsaam stil te word“, terwyl die laaste voorbeeld beteken „om skielik stil te word“. Die basiese betekenis bly dieselfde, maar deur 'n verandering van duur verkry die woord 'n betekenisvariasie. Durur het dus hier 'n betekenisonderskeidende funksie op die fonologiese vlak. Die ideofone vorm egter nie 'n tenvolle geïntegreerde deel van die normale taalstruktuur nie, maar word altyd interjektief gebruik. Verder kan duurverskil by ideofone ook nooit woorde met heeltemal verskillende betekenisse onderskei nie. Daar kan hoogstens graadverskille van betekenis uitgedruk word.

Dit is duidelik dat duur in die sisteem van die tale 'n fonologiese funksie het. Maar dit het nie 'n foneemonderskeidende funksie nie omdat dit eerstens nie normale

woorde /...

woorde in die taalsisteem onderskei nie en tweedens by die ideofone slegs betekenisvariasies uitdruk. Duur het dus 'n suprasegmentele funksie om sintaktiese en ideofoonbetekenisvariasies uit te druk.

1.29 Toonhoogte

Daar bestaan 'n wesenlike verskil in aard tussen intonasie en toonhoogte. Waar toonhoogte die hoogte van 'n musikale toon is, waarop 'n klank uitgespreek word, is intonasie die melodiese verloop van klanke in 'n sin of taaluiting as geheel. Intonasie omvat eintlik al die prosodemiese elemente, nl. klem, toonhoogte en duur. Die sinsmelodie bestaan uit 'n ritmiese afwisseling van hierdie drie prosodemiese elemente, wat betekenis en die taal se kenmerkende aard aan 'n taaluiting verleen.

Met behulp van proefpersone is 'n lys opgestel van woorde wat foneties gelyk is, dog met verskillende toonhoogtes uitgespreek word. Toonhoogtes is aangeteken deur die woord in isolasie te laat uitspreek, en in hierdie posisie word in die teks daarna verwys as toonhoogte in normale posisie.

Dit skyn of die toonhoogtes besig is om hul funksionele outonomie te verloor en meer ondergeskik aan die intonasiepatroon te raak. Verskeie proefpersone gee soms effens verskillende toonwaardes aan gelyke uitdrukkings. Dieselfde proefpersoon is soms onseker oor die presiese toonhoogte van uitdrukkings. Intonasie het ook as funksie om die intensiteit van bepaalde sillabes te versterk of te verminder en om sodoende aan 'n taaluiting funksie en betekenis te verleen. So het 'n nomen aan die begin of in die middel van 'n uitdrukking bv. hoogtoon op die slot-sillabe, terwyl dieselfde nomen aan die einde van 'n uitdrukking /...

drukking met laagtoon uitgespreek word, In NS kgoši e ile motseng 'die kaptein is na die stad', word albei sillabes van kgoši met hoogtoon uitgespreek. In die Noord-Sotho uitdrukkings: monna yo ke kgoši 'hierdie man is die kaptein' en ke bolêla le mosadi wa kgoši 'ek praat met die kaptein se vrou' word kgoši egter in albei gevalle met hoogtoon op die eerste, maar met laagtoon op die tweede sillabe uitgespreek. Sommige tonetiese variasies in die intonasie verloop van die sin is waarskynlik aan toonassimilasie en -dissimilasie toe te skryf. So word die nomenprefikse bv. deurgaans met middeltoon uitgespreek, terwyl hul in vergelyking met omliggende toonhoogtes 'n realisering van lae toon is. Wanneer 'n nomen met lae toon van die slotsillabe in normale posisie, aan die einde van 'n uitdrukking voorkom, sak die laagtoon van die slotsillabe nog 'n toon laer as gevolg van intonasie. Die volgende foneties gelyke woorde in Noord-Sotho het verskillende toonhoogtes in normale posisie; toonhoogte word vir die opeenvolgende sillabes aangedui deur die diakritiese tekens ' vir hoogtoon en ` vir laagtoon.

<u>bàlá</u>	- 'daardie'	<u>bjàlá</u>	- 'bier'
<u>bá lá</u>	- 'daar ver'	<u>bjá lá</u>	- 'om te plant'
<u>go bàlá</u>	- 'om te lees'	<u>bjá ng</u>	- 'hoe?'
<u>bà lá</u>	- 'lees!'	<u>bjà ng</u>	- 'gras'
<u>kgàpà</u>	- 'ram'	<u>bàkà</u>	- 'veroorzaak'
<u>kgá pà</u>	- 'kleipot'	<u>bà kà</u>	- 'veg'
<u>fàlá</u>	- 'daar'	<u>gàfà</u>	- 'betaal'
<u>fá lá</u>	- 'daar ver'	<u>gá fà</u>	- 'mal word'
<u>fà lá</u>	- 'skraap'	<u>kgámà</u>	- 'hartbees'
<u>gánà</u>	- 'weier'	<u>kgàmà</u>	- 'om te wurg'
<u>gáná</u>	- 'wie'	<u>làpá</u>	- 'werf'
<u>kgábò</u>	- 'n vlam'	<u>làpà</u>	- 'moeg word'
			<u>kgàbó</u> /...

<u>kgàbó</u>	- 'aap'	<u>bòtálá</u>	- 'groen'
<u>pèlà</u>	- 'das'	<u>bòtálà</u>	- 'ouderdom'
<u>pèlá</u>	- 'gou'	<u>sèkà</u>	- 'getuienis gee'
<u>pèlà</u>	- 'klavier'	<u>sékà</u>	- 'suiwer wees'
<u>mòlèlà</u>	- 'nek'		
<u>mòlálà</u>	- 'vlakte'		

Toonhoogtes van woorde in isolasie volg 'n bepaalde toonpatroon. By tweelettergrepige woorde bv. word die volgende patrone gevind:

- (1) Laag - Laag. Bv. fàlà 'skraap', hlàbà 'opkom'.
- (2) Laag - Hoog. Bv. bjàlá 'bier', pèlá 'n das'
- (3) Hoog - Laag. Bv. bákà 'vercorsaak', kgámà 'hartbees'.
- (4) Hoog - Hoog. Bv. fálá 'daar ver', gáná 'wie?'.

Wanneer die woorde in sinne of sinsnedes gebruik word, kom verskillende toonpatrone naas mekaar in 'n toonraam te staan, wat die taalgroep se kenmerkende sinsintonasie vorm. In die toonraam vind dikwels 'n verskuiwing van toonpatrone plaas as gevolg van assimilasie, dissimilasie of afslyting van tone, wat in die middel van lang uitdrukkinge kort en snel op mekaar volg. Morfemiese veranderinge word dikwels gerealiseer in 'n verandering van die toonraam, d.w.s. sinsintonasie met morfologiese funksie. Vgl. ook Endemann se bevindinge in Tsonga.⁶⁵⁾

Tenspyte van 'n groot aantal tonetiese wisselinge, bestaan daar morfofonemies slegs twee basiese tone met betekenisdraende en morfematiese en sintagmatiese funksie, naamlik hoogtoon en laagtoon. Die toonpatroon van 'n woord het hierdie twee basiese tone ten grondslag. Soos reeds aangetoon word die toonpatroon medebepaal deur 'n woord se posisie in die sin en sy sintagmatiese funksie.

Hoe wisselend die toonpatroon is, blyk ook uit die toonhoogte van morfeme. Verbale suffikse neem eenvoudig

die /...

die basiese toneempatroon van die verbum aan. By 'n verbum met lae toon is die suffiks ook laag en by 'n verbum met hoë toon is die suffiks weer hoog. Die klasprefikse en die diminutiefsuffiks -ana is blykbaar toneties neutraal. Die toonhoogte waarop hulle uitgespreek kan word laat aansienlike tonetiese wisseling toe. Ander morfemiese toonhoogte is weer by uitstek verantwoordelik vir die melodiese toonverloop, bv. die onderwerpskakels, die copula en die negatief a.

Die relatiewe hoogte van tone verskil nie alleen van persoon tot persoon nie, maar daar ontstaan 'n wedersydse beïnvloeding wanneer verskillende tone in dieselfde sinsverband saamgedring word. 'n Assimilasie van tone vind plaas; so 'n assimilasie kan volledig of onvolledig wees. Die melodiese verloop van tone word hier deur 'n suiwer fonetiese proses bepaal, met min betekenis vir die fonemiese struktuur van die taal. Dit verklaar waarom taalkundiges soms so 'n groot aantal toonhoogtes vir 'n Bantoe-taal aanteken.

Die vraag ontstaan of toon nie beskou moet word as 'n onderskeidende foneemkenmerk nie, veral as gevolg van voorbeelde hierbo genoem, waar toon blykbaar die verantwoordelike kenmerk is vir begripsopposisies. As dit die geval is, sal die vokale en sillabiese konsonante, nl. m, n, ng, ny, r, l wat hoofsaaklik die toondraende foneme is, in twee reekse aparte foneme moet ingedeel word, nl. dié met hoogtoon en dié met laagtoon. Voorafgaande bevindinge regverdig egter nie so'n beskouing nie. Toonhoogte is nie beperk tot 'n enkel foneem nie, maar raak 'n sillabe, en word medebepaal deur die intonasie as gevolg van die woord se sinsposisie. In slotposisie vind 'n verskuiwing van toonhoogte plaas, terwyl in die middel van 'n

lang /...

lang sin die betrokke woorde 'n mate van toonassimilasie ondergaan. Sommige foneties gelyke woorde wat egter aan verskillende rededele behoort, het ook gelyke toonhoogtes en word semanties slegs deur hul sinsposisie onderskei, bv. die nomen kgókà 'n paling' teenoor die verbum kgókà 'vasbind'. Toon kan hier nie beskou word as 'n permanente kenmerkende foneemeienskap nie, maar wel as 'n wisselende bykomende eienskap met fonemiese, morfematiese en sintagmatiese funksie. Onderzoek het getoon dat foneties gelyke woorde deur hul sinsverband onderskei word en nie soseer deur toonhoogte nie.

In die ondersoek is fonemies gelyke woorde ontleed, afgesien van toonverskille. Woorde wat aan verskillende woordklasse of rededele behoort, is ook met mekaar vergelyk, soos blyk uit bostaande tabel. Dit word gedoen om vas te stel of daar 'n verband bestaan tussen die rededeel waaraan 'n woord behoort en sy toonpatroon. Dit is bevind dat so 'n verband nie bestaan nie.

Die morfematiese funksie van toon blyk, soos hierbo aangetoon, uit die wisseling van funksionerende morfeme se toon gekondisioneer deur die toonhoogte van die wortelmorfeem.

Met die voorbeelde hierbo word die sintagmatiese funksie van toon geïllustreer. As toon ook 'n fonemiese funksie het moet woorde wat deur toon onderskei word, deurgaans hul verskil in toon behou. Dat dit nie die geval is nie, blyk uit die volgende Tswana voorbeelde:-

- (a) gò fìtlhà 'aankom'.
- (b) gà ké á fìtlhá nòkèng 'Ek het nie by die rivier aangekom nie'.
- (c) gò fìtlhà 'wegsteek'.
- (d) gà ké à fìtlhá thìpè 'Ek het nie die mes weggesteek nie', maar
- (e) mònnà yó ó fìtlhàng 'Die man wat wegsteek of die man wat aankom'.

Hoewel die twee woorde fitlhà 'aankom' en fitlhà 'wegsteek' in voorbeelde (a), (b), (c) en (d) verskil in toon, het albei woorde in voorbeeld (e) dieselfde toon. Toonhoogte is dus geen permanente onderskeidende foneemkenmerk nie, want dit vorm nie 'n konstante eienskap wat foneme van mekaar onderskei nie. Toonhoogte is ook nie 'n realisering op fonemiese vlak nie, hoewel dit fonologies relevant is as 'n morfematiese en sintagmatiese realisering. Dit het nie betrekking by 'n ontleding van die taalgroep se segmentele fonemiese struktuur nie. Dit vorm 'n fonologiese realisering op sigself, dit wil sê 'n toneem.

1.30 Gevolgtrekking

Die prosodiese elemente in die Sotho-taalgroep gee ener syds aan die taalgroep sy kenmerkende intonasie en is andersyds 'n suprasegmentele fonologiese manifestasie wat op die segmentele struktuur van die taal gesuperimpooneer word. Suprasegmenteel het dit 'n morfematiese, sintagmatiese en delimitatiewe funksie in die taalsisteem, maar dit is nie relevant op die suiwer fonemiese vlak nie omdat dit geen betekenisonderskeidende funksie het in die segmentele foneme van die taalgroep nie.

1.31 AANTEKENINGE

1. Principles of the I.P.A., par. 30.
2. Cole, Tswana Grammar, par. 1.6.
3. Principles of the I.P.A., par. 24.
4. Vgl. Bantoe-onderwysblad, no. 9, vol. V van 1959.
5. Bloomfield, Language, bl. 78.
6. Vgl. de Saussure, Course in General Linguistics.
7. Van Wijk, Phonologie, bl. 91.

8. Trubetzkoy, Grundzüge, bl. 34.
9. Bloomfield, Language, bl. 79.
10. Martinet, Phonology as Functional Phonetics, bl. 3.
11. Twaddell, On Defining the Phoneme, bl. 92.
12. Vgl. Van Wijk, Phonologie, bl. 92.
13. Van Wijk, Phonologie, bl. 99.
14. Jones, The Phoneme, bl. 7.
15. Pike, Phonemics, bl. 63.
16. Martinet, Phonology as Functional Phonetics, bl. 19.
17. Martinet, Phonology as Functional Phonetics, bl. 20.
18. Trubetzkoy, Grundzüge, bl. 66.
19. A. Sechehaye, Les trois linguistiques saussuriennes.
20. J. Serech, Phonema Errans, bl. 413.
21. Whatmough, Language, bl. 68.
22. Bloomfield, Language, bl. 144.
23. Harris, Methods, bl. 191.
24. Pike, Phonemics, bl. 242.
25. Sapir, Language, bl. 34.
26. Reichling, Het Woord.
27. Doke, Word Division in Bantu, bl. 10.
28. Doke, Word Division in Bantu, bl. 15.
29. Doke, Bantu Linguistic Terminology, bl. 192.
30. Lestrade, Word-Division in Bantu.
31. Van Wyk, Woordverdeling, hoofstuk 5.
32. Fortune, Parts of Speech of Bantu.
33. Ziervogel, Handboek, bl. 7.
34. Ziervogel, Grammar of Swazi, bl. 18.
- Ziervogel, The Eastern Sotho, bl. 30.
- Ziervogel, A Grammar of Northern Transvaal Ndebele, bl. 28.
34. Ziervogel, Grammar of Swazi, bl. 18.
35. Ziervogel, Grammar of Swazi, bl. 20.
36. Ziervogel, Grammar of Swazi, bl. 18.

37. Van Wyk, Woordverdeling, bl. 210.
38. Ziervogel, Grammar of Swazi, bl. 18.
39. Martinet, Phonology as Functional Phonetics, bl. 13.
40. Hjelmslev, On the Principles of Phonematics.
41. Jakobson, On the Identification of Phonemic Entities,
bl. 206.
42. Jakobson, Fant & Halle, Preliminaries, par. 1.1.3.
43. Jakobson, Fant & Halle, Preliminaries, par. 1.2.
44. Garvin, Review on: Preliminaries.
45. Licklider, On the Process of Speech Perception.
46. Soffietti, Phonemic Analysis.
47. Soffietti, Phonemic Analysis, bl. 8.
48. Jakobson, Fant & Halle, Preliminaries, bl. 18.
49. Jakobson, Fant & Halle, Preliminaries, bl. 19.
50. Soffietti, Phonemic Analysis, bl. 12.
51. Soffietti, Phonemic Analysis, bl. 14.
52. Vgl. Harvey Fletcher, Speech and Hearing, bl. 71.
53. Soffietti, Phonemic Analysis, bl. 13.
54. Le Roux & Pienaar, Afrikaanse Fonetiek, par. 800 vlgg.
55. Jakobson, Fant & Halle, Preliminaries, bl. 19.
56. Van Wijk, Phonologie, bl. 74.
57. Trubetzkoy, Die Aufhebung der phonologischen Gegensätze.
58. Martinet, Neutralisation et Archiphonème.
59. Van Wijk, Phonologie, bl. 78.
60. Martinet, Phonology as Functional Phonetics, bl. 4 & 5.
61. Cohen, The Phonemes of English, bl. 36.
62. Tucker, Comparative Phonetics, par. 252 & 253.
63. Ziervogel, Grammar of Ndebele, bl. 21.
64. Van Wyk, Woordverdeling, bl. 286 vlgg.
65. Endemann, Die Intonasie van Tsonga.

HOOFSTUK II

BESKRYWING VAN DIE VOKAALFONEME

2.1 REALISERING VAN DIE VOKAALFONEME

Allereers word die foneme ingedeel in vokale en konsonante. Die grens tussen vokale en konsonante word ingeneem deur die sg. hoë of geslote vokale aan die een kant, nl. i en u en die vokaliëse konsonante en nasale aan die ander kant. Omdat 'n fonemiese groepering nie noodwendig saamval met die fonetiese begrip van klanke nie, is dit nie noodsaaklik om fone op fisiologiese basis te onderskei nie. Die begrippe vokaal en konsonant word gebruik nie weens hul fisiologiese verskil nie, maar daar word op die verskil in funksionele betekenis van die verskillende klanke in die sillabebou gelet. Elke taaluiting bestaan uit 'n vernouing en verwyding van die mondkanaal. Die oomblik wanneer die mondkanaal die grootste wydheid bereik, is die kulminasiepunt van 'n klankgroep en vorm 'n sillabe. Die vokaal as sonoorste element domineer die sillabe, en om die vokaal word die ander klanke gegroepeer na gelang van hul sonoriëit. Die vokaal vorm die dominerende foneem van 'n lettergreep. Die konsonante l, r, m, n, ng en ny kan vokaliëse fungeer en sillabies voorkom. Bv. lla 'huil', mmôna 'sien hom', na 'ek', rra 'vader'. Sillabiese l, r, m, n, ny, ng is egter variante van nie-sillabevormende l, r, m, n, ny, ng omdat hulle nooit betekenisonderskeidend in opposisie tot mekaar kan staan nie.

Daar bestaan 'n reëlmatig herhaalde opeenvolging van konsonantfoneem en vokaalfoneem. Die anlaut is gewoonlik konsonanties en die auslaut altyd vokaliëse: In gevalle waar 'n vokaal as aanvangsklank gevind word, word dit soms voorafgegaan deur 'n stembandploffier wat hier die funksie van 'n latente konsonant vervul. Deurdat die stembandploffier

egter /...

egter geen semanties kontrasterende funksie besit nie, word dit by foneemstudie buite rekening gelaat. Dit is 'n suiwer fakultatiewe verskynsel, deurdat die artikulasieorgane ingestel is op 'n konsonantiese anlaut.

Die vokaalsistiem is eenvormig in die hele taalgroep, en geen dialektiese variasies word aangetref nie. Die fone [i] , [e] , [ɛ] , [a] , [ɔ] , [o] , en [u] verwissel betekenisonderskeidend met mekaar en realiseer outonome foneme, naamlik /i/, /e/, /ɛ/, /a/, /ɔ/, /o/ en /u/.

'n Volgende reeks vokale wat in die taalgroep aange-tref word, is die sogenaamde vernoude vokale, naamlik [ɛ̃] , [ɔ̃] , [ē] en [ō]. Hierdie vernoude vokale neem nie 'n outonome posisie in teenoor respektiewelik /ɛ/, /ɔ/, /e/ en /o/ nie en realiseer dus nie outonome foneme nie. Om vas te stel of vokaalvernouing enige ander fonologiese betrekking het, bv. morfefonemiese relevansie, is 'n ontleding gemaak van die verskynsel se voorkoms in die taalgroep.

Vokaalvernouing is as fonetiese verskynsel reeds deur Tucker¹⁾ behandel. Later is dit breedvoerig deur Cole²⁾ vir Tswana behandel. Vernouing vind by al drie tale van die groep onder dieselfde omstandighede plaas. Om onnodige herhaling te voorkom word in die onderstaande ontleding slegs Noord-Sotho-voorbeelde gegee. Dit is gebaseer op Cole²⁾ en Ziervogel³⁾ se bevindinge. Fonetiese simbole word gebruik behalwe dat stembandploffers nie aangedui word nie. Vernouing vind onder die volgende omstandighede plaas: [ɛ] en [ɔ] word vernou tot [ɛ̃] of [ɔ̃] wanneer dit gevolg word deur:

(a) [i] of [u] as slotvokale soos in
[f wɛ̃ u] 'wit', [sɛ̃ ɛ̃ l u] 'ken', [p h ɔ̃ h u] 'eland',
[t l ɔ̃ u] 'olifant'.

(b) die lokatiefmorfeem -ng soos in
[t i r ɔ̃ ŋ] 'by die werk', [t s ɛ̃ b ɛ̃ ŋ] 'by die oor'.

(c) /...

(c) die kousatiefmorfeme iša en -ya, asook die morfologiese korrelate. Vgl.

- [-rəkifja] uit -rêka 'koop',
[-rəβifja] uit -rôba 'breek',
[-βəntʃa] 'wys' uit -bôna 'sien',
[-tsəntʃa] uit -tsêna 'ingaan',
[-æʃtʃa] 'beëindig' uit -fêla 'eindig',
[-tləʃtʃa] 'aansmeer' uit -tlôla 'smeer',
[-tsəʃpa] 'insit' uit -tsêna 'ingaan',
[-xəʃtʃa] 'huis toe bring' uit -gôrôga 'huis toe kom',
[-βəlɛʃa] 'laat dra' uit -bêlêga 'dra'.

Vokaalvernouing sluit hier ook baie gevalle in waarby die oorspronklike nie-kousatiewe stammorfeem van die werkwoord nie meer bestaan nie, maar die bestaande stam 'n kousatiewe vorm veronderstel: vgl.

- [-βɛʃa] 'braai', [-xəʃtʃa] 'vuur aanmaak',
[-tshwɛʃpa] 'pla'.

Vernouing bestaan ook waar nomina afgelei is van verba met 'n kousatiefmorfeem. Vgl.

- [pɛlɛʃɔ] 'las', [phəʃtʃɔ] 'einde'.

(d) die perfektummorfeem -ilê soos in [rəkilɛ] uit -rêka 'koop', [-rəβilɛ] uit -rôba 'breek'.

Die vernoude vokaal [ɛ] kom ook in die volgende gevalle voor:

- (a) in die applikatiefmorfeem -ətša, soos in
[-liʃtʃa] 'oppas vir' uit -diša 'oppas',
[-βilɛʃtʃa] 'roep vir' uit -bitša 'roep';
(b) in die perfektummorfeem [-ilɛ] self soos in:
[-βəilɛ] uit -boa 'terugkeer',
[-βəʃilɛ] uit -bôfa 'vasbind';

[-βəne] van -bôna 'sien'
[-ɛme] van -êma 'staan';

(d) as die vokaal [o] van die inversiewe verbale morfeem -ola of -olla, bv. [-ɛpolla] uit -êpa 'grawe'.

Wanneer 'n vernoude vokaal soms voorkom in 'n nie-diminutiewe nomen, verskyn die oop vokaal egter in die diminutiewe vorm.

Vgl. [kxhəʃi] 'koning' maar [kxhəʃana]
[kxhəmo] 'bees' maar [kxhəwana]

In sommige woorde bestaan daar geen vanselfsprekende rede vir die aanwesigheid van 'n vernoude vokaal nie, vgl.:

[-tɛlələ] 'lank', [seruruβələ] 'skoelapper',

Die invloed van i, u, e en o op 'n voorafgaande vokaal kan ook retrogresief beoefen word op vokale verder na vore.

Alle sillabes met dieselfde vokaal as die eerste onmiddellik voor die geslote vokaal het 'n vernoude vokaal totdat daar 'n verbreking van die [ɛ]- of [o]-tipe voorkom, vgl.

[-omələtʃa] kousatief van -ômêlêla 'verdroog',
[moəmələli] 'verteenwoordiger' van êmêlêla 'verteenwoordig'.

Die vokale [e] en [o] word ook vernou en nog meer geslote uitgespreek. Vernouing vind slegs plaas wanneer 'n i of u in die daaropvolgende sillabe voorkom. Hierdie i of u kom voor

(a) as vokaal in die wortelmorfeem, bv.:

[səliβa] 'put', [mokhuβu] 'nawel';

(b) as 'n slotvokaal: -i as die persoonlike deverbatiwem morfeem, en -u waarvan die funksie onbekend is, bv.:

[βarəki] 'kleremakers' uit -roka 'naaldwerk doen',
[khuβəlu] 'rooi';

(c) as i in die perfektummorfeem -ilê of -itšê, bv.:

[ʔɛtilɛ] van -feta 'verbygaan',
[rəkilɛ] van -roka 'vaswerk',
[βɛditʃɛ] van -betša 'slaan'.

- (d) as i in die kousatiefmorfeem -iša, bv.:
- [-tsomifa] van -tsona 'jag',
[-ləkifa] van -ləka 'probeer';
- (e) vernouing van [e] en [o] vind ook plaas voor die lokatiefmorfeem -ng, bv.:
- [seɬarəŋ] 'by die boom', [baθəŋ] (by die mense'.
- (f) Net soos by [ɛ] en [ɔ] is die retrogressiewe invloed van die geslote vokale ook van toepassing op [o] en [e] , vgl.
- [boɬoɬoɬəŋ] maar bohloko 'pyn',
[kəɬ-fəɬilə] maar -feta 'verbygaan'.

Uit die voorgaande voorbeelde blyk dat die vernoude vokale dikwels konkomitant verskyn met bepaalde morfeme, bv. met -ng, -iša, -ya, -ilê, -etša en -i. Hierdie morfeme het egter almal 'n geslote vokaal, meesal i, in hul struktuur. Indien nie sinchronies nie, dui diachroniese rekonstruering op so 'n geslote vokaal. Maar die verskynsel kom nie net konkomitant met bepaalde morfeme voor nie. Dit word ook aangetref in woorde met -i en -u as slotvokale of in 'n volgende sillabe. Vgl. [-fwəu] , [tləu] , [səɬilə] . Verder word dit ook in woorde aangetref sonder 'n klaarblyklike verklaring vir die verskynsel. Vgl. [-tɛɬɛɬɛ].

Hieruit blyk dat vokaalvernouing geen fonologiese toepasbaarheid toon nie. Die vokale [ɛ], [ɔ], [e] en [o] is respektiewelik fonetiese variante van die foneme /ɛ/, /ɔ/, /e/ en /o/. Die variante vertoon 'n neiging om posisioneel deur geslote vokale gekondisioneer te word. Maar die neiging is egter nie reëlmatig nie. Verskeie gevalle dui op diachronies-historiese kondisionering, waarvoor die oorsake nie fonologies bepaalbaar is nie, en hier nie ter sake is nie.

In /...

In die taalgroep bestaan daar dus net 7 vokaalfoneme met distinktiewe funksie. Hulle kan as volg gerangskik word, met a as die laagste en i en u as die hoogste vokale:

i u
e o
ê ô
a

ê, e en i is voorvokale, a 'n middelvokaal, terwyl ô, o en u agtervokale is. Vgl. Cole²⁾ vir aanduiding van die vokale op die Internasionale Vokaalkaart.

Volgens 'n stuk prosa: BOGALE BJA MARANGRANG⁴⁾ wat goed verteenwoordigend is van die algemene gesproke taal, is die funksionele belasting van die vokale as volg:

<u>Vokaal</u>	<u>Aantal</u> <u>Frekwensies</u>	<u>Frekwensies</u> <u>persent</u>
a	1167	46
e	356	14
o	397	16
ê	315	12
i	166	7
ô	123	4
u	35	1
Totaal	<u>2559</u>	<u>100</u>

Relatiewe frekwensie volgens plek van artikulasie is as volg:

<u>Hoë vokale</u> : <u>Lae vokale</u>	
Lae vokale (<u>a</u> , <u>ê</u> , <u>ô</u>)	- 62 %
Tussenvokale (<u>e</u> , <u>o</u>)	- 30 %
Hoë vokale (<u>i</u> , <u>u</u>)	- 8 %

Voorvokale /...

Voorvokale : Agtervokale

Voorvokale (<u>e</u> , <u>ê</u> , <u>i</u>)	-	33 %
Middelvokale (<u>a</u>)	-	46 %
Agtervokale (<u>o</u> , <u>ô</u> , <u>u</u>)	-	21 %

Die lae vokale kom dus relatief meer voor as die hoë vokale, terwyl die voorvokale funksioneel hoër belas is as die agtervokale.

Die halfvokale w en y soos in wêna 'jy' en yêna 'hy' moet weens hul fonetiese aard en fonologiese funksie as konsonante geklassifiseer word, hoewel hul diachronies realiseringe van vokaalfoneme is. (Vgl. par. 3.2).

In die beskrywing van Sotho is dit nuttig om te onderskei tussen vokale en konsonante, omdat 'n konsonant altyd deur 'n vokaal in die fonetiese struktuur gevolg word.

Die aard van hierdie strukturele patroon bring mee dat vokale en konsonante moeilik in opposisie tot mekaar kan staan. Sekere vokale sal bv. nooit in opposisie tot sommige konsonante gevind word nie. Ander sal slegs in uitsonderlike gevalle in opposisie tot mekaar kan staan, en sulke gevalle sal meesal 'n enklitiese of afgeslete vorm wees. **Nietemin** fungeer konsonante en vokale, wat nie in opposisie tot mekaar kan staan nie, as aparte foneme, want hulle staan in komplementêre distribusie tot mekaar en het heeltemal verskillende onderskeidende foneemkenmerke.

'n Vokaal volg meesal op 'n konsonant, maar 'n vokaal word ook soms gevolg deur 'n vokaal, bv. leinô 'tand', leifô 'vuurmaakplek', leihlô 'oog', go aga 'om te bou', go ahlama 'om oop te maak'. Dit gaan ook meesal 'n konsonant vooraf, maar gaan ook soms 'n ander vokaal vooraf, soos aangetoon in bogenoemde voorbeelde.

2.2 ONTLEDING EN BESKRYWING VAN DIE VOKAALFONEME

In die volgende paragrafe word 'n gedetailleerde ontleding van die vokaalfoneme gegee. Eerstens word 'n kort fonetiese beskrywing gegee van die foon waardeur die foneem gerealiseer word. Tweedens word die habitus van die foneem aangedui, d.w.s. die verskillende morfeme en wortelmorfeme waarin die betrokke foneem kan voorkom. Die foneem word as eenheid in sy habitus gesien. Alleen as hy in hierdie eenheid, d.w.s. in die morfeme waarin hy voorkom, in oënskou geneem word, kan die verskillende fone waardeur die foneem realiseer, begryp en verklaar word. Derdens word die verskillende variante van die foneem aangedui en bespreek. Hierdie variante, wat die verskillende uitspreekvariasies van dieselfde foneem is, word hoofsaaklik gekondisioneer deur die foneem se habitus. Daar kan tussen twee klasse van posisionele variante onderskei word: eerstens posisionele variante sonder funksionele betekenis, wat hoofsaaklik gekondisioneer word deur 'n aangrensende of nabyliggende foneem; so 'n variasie is meesal die gevolg van assimilasiwerking. Tweedens word 'n reeks morfemies-gekondisioneerde variasies gevind, d.w.s. foneemvariante wat gekondisioneer word deur 'n volgende of voorafgaande morfeem. Hierdie variasies vorm egter geen morfofonemiese korrelasies nie. Hulle is ook nie medebepalend tot die funksionele betekenis van die morfeem nie. Hulle is slegs die resultaat van artikulatoriese beïnvloeding wat deur die konstituerende foneme van die morfeem uitgeoefen word.

Die voorbeelde wat hieronder volg, is in Noord-Sotho en is verteenwoordigend vir die hele taalgroep.

2.3 /a/

Hierdie foneem word in 'n spraakklank gerealiseer wat foneties as [a] aangedui kan word, naamlik 'n oop vokaal met tongposisie tussen kardinale vokale 4 en 5. Word in die praktiese ortografie met a voorgestel.

Habitus

Dit word aangetref in:-

1. Stammorfeme, bv. nomina soos matla 'krag', mosadi 'vrou'; verba soos rata 'bemin', lahla 'weggooi'; adjektiewe stamme soos: -tala 'groen'; adverbialia soos hosasa 'môrevroeg'; voegwoorde soos: fêla 'maar'.
2. Nominale klasmorfeme en nominale skakelmorfeme van klasse 2 ba-, bv. batho 'mease'. 6 -ma, bv. mamati 'deure'.
3. Morfeem -na van die absolute voornaamwoord as slotfoneem. Bv. yêna 'hy', sôna 'dit'.
4. Uitgang -a van die genitiefmorfeme, bv. sêlêpê sa monna 'byl van die man'.
5. Demonstratiewe morfeme soos -na, -ane, -la. Bv. selêpê sena, sane, sela 'die byl hier, daar en daar ver'.
6. Diminutiefmorfeemuitgang -ana, bv. nokana 'riviërtjie'.
7. Vroulike morfeemuitgang -ana, bv. kgomo ye swana 'die swart koei'.
8. Die morfeem -a aan positief-infinitiewe verbastamme bv. in -rata 'bemin'.

Posisionele Variante

Die volgende posisionele variante is suiwer van fonetiese aard sonder funksionele betekenis:-

1. 'n Variant wat meer na vore uitgespreek word, gekondisioneer deur 'n onmiddellik voorafgaande of volgende i. Bv. tia 'sterk word', tlaila 'afdwaal van punt'.

2. Verskillende variante wat met 'n meerdere of mindere mate van liprondding uitgespreek word, gekondisioneer deur onmiddellik volgende of voorafgaande w. Bv. wa 'val'.

2.4 /ɛ/

Realisering

Hierdie foneem word deur 'n foon gerealiseer wat foneties as [ɛ] aangedui kan word, naamlik 'n oop middelvokaal wat na aan Kardinale Vokaal No. 3 geartikuleer word. Word in die praktiese ortografie met ê voorgestel.

Habitus

Dit word aangetref in:-

1. Stammorfeme, bv. nomina soos serubêlê 'skoenlapper', mabêlê 'koring'; verba soos rêta 'prys', rêka 'koop'; adjektiewe soos: -têlêlê 'lank', kgalê 'oud'.
2. Pronominale morfeem -êna, bv. motho yêna o a dira 'die mens hy werk'.
3. Adverbia, bv. bjalê 'nou'.
4. Voegwoorde, bv. fêla 'maar'.
5. Die volgende morfeme aan verbastamme:-
 - (i) Subjunktiewe -ê, bv. gore ke dirê 'dat ek mag werk'.
 - (ii) Negatiewe -ê, bv. o ka se dirê 'jy mag/kan nie werk nie'.
 - (iii) ^{Applikatief?} Relatiewe -êla, bv. ke dirêla moruti 'ek werk vir die leëraar'.
 - (iv) Intransitiewe -êga, bv. dirêga 'doenbaar maak'.
 - (v) Imperatiewe -ê, bv. se dirê! 'doen dit'.
 - (vi) Perfektum -ilê, bv. ratilê 'het bemin'.
6. Demonstratiewe morfeme bv. êna, lêna, sêna, tsêna.

Posisionele /...

Posisionele Variante

Die volgende posisionele variante word gevind:-

1. 'n Variant wat meer na vore artikuleer word gekondisioneer deur 'n voorafgaande labiale konsonant, bv. pêna 'opdraai'.
2. Fonetiese variante wat met 'n mate van liprondding uitgespreek word, kom voor in teenwoordigheid van w.
Bv. wêna 'jy',
3. 'n Variant [ɛ̃]. Vgl. par. 2.1.
4. 'n Variant wat meer na agter artikuleer word gekondisioneer deur voorafgaande velêre konsonant, bv. kêfa 'hoed'.

2.5 /e/

Realisering

Hierdie foneem word deur 'n foon gerealiseer wat foneties as [e] aangedui kan word, nl. 'n halfgeslote voorvokaal met klankposisie tussen Kardinale Vokale 1 en 2. Word in die praktiese ortografie met e voorgestel.

Habitus

Dit word aangetref in:-

- (1) Stammorfeme, bv. nomina soos lebele 'nekvel van 'n bees', leeba 'duif'; verba soos bela 'kook', betša 'gooi'; adjektiewe soos botse 'mooi'; adverbialia soos neng le neng 'altyd'; voegwoorde soos le 'en'.
- (2) Ander morfeme soos die verbale negatiefmorfeme -e, bv. ga ke rate 'ek bemin nie'.

Posisionele Variante

Die volgende posisionele variante is van suiwer fonetiese aard en het geen funksionele betekenis nie:-

(1) /...

- (1) Fonetiese variante wat met 'n mate van liprondding uitgespreek word, kom voor in teenwoordigheid van w, bv. wene 'u'.
- (2) 'n Variant [e] . Vgl. par. 2.1.

2.6 /o/

Realisering

Hierdie foneem word deur 'n foon gerealiseer wat foneties as [o] aangedui word, naamlik 'n halfgeslote agtervokaal met tongposisie tussen Kardinale Vokale 7 & 8. Word in die praktiese ortografie aangedui met o.

Habitus

Dit word aangetref in:-

- (1) Stammorfeme, bv. nomina soos: lerole 'stof', Sesotho, 'Sothotaal'; verba soos soga 'brei', tloga 'weggaan'; adjektiewe soos: botse 'mooi'; adverbialia soos lehono 'vandag'; voegwoorde soos: goba 'of'.
- (2) Nominale klasmorfeme en nominale skakelmorfeme van klasse 1, bv. motho 'mens'; 3, bv. motse 'stat'; 14, bv. botho 'menslikheid'; 15, bv. go bôna 'om te sien'.
- (3) Verbale suffiksmorfeme soos:-
 - (i) Inversief - intransitief -oga en -ologa, bv. tloga 'weggaan', tlêmologa 'losgaan'.
 - (ii) Inversief - transitief -ola, -olola en -olla, bv. gamola 'uitdruk', tlêmolla 'losmaak'.

Posisionele Variante

Net soos by dié ander vokale word posisionele variante, gekondisioneer deur aangrensende klanke, gevind. In sommige gevalle is die aangrensende klanke sonder funksionele betekenis; in ander gevalle weer is die aangrensende

klanke /...

klanke fonemiese eenhede van morfeme met funksionele betekenis. Die variante is in alle gevalle die gevolg van fisies-artikulatoriese wisselwerking. 'n Posisionele en soms morfemies gekondisioneerde variant [o] word gevind, vgl. par. 2.1.

2.7 /ɔ/

Realisering

Hierdie foneem word deur 'n foon gerealiseer wat foneties as [ɔ] aangedui word, nl. 'n half ope agtervokaal met tongposisie digby Kardinale Vokaal 6. Word in die praktiese ortografie met ô voorgestel.

Habitus

Dit word aangetref in:-

- (1) Stamorfeme, bv. nomina soos: hlôgô 'hoof', mokôti 'gat'; verba soos nôna 'vet word', bôna 'sien'; adverbialia soos malôba 'eergister'.
- (2) Deverbatiewe morfeem -ô. Bv. leratô 'liefde' afgelei van rata 'bemin', modirô 'werk' afgelei van go dira 'om te werk'.
- (3) Demonstratiefmorfeemuitgang -ô. Bv. motho yô 'hierdie mens'.
- (4) Kwantitatiefmorfeem -ôhlê. Bv. motho yôhlê 'die hele mens'.

Posisionele variante.

Posisionele variante, gekondisioneer deur aangrensende fone, word gevind. Net soos by die ander vokaalfoneme is die kondisionerende aangrensende fone sonder funksionele betekenis. Vgl. par. 2.1 vir [ɔ] as variant.

2.8 /i/

Realisering

Hierdie foneem word deur 'n foon gerealiseer wat foneties as [i] aangedui word, naamlik 'n geslote voorvokaal met tongposisie byna dieselfde as Kardinale Vokaal No. 1. Word in die praktiese ortografie aangedui met i.

Habitus

Die foneem word gevind in:-

- (1) Stammorfeme, bv. nomina soos phiri 'wolf', moriri 'hare', leina 'tand'; verba soos dira 'werk', bina 'sing'; adjektiewe soos -ntši 'baie'; adverbialia soos gantši 'dikwels'.
- (2) Nominale klasmorfeme en ooreenstemmende skakelmorfeme van klasse 8 en 10, nl. di-. Bv. dilêpê 'byle', dinku 'skape'.
- (3) Nomen agentis morfeem -i. Bv. modiri 'werker' afgelei van go dira 'om te werk', moruti 'leraar', afgelei van verbum go ruta 'om te leer'.
- (4) Refleksiewe prefiks -i. Bv. itseba 'jouself ken', ithuta 'jouself leer'.
- (5) Verbale suffiksmorfeme soos:-
 - (i) Perfektum -ile. Bv. rutile 'het geleer', ratile 'het bemin'.
 - (ii) Kousatief -iša. Bv. diriša 'laat werk', rutiša 'laat leer'.

Posisionele Variante

'n Posisionele variant wat met 'n mate van liprondding uitgespreek word in teenwoordigheid van w word aangetref, bv. wiša 'afgooi'.

2.9 /u/

Realisering

Hierdie foneem word deur 'n foon gerealiseer wat foneties as [u] aangedui kan word, naamlik 'n geslote agtervokaal met tongposisie byna identies aan Kardinale Vokaal No. 8. Word in die praktiese ortografie met u voorgestel.

Habitus

Dit word aangetref in:-

- (1) Stammorfeme, bv. nomina soos mokutu 'vreemde geraas', sekhu 'elumboog'; verba soos ruta 'leer', buša 'regeer'; adjektiewe soos -hubêdu 'rooi'; adverbialia soos ruri 'werklik'.
- (2) Slotuitgange van nominale, adverbialia en adjektiewiese morfeme sonder funksionele betekenis, bv. sekhu 'elumboog', kudu 'baie', hubêdu 'rooi'.

Posisionele Variante

'n Posisionele variant wat met effens meer liprondding uitgespreek word, kom voor in die teenwoordigheid van w, bv. wouwe 'daardie een'.

2.10 Algemene Verspreiding en Variasies

Uit die habitus van die vokaalfoneme blyk dat hulle versprei word in alle posisies in 'n woord nl. in aanvangs-, mediaal- en slotposisies. Ook word hulle nie tot bepaalde woordsoorte beperk nie.

Tenspyte van verskillende fonetiese variante word geen variasies met fonologiese betrekking gevind nie.

2.11 RELATIEWE FREKWENSIE VAN OPPOSISIES TUSSEN VOKAALFONEME

Om 'n verdere beeld te kry van die fonologiese sisteem van die vokale word 'n berekening gemaak van vokaalfoneem-

opposisies /...

opposisies se relatiewe frekwensie. In onderstaande tabelle word 'n berekening gemaak van die relatiewe frekwensie van opposisies tussen die vokaalfoneme in Noord-Sotho. 'n Lys van opposisies is met behulp van proefpersone opgestel, aangesien die bestaande woordeboeke nie volledig vir hierdie doel is nie. Die berekening omvat 'n totale aantal woorde van 3915. Om ruimte te bespaar, word slegs 'n enkele voorbeeld onder elke opposisiegroep aange-
toon. Slegs van kernwoorde word gebruik gemaak. Morfeme met slegs 'n wysiging van betekenis aan die stammorfeem, sonder om die kernbetekenis van die woord te verander, word buite rekening gelaat. Bv., die nomen-agentismorfeme -i kom teenoor die deverbatiweform -ô te staan in woorde soos modiri 'werker' en modirô 'werk'. Die kernbetekenis bly egter dieselfde. Sonder hierdie voorbehoud sal die relatiewe frekwensie van die volgende foneemopposisies maksimaal belaaï wees as gevolg van funksionele uitgange:-

- (1) /a/ : /e/. Verantwoordelike morfeme:
- (i) Negatiewe -e, bv. in ke a rata 'ek bemin', ga ke rate 'ek bemin nie'.
 - (ii) Perfektum -e, bv. ke a bôna ('ek sien', ke bone 'ek het gesien'.
- (2) /a/ : /ε/. Verantwoordelike morfeem -ê aan verba om die afhanklike modus te vorm, bv. ke a dula 'ek sit', gore ke dulê 'opdat ek sit'.
- (3) /o/ : /i/. Veroorsaak deur deverbatiweform en nomen-agentismorfeme. Bv. modirô 'werk', modiri 'werker'.
- (4) /e/ : /ε/. Veroorsaak deur verbale morfeme van negatiewe en die afhanklike modus soos hierbo gemeld onder (1) en (2).

Tabel /...

TABEL IV

OPPOSISIËS TUSSEN VOKAALFONEME IN VERSKILLENDE POSISIËS

<u>AANVANGSPOSISIE</u>		<u>MEDIALE POSISIE</u>		<u>SLOTPOSISIE</u>
aka		<u>/a/ : /e/</u>		
aka (dryf)	: eka (slyp)	ratha (kap)	: retha (tril)	bjala : bjale (saai) (nou)
R.F.	- 9.00%	R.F.	- 6.62%	R.F. - 11.10%
		<u>/a/ : /e/</u>		
aka (sweef)	: êka (verraai)	taka (wit verf)	: têka (ontbreek)	lebaka : lebakê (rede) (dagga)
R.F.	- 9.67%	R.F.	- 7.91%	R.F. - 5.72%
		<u>/a/ : /i/</u>		
aba (deel)	: iba (sweef)	tlama (vasbind)	: tlima (verwurg)	legaba : legabi ('n leë maag) ('n krale voorskot)
R.F.	- 11.67%	R.F.	- 2.30%	R.F. - 9.88%
		<u>/a/ : /o/</u>		
akama (wonder)	: okama (oorhang)	tata (opklim)	: tota (vermeerder)	bogoka : bogoko (owerspel) (sous)
R.F.	- 7.67%	R.F.	- 17.75%	R.F. - 11.59%
		<u>/e/ : /o/</u>		
aba (deel)	: ôba (buk)	legatlô (neusbrug)	: legôtlô (muis)	lebila : lebilô (pad) (soort vrug)
R.F.	- 12%	R.F.	- 5.39%	R.F. - 28.24%
		<u>/a/ : /u/</u>		
abula (kruip)	: ubula (wegraap)	taka (wit verf)	: tuka (aan brand steek)	ditlhaka : ditlhaku (riete) (kloue)
R.F.	- 8%	R.F.	- 3.05%	R.F. - 3.84%
		<u>/e/ : /e/</u>		
eka (wapen slyp)	: êka (verraai)	lefa (betaal)	: lêfa (hoog word)	bosele : boselê (dwaas- heid) (oggend- skemering)
R.F.	- 1.33%	R.F.	- 0.67%	R.F. - 0.65%

/e/ /...

/e/ : /i/

eba : iba
(swaai)(sweef)

R.F. - 2%

teba : tiba
(onder- (klop)
gaan)

R.F. - 0.88%

legare : legari
(meslem) (skil)

R.F. - 2.04%

/e/ : /o/

etša : otša
(na- (beakadig)
boots)

R.F. - 2.67%

tena : tona
(moeg (groot
word) maak)

R.F. - 13.22%

lenane : lenano
(opvolg- (vlyt)
ing)

R.F. - 1.80%

/e/ : /o/

eba : ôba
(swaai) (buk)

R.F. - 5%

teba : tôba
(onder- (aanval)
gaan)

R.F. - 2.25%

bjale : bjalô
(nou) (dus)

R.F. - 4.57%

/e/ : /u/

eba : uba
(swaai)(smelt)

R.F. - 2.33%

teba : tuba
(onder- (klop)
gaan)

R.F. - 1.68%

phure : phuru
(uitson- (skrik)
dering)

R.F. - 0.82%

/e/ : /i/

êma : ima
(staan)(gemeen-
skap hê)

R.F. - 1.33%

têba : tiba
(skerp- (klop)
maak)

R.F. - 1.21%

lekwatê : lekwati
(sooi) (bas)

R.F. - 0.82%

/e/ : /o/

êma : oma
(staan)(probeer
slaan)

R.F. 1.67%

tlêla : tlola
(saam- (spring)
bring)

R.F. - 20.23%

mogopê : mogopo
(karmenaad- (bak)
jie)

R.F. - 1.14%

/e/ : /o/

êla : ôla
(helder (borsel)
word)

R.F. - 6.33%

têta : tôta
(sag (werklik)
wees)

R.F. - 3.14%

bolêlê : bolêlô
(water- (gemak)
mos)

R.F. - 3.02%

/e/ : /...

/ɛ/ : /u/

êma : uma (staan) (vrugbaar wees)	têka : tuka (ont- breek) (aan brand steek)	nkê : nku (asse- blief) (skaap)
R.F. - 4.67%	R.F. - 3.47%	R.F. - 0.08%

/i/ : /o/

ima : oma (gemeen- skap hê) (probeer slaan)	biuša : botša (roep) (vertel)	bokoti : bokoto (soort spel) (grootte) <i>dit?</i>
R.F. - 2%	R.F. - 3.01%	R.F. - 1.71%

/i/ : /o/

iba : ôba (sweef) (buk)	tiba : tôba (klop) (aanval)	kobi : kobô (suier) (kombers)
R.F. - 3.67%	R.F. - 1.42%	R.F. - 6.12%

/i/ : /u/

iba : uba (sweef) (smelt)	tima : tuma (uit- blus) (beroemd word)	legapi : legapu (skil) (waatle- moen)
R.F. - 1.33%	R.F. - 1.46%	R.F. - 2.29%

/o/ : /o/

oma : ôma (probeer slaan) (droog word)	tlola : tlôla (spring) (smeer)	mooko : mookô (kaf) (versame- ling)
R.F. - 1.67%	R.F. - 1.33%	R.F. - 1.80%

/o/ : /u/

otša : utša (skade aandoen) ('n kalf ontsê)	roma : ruma (stuur) (omsoom)	sefofo : sefofu (woer- woer) (blinde)
R.F. - 0.67%	R.F. - 1.88%	R.F. - 1.14%

/o/ : /u/

ôba : uba (buk) (smelt)	tôba : tuba (aanval) (klop)	^{ky} digkopô : dikgopu (ribbes) (pampoen- stoele)
R.F. - 5.33%	R.F. - 1.12%	R.F. - 1.55%

TABEL V

VERHOUDING VAN BETEKENISONDEERSKEIDENDE OPPOSISIES TUSSEN
VOKAALFONEME IN VERSKILLENDE POSISIES

Fonem- opposi- sie	Aanvangspositie		Mediale positie		Slotpositie		Alle posities	
	Aantal	Pers.	Aantal	Pers.	Aantal	Pers.	Aantal	Pers.
a : e	27	9.00	158	6.64	136	11.10	321	8.20
a : ε	29	9.67	189	7.94	70	5.72	288	7.36
a : i	35	11.67	55	2.31	121	9.88	211	5.39
a : o	23	7.67	424	17.81	142	11.59	589	15.04
a : ɔ	36	12.00	129	5.42	346	28.24	511	13.05
a : u	24	8.00	73	3.07	47	3.84	144	3.68
e : ε	4	1.33	16	0.67	8	0.65	28	0.72
e : i	6	2.00	21	0.88	25	2.04	52	1.33
e : o	8	2.67	316	13.27	22	1.80	346	8.84
e : ɔ	15	5.00	54	2.27	56	4.57	125	3.19
e : u	7	2.33	40	1.68	10	0.82	57	1.46
ε : i	4	1.33	29	1.22	10	0.82	43	1.10
ε : o	5	1.67	484	20.33	14	1.14	503	12.85
ε : ɔ	19	6.33	75	3.15	37	3.02	131	3.35
ε : u	14	4.67	83	3.49	1	0.08	98	2.50
i : o	6	2.00	72	3.02	21	1.71	99	2.53
i : ɔ	11	3.67	34	1.43	75	6.12	120	3.07
i : u	4	1.33	35	1.47	28	2.29	67	1.71
o : ɔ	5	1.67	32	1.34	22	1.80	59	1.51
o : u	2	0.67	45	1.89	14	1.14	61	1.56
ɔ : u	16	5.33	27	1.13	19	1.55	62	1.57
TOTAAL	300	100.01	2391	100.43	1224	99.92	3915	100.01

TABEL VI /...

TABEL VI

RANGSKIJKING VOLGENS RELATIEWE FREKWENSIE VAN OPPOSISIES
TUSSEN VOKAALFONEME IN VERSKILLENDE POSISIES

Aanvangs- posisie		Mediale posisie		Slot- posisie		Alle posisies	
Foneem- opp.	Rel. Fr. Pers.	Foneem- opp.	Rel. Fr. Pers.	Foneem- opp.	Rel. Fr. Pers.	Foneem- opp.	Rel. Fr. Pers.
a : ô	12.00	ê : o	20.33	a : ô	28.24	a : o	15.04
a : i	11.67	a : o	17.81	a : o	11.59	a : ô	13.05
a : ê	9.67	e : o	13.27	a : e	11.10	ê : o	12.85
a : e	9.00	a : ê	7.94	a : i	9.88	e : o	8.84
a : u	8.00	a : e	6.64	i : ô	6.12	a : e	8.20
a : o	7.67	a : ê	5.42	a : ê	5.72	a : ê	7.36
ê : ô	6.33	ê : u	3.49	e : ô	4.57	a : i	5.39
ô : u	5.33	ê : ô	3.15	a : u	3.84	a : u	3.68
e : ô	5.00	a : u	3.07	ê : ô	3.02	ê : ô	3.35
ê : u	4.67	i : o	3.02	i : u	2.29	e : ô	3.19
i : ô	3.67	a : i	2.31	e : i	2.04	i : ô	3.07
e : o	2.67	e : ô	2.27	e : o	1.80	i : o	2.53
e : u	2.33	o : u	1.39	o : ô	1.80	ê : u	2.50
e : i	2.00	e : u	1.68	i : o	1.71	i : u	1.71
i : o	2.00	i : u	1.47	ô : u	1.55	ô : u	1.57
ê : o	1.67	i : ô	1.43	ê : o	1.14	o : u	1.56
o : ê	1.67	o : ô	1.34	o : u	1.14	o : ô	1.51
e : ê	1.33	ê : i	1.22	e : u	0.82	e : u	1.46
ê : i	1.33	ô : u	1.13	ê : i	0.82	e : i	1.33
i : u	1.33	e : i	0.88	e : ê	0.65	ê : i	1.10
o : u	0.67	e : ê	0.67	ê : u	0.08	e : ê	0.72

Die verskil tussen die relatiewe frekwensie van foneem-
opposisies in alle posisies aan die een kant (kolom 4 van
tabel) en foneemopposisies in aanvangs-(kolom 1), mediale
(kolom 2) of slotposisie (kolom 3) is slegs in een geval

meer /...

meer as 10 persent. Hierdie verskil word naamlik gevind by die opposisies van /a/ : /o/ in slotposisie en is hoofsaaklik toe te skryf aan die wydverspreide deverbatiewe morfem -ô, wat dikwels net 'n res is en nie meer as sodanig aangevoel of herkenbaar is nie.

Rangskikking volgens relatiewe frekwensie in alle posisies (kolom 4 van tabel) word in twee groepe verdeel, nl. die eerste 10 gevalle met relatief hoë frekwensie en die laaste 11 met relatief lae frekwensie.

As aangeteken word in hoeveel gevalle elke vokaalfoneem as een van die kontrasterende foneme voorkom, word die verspreiding as volg gevind:-

Met hoë relatiewe frekwensie: /a/ ses keer, /e/ drie keer, /ɛ/ drie keer, /o/ drie keer, /ɔ/ drie keer, /i/ een keer, /u/ een keer.

Met lae relatiewe frekwensie: /u/ vyf keer, /e/ drie keer, /ɛ/ drie keer, /o/ en /ɔ/ drie keer, /i/ vyf keer, /u/ vyf keer.

Die foneme /e/, /ɛ/, /o/, /ɔ/ is dus gelykop verspreid tussen opposisies met relatief hoë en lae frekwensies. Die foneem /a/ is uitsluitlik verspreid tussen opposisies met hoë relatiewe frekwensies. Die foneme /i/ en /u/ daarenteen, is hoofsaaklik verspreid tussen opposisies met lae relatiewe frekwensie.

In die fonemiese struktuur van die taal word dus voorkeur gegee aan foneemopposisies met /a/ as een van die kontrasterende foneme. Daar bestaan egter 'n fonemiese afkeer van opposisies met /i/ of /u/ as een van die kontrasterende foneme.

2.12 AANTEKENINGE

- 1) Tucker, Comparative Phonetics, par. 5.1 vlgg.
- 2) Cole, Tswana Grammar, par. 1.6 vlgg.
- 3) Ziervogel, Akademiese Studiegids, AN 1/6, par. 161 vlgg.
- 4) Ziervogel, Noord-Sotho Leerboek, bl. 120-3.

HOOFSTUK III

BESKRYWING VAN DIE KONSONANTFONEME

3.1 KLASSIFIKASIE

Op grond van hul basiese kenmerkende eienskappe kan die konsonantfoneme van Sotho in die volgende groepe geklassifiseer word:

- (1) Die vokaliëse konsonantefoneme: j, w, h, l, r.
- (2) Die konsonantiese konsonantfoneme: b, p, t, k, f,
x, s, q, g (slegs vir Suid-Sotho).
- (3) Die Nasaalfoneme: m, n, ŋ.

Saam met die sewe vokaalfoneme vorm hierdie sestien (sewentien vir Suid-Sotho)¹⁾ foneme die grondslag van die taalgroep se fonemiese struktuur.

DIE VOKALIESE KONSONANTFONEME

3.2 Die Semivokale j en w

In ander taalgroepe word semi-vokale meesal as aparte foneme aanvaar. In Engels kom Cohen²⁾ tot die gevolgtrekking: "These are indeed independent phonemes in English as can be shown by commuting [j] in yearn with [l] in learn, and [w] in will with [t] in till, etc." In Arabies, is Martinet³⁾ van mening, is die semivokale w en j, hoewel as konsonante geklassifiseer weens hul fonetiese aard en morfologiese funksie, niks anders as 'n realisering van die u- en i- foneme respektiewelik nie. Die semivokaal in Sotho word deur Tucker⁴⁾ gedefinieer as: "a vowel (usually e or o) pronounced so short as not to have syllabic quality nor specific tone. As such it can never occur in isolation, but acts as a gliding sound to a vowel of greater sonority than itself."

Die moontlikheid dat j en w in Sotho posisionele variante van vokaalfoneme is, verdien oorweging. 'n Semi-vokaal kom nooit in opposisie te staan met die vokaalfoneem waarvan dit 'n variant kan wees nie. Ook is die vervanging van die vokaalfoneem in sekere posisies deur 'n semi-vokaal 'n algemene verskynsel in die taal. In Noord-Sotho word by diminutiefvorming die foneem /ε/ in slotposisie vervang deur /j/ sodra dit deur die uitgang -ana gevolg word. Bv. kolobê 'vark' maar kolobjana 'varkie'. In dieselfde posisie word /o/ vervang deur w. Bv. motho 'mens' maar mothwana 'mensie'. Soos in par. 5.8 aangedui is die vervanging van vokale deur half-vokale 'n morfofonemiese korrelering.

Gekondisioneer deur die aanvangsfoneem a van die diminutiefmorfeem -ana, verskyn [j] as segment van die morfofonemiese korrelaat van die volgende vokaalfoneme van Noord-Sotho in die aangeduide posisies:

As korrelaat van /ε/:-

- (1) Wanneer ê die slotuitgang van 'n nomen is en dit voorafgegaan word deur 'n ander vokaal, bv. tšîê 'sprinkaan' maar: tšiyana 'sprinkantjie'.
- (2) By nomina wat op -bê eindig. Bv. kolobê 'vark'; maar kolobjana 'varkie'.

As korrelaat van /e/:-

- (1) By nomina wat op -be uitgaan. Bv. lebebe 'skuim', maar lebebjana 'skuimpie'.
- (2) Gekondisioneer deur die aanvangsfoneem van die diminutiefmorfeem -ana verskyn [w] as segment van die morfofonemiese korrelaat van die volgende vokaalfoneme in die aangeduide posisies:-

As korrelaat van /o/:-

(1) By nomina wat op -to, -tho, -lo, -tlo, -go, -ko, -no, -ho, -so, -šo, -ro, -tšo eindig. Bv. motho - mothwana 'mensie', ntlo - ntlwana 'huisie', kgogo - kgogwana 'hoendertjie'.

(2) By nomina wat op -mo eindig. Bv. molomo - molongwana.

As korrelaat van /o/:-

(1) By nomina wat op -tô, -thô, -lô, -gô, -kô, -nô, -hô, -sô, -šô, -rô, -tšo eindig. Bv. thutô - thutwana 'lessie', selô - selwana 'dingetjie', bjôkô - bjokwana 'harsinkie', pônô - pônwana 'gesiggie', lehô - lehwana 'lepeltjie', mosô - moswana 'oormôre'.

(2) By nomina wat op -mô eindig. Bv. temô - tengwana 'ploegwysies'.

As korrelaat van /u/:-

By nomina wat op -u eindig. Bv. tau - tawana 'leeu-tjie', peu - pewana 'saadjie', puku - pukwana 'boekie'.

As korrelaat van /i/:-

By nomina wat op -pi eindig. Bv. tshipi - tshitswana 'ystertjie'.

As korrelaat van /e/:-

By nomina wat op -pe eindig. Bv. mohlape - mohlatswana 'tropicke'.

As korrelaat van /ê/:-

By nomina wat op -pê eindig. Bv. selêpê - seletswana 'byltjie'.

Uit bogenoemde voorbeelde blyk dat [j] en [w] beide kan ageer as segment van die morfofonemiese korrelaat van dieselfde vokaalfoneem in verskillende posisies. Verdere voorbeelde hiervan word aangetref by die passiefmorfeem, waar [w] in sommige posisies en [j] in ander posisies

voorkom. /...

voorkom. Bv. rata 'doen' - ratwa, tseba 'weet' - tsebja. Dit lewer die eerste probleem, want bloot as foneem van die diminutief- of passiefvorm is dit nie moontlik om te bepaal van watter vokaalfoneem j of w 'n variant mag wees nie. Dit kan slegs bepaal word as van die voorafgaande konsonant van die woordstam kennis geneem word. Verder is dit onmoontlik om in stammorfeme soos wa 'val', ya 'gaan', hwetsa 'vind', te bepaal van watter vokale die semivokaal as variant moet beskou word.

Derhalwe moet [j] en [w] as semivokaalfoneme aanvaar word met 'n outonome posisie in die fonologiese struktuur van die taal.

Gepalataliseerde sinchrofone soos bj en gelabialiseerde sinchrofone soos sw vorm foneegroepe met die semivokaal as een van die foneme in die groep (sien par. 5.4).

In Suid-Sotho en Tswana is die posisie dieselfde ten opsigte van morfofonemiese korrelasies by die semivokale. Sien par. 5.4 vir volledige voorbeelde.

3.3 /h/

In al drie tale van die groep verskyn 'n foon [h] of [h̠] met betekenisonderskeidende funksie wat 'n foneem /h/ realiseer.

In Suid-Sotho word die foneem meesal deur [h̠] gerealiseer, maar dikwels ook deur [h].⁵⁾ Dit verwissel betekenisonderskeidend met ander foneme, bv. hata 'trap' : rata 'bemin'. Sy outonome posisie teenoor /x/ is egter gering, en die twee foneme varieer as wisselvorme en dialekties in die taal. Vgl. gaga en haga 'reg pak'. Tog word onderskeidende opposisies tussen /h/ en /x/ in ideofone gevind. Vgl. -gwa 'wit wees' : -hwa 'slaan'. Hoewel die betekenisonderskeidende funksie tussen /x/ en /h/ onbeduidend is, staan /...

staan hulle tog in die taalsisteem van Suid-Sotho outonoom teenoor mekaar.

In Tswana word die foneem meesal deur [h] gerealiseer. Daar bestaan 'n neiging tot komplementêre distribusie tussen /h/ en /x/ (ook in Noord-Sotho), deurdad /h/ hoofsaaklik voor /u/ en /i/ verskyn. Tog verskyn /x/ ook soms voor i, vgl. moagi 'bouer'. In die suidelike Tswana-dialekte bestaan geen betekenisonderskeidende opposisies tussen [h] en [f] (soms ϕ) nie. In hierdie dialekte word die foneem /h/ dus ook deur [f] en [ϕ] gerealiseer en bestaan daar dus nie 'n aparte foneem /f/ soos dit in die ander Tswana dialekte voorkom nie. Die dialekte word hier as deel van die taal as geheel gesien. In 'n nouer dialektiese beskrywing kan die foneem wat deur [f] en [ϕ] gerealiseer word, verkieslik as /f/ voorgestel word. In die res van die taal verskyn betekenisonderskeidende opposisies wat outonome foneme /h/ en /f/ realiseer. Vgl. fula 'wei' : hula 'korrel'.

In Noord-Sotho is die fonemiese outonomie van /h/ feitlik onbeduidend. Dit word deur die foon [h] gerealiseer en kan betekenisonderskeidend gestel word in opposisies soos ha! 'wat' : ga! 'skep!'. Verskyn verder in enkele woorde soos hele 'uitroeping van verbasing', hêbêla 'fluister', hele-hele 'n dwaas'. Die prevelêre frikatief [h], wat ortografies ook as h voorgestel word, kan nie as realisering van die foneem /h/ vertolk word nie, maar as 'n swak gesnede foneemgroep /xj/. Vgl. par. 4.23.

Weens sy vokaliëse eienskappe word /h/ as 'n vokaliëse konsonantfoneem geklassifiseer (vgl. par. 1.22).

In al drie tale van die groep blyk dat 'n foneem /h/ fonologies gerealiseer word. Funksioneel is die belasting van die foneem egter onbeduidend. By die opstel van 'n

praktiese /...

praktiese ortografie met die onbeduidendheid egter in oënskou geneem word. Vgl. par. 7.1 vlgg.

Vergelyk verder par. 4.7 vir aspirasie as realisering van /h/.

Die foneem /h/ stem in Suid-Sotho met B k, in Tswana met B p en k en in Noord-Sotho met B k en kû ooreen.

3.4 /r/

Die foneem word in al drie tale deur 'n alveolêre rolklank [r], en in Suid-Sotho dikwels in 'n uvulêre [R], gerealiseer.

Word geïdentifiseer deur 'n eenheid van onderskeidende foneemkenmerke. Vgl. tabel III.

Stem ooreen met B t, bv. B. -tatu, So -raro 'drie'.

Word gevind in stammorfeme en tree voor alle vokale op. Kom sillabies voor, gevolg deur /r/, bv. rra 'vader'.

Verwissel in al drie tale betekenisonderskeidend met ander foneme, bv. rata 'bemin' : NS & Tsw gata, SS hata 'skop'.

Plosiveer tot th bv. ^{bemin}-rata 'leer', ke a ithata 'ek ^{bemin}leer myself'.

Korreleer morfofonemies en toon strukturele verwantskap met ander foneme soos in par. 5.1 vlgg. uiteengesit.

3.5 /l/

Die foneem word in al drie tale gerealiseer deur 'n stemhebbende laterale vokaliëse konsonant [l] voor alle vokale behalwe i en u. Gevolg deur i en u word dit in Suid-Sotho deur 'n stemhebbende eksplosief [d] en in Noord-Sotho en Tswana deur 'n stemhebbende geflapte vibrant [l] gerealiseer.

By /...

By persoonlike nomina van verba afgelei, word /l/ in die taalgroep foneties verskillend gerealiseer, bv. NS en SS [ɛp'a] 'grawe', NS [moɛp'olli] SS [moɛp'olli] 'grawer'.

Word geïdentifiseer deur 'n eenheid van onderskeidende foneemkenmerke. Vgl. tabel III.

Stem ooreen met B l.

Word gevind in stammorfeme soos -leme 'tong', -dimo 'god', prefiksmorfeme soos le- (nominale klasmorfeme), en suffiksmorfeme soos -êla (verbale relatiefmorfeme).

Kan deur alle vokale en l gevolg word.

Verwissel betekenisonderskeidend met ander foneme in die taalgroep bv. loma 'byt' : roma 'stuur', dila 'smeer' : sila 'maal'.

Korreleer morfofonemies en toon strukturele verwantskap met ander foneme soos in par. 5.1 vlgg. uitgeengesit.

Plosiveer tot t, bv. lesa 'laat staan', ntesa 'my laat staan'.

DIE KONSONANTFONEME

3.6 /f/

Die foneem word in Suid-Sotho, asook in sommige Tswana en Noord-Sotho dialekte, gerealiseer deur 'n labiodentale frikatief [f], en in Tswana en Noord-Sotho deur 'n bilabiale [ɸ]. Bv. SS, Tsw, NS feta 'verbygaan'.

Dialekties, sowel as onderling in die taalgroep, varieer hierdie foneem dikwels met ander foneme. Teenoor Noord-Sotho en Suid-Sotho varieer f in Tswana dikwels met š. Vgl. SS mafi 'dikmelk' teenoor Tsw maši. Ook dialekties wissel f en š in Tswana. Vgl. ka mofô i.p.v. ka mošô 'môre'. Varieer teenoor Suid-Sotho in Noord-Sotho met /...

met /xj/ (h). Vgl. SS lefu, NS lehu 'dood'. Tog staan f in Noord-Sotho ook in opposisie tot h, bv. fula 'wei' : hula 'roof'. Vgl. ook par. 3.3 vir dialektiese variasies.

In al drie tale word 'n outonome foneem /f/ gerealiseer in betekenisonderskeidende opposisies tot ander foneme. Vgl. SS, Tsw, NS feta 'verbygaan' : peta 'wurg'.

Die foneem word geïdentifiseer deur 'n eenheid van onderskeidende foneemkenmerk. Vgl. tabel III. Dit verskyn in woordstamme en voor alle vokale.

Flosiveer tot ph, bv. NS, Tsw, SS feta 'verbygaan', npheta 'my verbygaan'; en Tsw lofafa 'veer', pl. diphafa.

Vgl. par. 5.1 vlgg. vir strukturele verwantskap en morfofonemiese verwantskap met ander foneme.

3.7 /s/

Die foneem word in al drie tale gerealiseer deur 'n alveolêre stemlose frikatief [s].

Word geïdentifiseer deur 'n eenheid van onderskeidende foneemkenmerke. Vgl. tabel III.

Verwissel betekenisonderskeidend in al drie tale met ander foneme bv. -sela 'deurgaan' : -mela 'groei'.

Die foneem verskyn in Suid-Sotho voor alle vokale. In Tswana verskyn dit hoofsaaklik nie voor die agtervokale o, o en u nie, behalwe in dialekte. In hierdie posisies word š meesal in Tswana aangetref. Die outonome posisie wat s egter teenoor š inneem word in par. 4.23 bespreek.

Die foneem s verskyn in Noord-Sotho voor alle vokale, behalwe u, hoewel dit dialekties ook soms voor u gevind word.

Korreleer morfofonemies en toon strukturele verwantskap met ander foneme soos in par. 5.1 vlgg. uiteengesit.

Dialekties /...

Dialekties en onderling in die taalgroep varieer s ook met tsh. Vgl. NS sêga naas tshêga 'lag', SS tshêha, B keka; NS nôse 'heuning', SS nôtshi, B ni-oki, NS -swana 'ooreenstem', SS -tshwana, B -pûana. Tog neem s in Noord-Sotho 'n fonemies outonome posisie in teenoor tsh, vgl. sêla 'kos soek' : tshêla 'ingoci'.

3.8 /4/

Die foneem word in Noord-Sotho en Suid-Sotho deur 'n stemlose laterale frikatief [ɬ] gerealiseer. Die foon [ɬ] verskyn egter in Tswana nooit as 'n enkelvoudige foon voor of tussen twee vokale nie, maar slegs in die saamgestelde vorm [t^h]. Die foon [ɬ] in Noord-Sotho en Suid-Sotho, verskyn in identiese Tswanawoorde as [t^h], bv. NS en SS hlong 'ystervark', Tsw tlhong. Die foon [t^h] bestaan in Tswana uit foniese segmente wat betekenisonderskeidend verwisselbaar is (sien par. 4.41) en kan dus nie beskou word as realisering van die enkelfoneem ɬ nie, omdat [t^h] in ander posisies as 'n foneemgroep realiseer. Die fone [ɬ] en [t^h] verwissel in Tswana egter nooit betekenisonderskeidend nie en moet dus funksioneel in Tswana as lede van dieselfde foneem beskou word. In 'n gemeenskaplike praktiese ortografie kan Tsw [t^h] dus sonder verwarring met dieselfde simbool as Noord-Sotho en Suid-Sotho [ɬ] voorgestel word. Sien par. 7.1 vlgg.

Word geïdentifiseer deur 'n eenheid van onderskeidende foneemkenmerke. Vgl. tabel III. Omdat konstriktief teenoor afgesluit nie deel van die onderskeidingskorrelasie vorm nie is die foon [t^h] van Tswana ook versoenbaar met die korrelasie.

In sommige Noord-Sothodialekte soos Tlokwa, en in Tswanadialekte soos Ngwato, word 'n interdientale [t^h]

i.p.v. /...

i.p.v. [ɬ] of [t^h] gevind bv. [t^haba] i.p.v. NS [ɬaba] of Tsw [t^haba] 'steek'.

Stem ooreen met B k en t, bv., NS, SS hlala 'bly', B -ikala, NS, SS -hlano 'vyf', B -tano.

Word gevind in wortelmorfeme, Tree op voor alle vokaalfoneme behalwe voor u.

Plosiveer tot tlh. Bv., NS, SS hlaba 'steek', ntlhaba 'my steek'.

Korreleer morfofonemies en toon strukturele verwantskap met ander foneme soos in par. 5.1 vlgg. uiteengesit.

Toon onderlinge verwantskap in die taalgroep met tlh.

3.9 /x/

Die foneem word in die taalgroep deur 'n stemlose velare frikatief [x] gerealiseer, in Noord-Sotho soms deur [ɣ].

Is identifiseerbaar deur 'n eenheid van onderskeidende foneemkenmerke. Vgl. tabel III.

Stem ooreen met B k, bv. B -kama 'melk', NS -gama.

Word in Noord-Sotho gevind in wortelfoneme soos -gama 'melk', in prefiksmorfeme soos go- (infinitiefmorfeem) suffiksmorfeme soos -eg- (intransitiwe morfeem). Verskyn in Noord-Sotho voor alle vokale maar selde voor i en u, vgl. egter die ideofoon guru 'blink' en gilê 'het water geput'.

Verwissel betekenisonderskeidend met ander foneme, bv. NS aga 'bou' : ama 'aanraak'.

Vergelyk par. 2.3 vir fonologiese outonomie in die taalgroep teenoor /h/.

Plosiveer tot [kxh], bv. NS -gana 'weier', kganô 'weiering'.

Onderlinge /...

Onderlinge verwantskap in die taalgroep bestaan met h.
Korreleer morfofonemies en toon strukturele verwantskap met ander foneme soos in par. 5.1 vlgg. uiteengesit.

3.10 /b/

Die foneem word in die taalgroep deur 'n stemhebbende bilabiale eksplosief [b] en in Noord-Sotho en soms in Tswana ook deur 'n bilabiale frikatief [β] gerealiseer.

Word gevind in morfeme en woordstamme en verskyn in al drie tale voor alle vokale.

Word geïdentifiseer deur 'n eenheid van onderskeidende foneemkenmerke. Vgl. tabel III.

Verwissel betekenisonderskeidend in al drie tale met ander fone, bv. NS bala 'lees' : rala 'lyn trek'.

Plosiveer tot p, bv. bôna 'sien' : mpôna 'my sien'.
Plosiveer in Tswana ook na die klasmorfeem di- as meervoud van le- bv. lobaka 'tyd', meervoud dipaka. Plosiveer ook in enkele gevalle in Noord-Sotho, waarskynlik onder invloed van Tswana en slegs na nominale prefiks di- as meervoudsvorm van die le- klas, bv. lebaka 'tyd', meervoud mabaka en dipaka. Korreleer morfofonemies en toon strukturele verwantskap met ander foneme soos in par. 5.1 vlgg.

3.11 /p/

Word in al drie tale deur 'n bilabiale stemlose eksplosief [p'] gerealiseer, waarvan ejeksie in Tswana sterker is as in Suid-Sotho en Noord-Sotho.

Is identifiseerbaar deur 'n eenheid van onderskeidende foneemkenmerke. Vgl. tabel III.

Stem ooreen met B mb, bv. B -yimba 'sing', S -epa.

Word gevind in wortelmorfeme soos -bôp- 'vorm'.

Verskyn /...

Verskyn voor alle vokale.

Verwissel betekenisonderskeidend met ander foneme in al drie tale, bv. pata 'wegkruip' : rata 'bemin'.

Flosiveer uit b.

Korreleer morfefonemies en toon strukturele verwantskap met ander foneme soos in par. 5.1 vlgg. uiteengesit.

3.12 /t/

Word in al drie tale deur 'n alveolêre ejektiewe eksplosief [t'] gerealiseer.

Word geïdentifiseer deur 'n eenheid van onderskeidende foneemkenmerke. Vgl. tabel III.

Stem ooreen met B nd. Bv. B -panda, S -fata 'grawe'.

Word gevind in wortelmorfeme, bv. -tala 'groen'.

Verskyn voor alle vokale.

Verwissel betekenisonderskeidend met ander foneme in al drie tale bv. tala 'groen' : mala 'kleur'.

Flosiveer uit l.

Korreleer morfefonemies en toon strukturele verwantskap met ander foneme soos in par. 5.1 vlgg. aangedui.

3.13 /k/

Word in al drie tale deur 'n ongeaspireerde velare ejektiewe eksplosief [k'] gerealiseer.

Is identifiseerbaar deur 'n eenheid van onderskeidende foneemkenmerke. Vgl. tabel III.

Stem ooreen met B ng. Bv. B -paŋga, S mphaka 'mes'.

Word gevind in wortelmorfeme, bv. kae 'waar?'. Verskyn in al drie tale voor alle vokale.

Verwissel betekenisonderskeidend met ander foneme in

al /...

al drie tale, bv. -kaka 'saamvat' : -baka 'betwis'.

Flosiveer uit aanvangsvokale met 'n stembandklapper wat ooreenstem met B ɣ, wat in Sotho egter nie fonologies relevant is nie.

Korreleer morfofonemies en toon strukturele verwantskap met ander foneme soos in par. 5.1 vlgg. uiteengesit.

3.14 /q/

Word deur 'n palataal-alveolêre implosiewe ongeaspireerde suigklank [c] gerealiseer. Kom net in Suid-Sotho voor.

Vgl. tabel III vir onderskeidende foneemkenmerke.

Toon geen ooreenkoms met B nie, maar wel met Boesman en Hottentots.

Word gevind in woordstamme bv. qala 'begin'.

Verskyn voor alle vokale.

Verwissel betekenisonderskeidend met ander foneme, bv. qala 'begin' : sala 'bly'.

Fonetiese variante voor i en u word gevind wat minder implosief is.

Kan gevolg word deur die nasaal /n/ en vorm 'n swak gesnede foneengroep /qn/, bv. [qnalɔ] 'plek'. Kan ook gevolg word deur sillabiese [̃n] en vorm 'n skerp gesnede foneengroep /nq/, bv. [̃nqetʃhani] 'n soort voël'.

Soms word 'n genasaleerde variant [c̃] onder invloed van die voorafgaande nasaal gevind. Tucker⁶⁾ het toetse dwarsdeur Basoetoland toegepas en gevind dat een groep die woordgroep [ka ̃ncane] gebruik, terwyl 'n ander groep deurgaans weer [ka ̃nc̃ane] gebruik. Ons het dus hier met 'n streeksvariant [c̃] te doen wat foneties posisioneel gekondisioneer word. Die fone [c] en [c̃] verwissel nooit betekenisonderskeidend nie en verskyn ook nie in dieselfde fonetiese /...

fonetiese konteks nie: [č̃] verskyn slegs na 'n nasale foneem, terwyl [c] gewoonlik na orale foneme gevind word.

3.15 Stembandploffer [']

Die stembandploff

er verskyn soms voor aanvangsvokale en tussen twee vokale wat naas mekaar verskyn in woordgrense, bv. NS [xo'aya] 'bou'. Omdat in die struktuur van die Sothotale 'n konsonant normaalweg gevolg word deur 'n vokaal, is die stembandploff

struktureel 'n realisering van 'n latente konsonant. (Volgens B dui dit op χ).

Omdat die stembandploff

geen woordonderskeidende funksie het nie, is dit in die taalsisteem 'n fakultatiewe variant en nie as outonome foneem geldend nie, maar slegs 'n foneties-diachroniese manifestasie.

DIE NASAALFONEME

3.16 /m/

Word in al drie tale deur 'n bilabiale nasaal [m] gerealiseer.

Is identifiseerbaar deur 'n eenheid van onderskeidende foneemkenmerke. Vgl. tabel III.

Stem ooreen met B m, bv. B -mila, S -mela 'groeï'.

Word gevind in woordstamme, bv. -mela 'groeï' en in nominale klasmorfeme, me-, ma-, bv. metho 'mens', metse 'stede', maru 'wolke'.

Verskyn voor alle vokale, en 'n sillabiesse variant verskyn voor m, p, ps, pš, ph, psh, pšh.

Sillabiesse [m̄] is 'n variant van die foneem /m/ omdat dit nie betekenisonderskeidend met [m] verwissel nie en ook nie in dieselfde fonetiese konteks verskyn nie: sillabiesse [m̄] verskyn slegs voor konsonante m, p, ps, pš, ph
psh / ...

psh en pšh terwyl nie-sillabiese [m] slegs deur vokale gevolg word.

Verwissel betekenisonderskeidend met ander foneme, bv. SS -mêma 'uitnoot' : -rêma 'kap'.

Korreleer morfofonemies met b, bv. SS mmôni 'siener', maar bôna 'sien'.

3.17 /n/

Word in al drie tale deur 'n alveolêre nasaal [n] gerealiseer.

Is identifiseerbaar deur 'n eenheid van onderskeidende foneemkenmerke. Vgl. tabel III.

Stem ooreen met B n. Bv. B -nona S -nôna 'vet word'.

Word gevind in woordstamme, bv. S -nôna 'vet word' en in nominale klasmorfeem n- en din- (B klas 9 en 10) bv. S noka 'rivier', dinoka 'riviere'.

Verskyn voor alle vokale in al drie tale.

Verwissel betekenisonderskeidend met ander foneme in al drie tale, bv. S -nôna 'vet word' : -bôna 'sien'.

In enkele gevalle varieer n onderling in die taalgroep met l, bv. SS -nokêla maar Tsw -lokêla 'insit'.

Net soos by /m/ word ook 'n sillabiese variant [ñ] aangetref, bv. in monna 'man'.

3.18 /ŋ/

Word in al drie tale deur 'n velêre nasaal [ŋ] gerealiseer.

Is identifiseerbaar deur 'n eenheid van onderskeidende foneemkenmerke. Vgl. tabel III.

Stem ooreen met B ni en nî, bv. B -nî 'wie - vraagwoord', S -ng.

Verskyn /...

Verskyn in woordstamme, bv. SS -ngôla 'skrywe', as nominale klasmorfeem, bv. S ngaka 'dokter'.

Verskyn voor alle vokale, meesal egter voor a en ô en selde voor i en u.

Verwissel betekenisonderskeidend met ander foneme bv. SS ngaka 'dokter' : naka 'horing'.

Nes by ander nasale word 'n sillabiesee [ŋ] as variant gevind, bv. in S thabêng

3.19 AANTEKENINGE

- 1) Vgl. par. 4.1 - 4.43 vir saamgestelde foneme.
- 2) Cohen, The Phonemics of English, bl. 51.
- 3) Martinet, Phonology as Functional Phonetics, bl. 19.
- 4) Tucker, Comparative Phonetics, par. 70.
- 5) Doke en Mofokeng, Textbook of Southern Sotho, par. 3.3.
- 6) Tucker, Comparative Phonetics, par. 191.

HOOFSTUK IV

FONEEMGROEPE

4.1 SAAMGESTELDE FONEME

Artikulatories is die struktuurpatroon van Sotho normaalweg 'n konsonantfoon gevolg deur 'n vokaalfoon. Waar 'n woord 'n vokaal as aanvangsklank het, word dit soms voorafgegaan deur 'n stembandklapper wat 'n realisering is van 'n latente konsonant.

Nasale vervul die funksie van konsonant sowel as vokaal. Funksioneel fungeer hulle as vokaalkonsonante, omdat hulle gevolg kan word, sowel deur 'n konsonant as deur 'n vokaal. In alle gevalle waar 'n nasaal deur 'n konsonant gevolg word, is die nasaal sillabies, wat 'n latente vokaal tussen die nasaal en die volgende konsonant veronderstel. Dieselfde is ook van toepassing as twee nasale op mekaar volg. Die volgende verbindings is dus realiseringe van foneemgroepe: /ŋk/ in nku 'skaap', /mp/ in mpa 'maag', /mm/ in mma 'moeder', /ŋŋ/ in nngwe 'ander'.

Ook die vokaliëse konsonante l en r kom sillabies voor in verbindings soos NS & SS lla 'huil' en NS & Tsw rra 'vader'. Dat die sillabiesse konsonant l 'n volgende vokaal veronderstel, blyk uit die variasie Tsw lela 'huil'. Klaarblyklik is /ll/ en /rr/ ook hier realiseringe van foneemgroepe. Artikulatoriese skeiding word hier deur sillabisering bewerkstellig.

Sotho-konsonante wat naas mekaar te staan kom en waarvan die totaal van onderskeidende kenmerke dieselfde onderskeidende kenmerke omvat as twee of meer enkelvoudige foneme maar tog 'n monofoon vorm, word deur sommige taalkundiges as 'n dubbelfoneem beskou wat 'n monofonemiese realisering is. So 'n dubbelfoneem sal dan in die sillabiesse struktuur van Sotho as outonome foneem fungeer omdat

die /...

die taalpatroon nie twee konsonante naas mekaar toelaat nie. Dat die lede van so 'n dubbelfoneem as eenheid aangevoel word, blyk verder uit die feit dat in 'n taaluiting een sillabe nooit op een lid van 'n dubbelfoneem kan eindig en die volgende sillabe met die ander lid kan begin nie. Hulle vorm 'n onverdeelbare eenheid. Dit is in ooreenstemming met Trubetzkoy¹⁾ se beskouing dat „Lautverbindung muss als Realisation eines einzigen Phonemes gewertet werden, wenn sie als Einzelphonem behandelt wird, d.h. wenn sie in solchen Lautstellungen vorkommt, wo in der betreffenden Sprache Phonemverbindungen nicht zugelassen werden.“ (Blok²⁾) stel dit duidelik „Een dubbelfoneem immers vormt een ongescheiden eenheid, terwijl daarentegen een foneemgroep een verdeelbare tweeheid uitmaakt.“³⁾ Dit kan verder ook nog aangevoer word dat dubbelfoneme in die Sothotale onderling en dialekties varieer met outonome foneme, bv. ps met p in Tswana psila sowel as pila 'goed'. Dit toon hoe die dubbelfoneem as eenheid in die taalgroep aangevoel word.

Volgens hierdie vertolking kan die volgende fonemiese samestellings as dubbelfoneme beskou word: fs soos in NS lefsika 'klip', bj soos in NS -bjala 'saai', fs soos in NS -fesa 'nuut', psh soos in NS -pshikologa 'afrol', pš soos pšatla 'kook', kg soos in NS, SS, Tsw kgaka 'tarentaal', ts soos in NS -tsêna 'ingaan', tsh soos in NS tshêga 'lag', tš soos in NS -tšea 'neem', tšh soos in NS -tšhaba 'vrees', tl soos in NS, SS en Tsw -tla 'kom', tlh soos in Tsw -tlhaba 'steek'.

Gelabialiseerde en gepalataliseerde fone vorm saamgestelde konsonante wat waarskynlik ook as dubbelfoneme beskou kan word. Die totaal van hul onderskeidende foneemkenmerke is wel nie dié van 'n konsonant gevolg deur 'n halfvokaal w of j nie, maar bepaalde halfvokaliese foneemkenmerke /...

kenmerke wat saam met 'n konsonant as foniese eenheid uitgespreek word. Die saamgestelde foon [tw] in NS, SS en Tsw ratwa 'word bemin' vorm nie twee aparte fone met 'n eie, individuele artikulasiespits onafhanklik van mekaar nie, maar word as een foon geartikuleer nl. [tw], d.w.s. [t] met liprondding. Net so is dit ook by die gepalataliseerde konsonante. Die foon [pʃ] in NS mpša 'hond' bv., word as 'n gepalataliseerde [p] geartikuleer. Die labiale kenmerke by die eerste groep en die palatale kenmerke by die tweede groep van die halfvokale w en j onderskeidelik vorm deel van die onderskeidende kenmerke van die saamgestelde foon. Die labiale en palatale eienskappe onderskeidelik kan egter as realiseringe van die semivokale in dubbelfoneme beskou word, omdat dit met die betrokke konsonante 'n saamgestelde foon vorm. Die volgende fonemiese samestellings sal dus ook as dubbelfoneme beskou moet word: nw, ngw, sw, šw, hlw, hw, rw, lw, tw, thw, kw, khw, fš, bj, pš.

Dit blyk dus dat die realisering van „dubbelfoneme“ groot afmetings in die taalgroep aanneem. Dit kan nie as geïsoleerde verskynsels in die taalsisteem beskou word nie, maar as normale en integrale realiseringe in die taal se fonemiese en morfofonemiese samestelling.

Om al die bogenoemde fonemiese samestellings as aparte outonome foneme binne die begrensing van 'n dubbelfonem te beskou sal die taalstruktuur met 'n oorweldigende aantal foneme belas. Dit sal in stryd wees met die reël van fonologiese ekonomie wat by alle tale geld.

Aanvaarding van 'n reeks dubbelfoneme in die taalgroep is slegs gebaseer op die taal se fonetiese struktuur. Hierdie samestellings vorm artikulatories en auditief sonder twyfel in die meeste gevalle 'n reeks enkelfone. Maar as

hierdie /...

hierdie foniese eenhede funksioneel ontleed word, bied dit 'n heel ander beeld van die fonologiese samestelling van die taal se monofonemiese en polifonemiese realiseringe.

'n Duideliker beeld van die taalgroep se struktuur word in die volgende paragraaf gekry. Hier word verskynsels in die taalstruktuur benader uit die oogpunt van gesnedenheid van foneemverbindings. Die fonetiese verskynsels word waargeneem, maar die fonemiese interpretasie daarvoor moet met die betekenisonderskeidende funksie van fone as uitgangspunt gedoen word. Die vraag ontstaan of ongesnede en swakgesnede verbindings fonologies as mono- of polifonemiese realiseringe vertolk moet word.

GESNEDENHEID VAN FONEEMVERBINDINGS IN SOTHO

4.2 Binding van Fone

Dit is 'n bekende verskynsel dat fone of spraakklanke in dieselfde taal soms 'n neiging toon om in bepaalde posisies hefter saam te bind as in ander posisies. Binding van fone word bepaal deur verskynsels soos assimilasie, duurinkorting en dubbelvorming, versnelling van lugstroom deur ejeksie en fortis-aspirasie, verskuiwing van klem, ongespanne aspirasie en ander kenmerkende eienskappe van 'n bepaalde taal se struktuur.

(1) Fone kan volledig of onvolledig aan mekaar assimileer as hulle in die taalgebruik naas mekaar te staan kom. So kan [t] en [l] volledig assimileer tot [t^l], naamlik t met laterale ploffing. Onvolledige assimilasie vind plaas waar fone net mekaar se artikulasiepunte nader, bv. waar [n] assimileer na [m] onder invloed van 'n volgende [b]. Duurinkorting vind plaas wanneer twee fone, bv. [t] en [s], bind in 'n affrikaat [ts], deurdad die twee fone met /...

met korter duur en as eenheid geartikuleer word. ^④ Synchronisering of dubbelvorming vind plaas wanneer fone gelyktydig geartikuleer word. As [t] en [w] bv. naas mekaar te staan kom, kan [t] gelabialiseer word sodat die twee fone sinchroniseer in 'n enkele foon [t^w].

Verskynsels soos assimilasie, duurinkorting en dubbelvorming, kom algemeen voor in die Sothotale. Kenmerkend van die fonetiese struktuur van die taalgroep is die reëlmatige opvolging van 'n konsonant deur 'n vokaal. Dit bewerkstellig 'n binding van konsonante sodra hulle naas mekaar te staan kom as gevolg van strukturele manifestasies in die taal. Dit geld vir alle konsonante behalwe die nasale en l en r, omdat laasgenoemdes sowel deur vokale as deur konsonante gevolg kan word. In 'n steekproef wat gemaak is van die densiteit van foniese verbindings in Noord-Sotho, is gevind dat verbindings van saamgestelde konsonante met vokale minimaal belas is, teenoor 'n maksimale belasting van enkelvoudige konsonante gevolg deur vokale (vgl. par. 6.1-2). Dit wil voorkom asof twee konsonante wat morfemies geaktiveer naas mekaar in die taalstruktuur te staan gekom het, hetsy sinchronies of diachronies, hegter saambind. Nog 'n kenmerkende strukturele eienskap van Sotho is dat alle plosiewe konsonante en saamgestelde konsonante met 'n aanvangseksplousief gevolg word deur ejeksie of fortisaspirasie. (Daar is egter enkele dialektiese uitsonderings). Die fonetiese invloed van ejeksie en fortisaspirasie werk 'n hegter binding van segmente in die hand deurdat dit die lugstroom versnel.

Die nasale en l en r vorm sillabes op sigself, omdat konsonantverbindings nie binne een sillabe toelaatbaar is nie, tensy hulle as foniese eenheid verbind.

4.3 Ontleding van Gesnedenheid

In die hieropvolgende ontleding van binding of gesnedenheid in die Sotho-taalgroep is slegs algemene norme in die drie hooftale in oënskou geneem. Die basiese bevin-dinge sal egter ook op die oorgrote meerderheid van dia-
lekte van toepassing wees, hoewel die konsonante wat
hegter bind kan verskil. Dialekties sal [dz] bv. gevind
word as 'n geassimileerde verbinding met inkorting van duur,
terwyl die algemeen geldende vorm in die taalgroep ts is.

Die sogenaamde gelabialiseerde konsonante is 'n reeks
gesinchroniseerde of dubbelgevormde verbindings wat groot
afmetings in die taalgroep aanneem. Taalkundiges beskou
hierdie konsonantgroepe dikwels as enkelvoudige konsonante
wat met liprondding uitgespreek word. Die twee foniese
segment se labiale eienskap laat identifiseerbaarheid met
die halfvokaal w vermoed. Gelabialiseerde sinchrofone
wat algemeen in die taalgroep voorkom is [nw, ŋw, ɲw, sw,
ʃw, tw, rw, ɸw, xw, hw, lw, ɬw, kw, khw, thw, kxhw, tsw,
tshw, tʃw, tʃhw] .

'n Tweede reeks verbindinge wat algemeen in die taal-
groep voorkom, is die palatale en prepalatale verbindinge
waarvan die tweede segment met die halfvokaal [j] identi-
fiseerbaar skyn te wees. Die mees algemene verbindinge is
[b₃, β₃, pʃ', tʃ', fʃ] .

Verder kom daar nog alveclêre verbindinge soos [fs, ts',
ps', psh, tsh], laterale fone soos [t^l], [t^lh] , en velêre
verbindings soos [kxh] in die taalgroep voor.

Verbindings van fone is 'n fonetiese verskynsel. Om
'n fonemiese interpretasie van die foniese verbindings te
bewerkstellig, moet fonologies bepaal word of die foonver-
bindings monofonemiese of polifonemiese realiseringe is.
Dit wil sê of die verbinding 'n enkelfoneem of 'n foneem-

groep /...

groep realiseer. Om so 'n interpretasie te kan gee, moet die grondkenmerk van die foneem as uitgangspunt geneem word. Daar bestaan heelwat meningsverskil onder taalkundiges oor die kernvereistes om foneme te isoleer. Vir die Bantoe-tale blyk die funksionele benadering 'n praktiese en maklik toepasbare uitgangspunt te wees. Hiervolgens bestaan die funksie van 'n foneem uit sy vermoë om in die taalsisteem woorde van mekaar te onderskei. As die vervanging van een foon deur 'n ander foon in 'n taaluiting 'n verskil in betekenis ten gevolg het, is sulke fone realiserings van foneme in die sisteem van daardie besondere taal. Dit is die studiegebied van die fonetiek om al die verskillende fone in 'n gegewe taal te beskrywe. Maar dit is die studiegebied van die fonologie om te bepaal wat die betekenisonderskeidende funksie van sulke fone in die taalsisteem is. In Sotho het die vervanging van l met r 'n verskil in betekenis ten gevolg. In hierdie taal moet l en r dus as aparte foneme vertolk word. In 'n taal soos Kwangali wissel l en r met mekaar voortdurend in dieselfde woorde sonder enige verskil in betekenis. Die sprekers van die taal is trouens nie eers bewus van die wisseling nie. Weens die nie-betekenisonderskeidende funksie van die twee fone is hulle gehoor nie natuurlik ingestel om die klankverskil tussen die twee fone waar te neem nie.

Die foneemnaat in 'n klankeenheid kan ook op funksionele grondslag afgebaken word. As die totale aantal kenmerke van 'n klankeenheid betekenisonderskeidend deelbaar is, is daar meer as een foneem in die eenheid opgesluit. In Sotho is die klankeenheid ra deelbaar omdat ons 'n woord rata vind wat betekenisonderskeidend staan teenoor ata. Hier word dus twee foneme gerealiseer, naamlik /r/ en /a/. Die fonetiese eienskappe van b, naamlik bilabiaal, plosief en stemhebbend /...

stemhebbend is ook deelbaar. As die stemhebbende eienskap weggelaat word, kry ons 'n outonome foneem p wat selfstandig in die taalsisteem funksioneer. As dit in 'n taal sou gebeur dat die stemhebbende eienskap van b op sigself ook betekenisonderskeidend sou wees, sou b 'n bifonemiese realisering wees en uit twee foneme bestaan.

Om vas te stel of fone en foniese verbindings in 'n taal monofonemiese of polifonemiese realiseringe is, moet die strukturele eienskappe van die taal in sy geheel in ag geneem word. Dit is moontlik dat sekere foneemverbindings die neiging toon om hegter te bind, en selfs tot 'n enkele foon te assimileer, as ander foneemverbindings in dieselfde taal. Die wyse waarop foneme met mekaar verbind, blyk die duidelikste op die nate of grense waar morfeme verbind.

Omdat die funksionerende morfeme van die Sothotale reëlmatig met 'n vokaal begin, is morfeemate waar 'n konsonant naas 'n konsonant te staan kom, uiters beperk. Uitsonderings is die nasale foneme, bv. die pronominale konkordmorfeem van die eerste persoon enkelvoud as voorwerp. Die nasale is in hierdie posisies egter sillabies en vorm geen hegte verbindings nie. Die kousatiefmorfeem, wat diachronies vergelykend met *-y- ooreenstem, dui sinchronies op 'n zeromorfeem wat deur middel van 'n reeks morfonomemiese korrelasies fungeer.

'n Insiggewende uitsondering is die passiefmorfeem wat op -w- dui. Die variante -iw- en -uw- soos in SS disiwa 'laat oppas' en rutuwa 'laat leer' toon die aanwesigheid van die konsonant w in hierdie morfeem. Waar w op die morfeemnaat langs 'n ander konsonantmorfeem te staan kom, vind 'n reeks gesinchroniseerde assimilasies plaas. Bv. rat- 'bemin' gevolg deur die teenwoordige tyd passief -wa gee ratwa, waarin tw foneties 'n enkele gelabialiseerde foon

is. /...

is. Die neiging, wat hier verskyn, is dat twee konsonante naas mekaar hefter bind tot 'n foniese eenheid.

'n Ander kenmerkende verskynsel van foneme op morfeem-nate is 'n reeks morfofonemiese korrelasies wat gevorm word. Vergelyk bv. die korrelasiereeks in Suid-Sotho saam met die diminutiefmorfeem -ana, naamlik bê : j, fi : tshw, hla : tsh, pê : tsw, lê : j. In die gevalle waar die passiefmorfeem nie sinchroniseer tot 'n enkele gelabialiseerde foon nie, verskyn ook 'n reeks morfofonemiese korrelasies. Vergelyk bv. NS f : fš, p : pš.

Die neiging in die Sotho-taalgroep is dat foneme op morfeemgrense hefter bind in 'n foniese eenheid. Omdat die basiese sillabepatroon 'n konsonant gevolg deur 'n vokaal is, is die neiging vir konsonantfoneme om in 'n enkele foon te bind. Vergelyk bv. die gelabialiseerde verbindings hierbo. Waar dit artikulatories nie moontlik is nie, nader die foneme mekaar se artikulasiepunte en word die duur ingekort om in 'n eenheid, so heg as artikulatories moontlik is, te bind. Hierdie patroon word reëlmatig by die morfofonemiese korrelasies gevind. Die neiging by hierdie korrelasies is egter nie dat die foneme op die morfeem-nate hul outonomie behou nie. Die korrelasies is ook nie altyd identifiseerbaar as geassimileerde produkte van die foneme wat naas mekaar in die morfeemnaat te staan kom nie. Vergelyk bv. die Suid-Sotho korrelasies hierbo.

Weens die struktuur van die taal is die foneme in die korrelasies nie herleibaar uit 'n eenvoudige proses van assimilasie van die oorspronklike foneme in die morfeme wat langs mekaar te staan kom nie. Waar die strukturele neiging bepaal is dat die foneme so heg moontlik bind in 'n eenheid, kan 'n foneem in die eenheid geïsoleer word op grond van sy basiese kenmerkende eienskap. Daar kan verder

ook /...

ook eksperimenteel bepaal word watter foneme met inkorting van duur en assimilasië benaderd dieselfde resultaat gee as die gebonde eenheid in die korrelasië. Deur assimilasië word [ʃ] bv. verkry uit 'n hegte binding van [s] en [j], en [ʒ] uit [z] en [j]. Waar /s/ en /j/ in Sotho outonome foneme is op grond van hul betekenisonderskeidende funksie, kan [ʃ] dus vertolk word as /s/ en /j/ in 'n hegte verbinding onder strukturele druk. Daar bestaan egter nie 'n foneem /z/ in die taalgroep nie. Dus is [ʒ] nie fonologies deelbaar op grond van die twee segmente se betekenisonderskeidende funksie nie, en realiseer dialekties 'n enkelfoneem /ʒ/. Vgl. ook par. 4.5.

Die foonverbindings in Sotho kan nou as klankeenhede in oënskoue geneem word. As die klankeenheid van 'n foonverbinding nie betekenisonderskeidend deelbaar is nie, moet dit funksioneel as realisering van 'n enkelfoneem beskou word. Is die klankeenheid egter deelbaar, moet dit as 'n polifonemiese realisering beskou word.

4.4 Labiale Verbindings

Die segmente van die labiale foonverbindings is almal deelbaar en bestaan uit 'n aanvangskonsonant of konsonante gevolg deur 'n labiale segment wat as realisering van die semivokaalfoneem /w/ vertolk moet word. Dit word verder bewys deurdat sprekers van die taal vervanging van die labiale segment deur die halfvokaal [w] nie as foutief beskou nie, maar as 'n noukeurige uitspraak. Omdat die halfvokaal [w] as outonome foneem in die taal fungeer en deur die sprekers van die taal as identies aan die gesinchroniseerde labiale segment vertolk word, bewys dit funksionele identiteit tussen die twee fone. Foneties pas labialisering /...

labialisering ook in by die proses van sinchronisering. As die neiging bestaan om twee fone gelyktydig of byna gelyktydig te artikuleer, word 'n gedeelte van die fone nie noukeurig geartikuleer nie. Die mees karakteristieke eienskap of eienskappe van 'n foneem wat hom van ander foneme in die taalsisteem onderskei, sal egter in die artikulasie behoue bly. Dit kan ook eksperimenteel deur rekonstruering van labiale sinchrofone bewys word. As 'n konsonant en die halfvokaal [w] gelyktydig geartikuleer word, is die resultaat ongeveer dieselfde as die gelabialiseerde sinchrofone in Sotho. Labialisering of liprondding is 'n eienskap wat in Sotho uitsluitlik karakteristiek is van die semivokaalfoneem /w/, en hierdie eienskap onderskei hom van al die ander konsonantiese enkeltoneme. Die vraag of die semivokaal [w] nie as variant van 'n vokaalfoneem fungeer nie, word in par. 3.2 bespreek. Dit blyk dat hy in die taalsisteem nie deurgaans 'n bepaalde vokaal as variant kan vervang nie. Hy is nie aan 'n spesifieke vokaalfoneem gebonde nie, maar korreleer morf fonemies hoofsaaklik met o, ô en u. Dit is opmerklik dat hy juis met die labiale vokaalfoneme korreleer, en dit toon die belang in die taalsisteem van sy labiale eienskap.

Gelabialiseerde fone verskyn in verskillende soorte morfeme. Die volgende voorbeelde uit Noord-Sotho illustreer die verspreiding van gelabialiseerde fone: [nw] soos in -nwa 'drink', -nwêla 'laat drink'; [ɲw] soos in -nywaga 'jare', [ɳw] soos in ngwana 'kind', -ngwê 'ander'; [sw] soos in -swara 'vang', maswi 'melk'; [ʃw] soos in -šweu 'wit'; [ɬw] soos in -hlwa 'vertoef', [hw] soos in -hwa 'sterf', -hwêtša 'vind'; [rw] soos in -rwala 'dra'; [lw] soos in -lwa 'veg'; [tw] soos in ntwa 'oorlog', [thw] soos in -thwe 'word gesê'; [kw] soos in -kwa 'hoor'; [kxhw] soos in kgwale /...

kgwale 'patrys'; [khw] soos in khwetšô 'fonds'; [tsw] soos in -tswa 'uitgaan'; [tshw] soos in -tshwênnya 'pla'; [tjhw] soos in tšhwêne 'bobbejaan'. Uit opposisies soos nwa 'drink' : na 'reën' blyk dat gelabialiseerde konsonante in die taalstruktuur 'n fonemies onderskeidende posisie inneem. Maar die gelabialiseerde konsonant verskyn egter nooit in fonemiese opposisie tot die ooreenstemmende onge-labialiseerde konsonant gevolg deur die halfvokaal w nie. D.w.s., die enkelvoudige gelabialiseerde klanksegment nw staan bv. in 'n vorm nw-a nooit in opposisie tot 'n vorm n-w-a nie. Derhalwe dui nw funksioneel op 'n realisering van die twee klanksegmente: n en w. Die semivokaal w moet as realisering van 'n konsonant beskou word omdat dit nooit die sillabespits kan vorm nie en nòg toon nòg kwantiteit-draend is (vgl. par. 3.2). Dit is 'n konsonant wat sy beslag gekry het uit gedevokaliseerde vokale. Die taalstruktuur laat nie toe dat twee konsonante in 'n taalvorm op mekaar volg nie. Artikulatories is onder strukturele druk net een foon waarneembaar; die semivokaal w volg nie op die voorafgaande klanksegment nie, maar is gesinchroniseer daarmee. Reeds wanneer die artikulasie van n 'n aanvang neem, is die lipronding teenwoordig, en wanneer die artikulasie van n eindig, eindig die lipronding ook. Dit is foneties 'n enkele foon wat met lipronding geartikuleer word.

Gelabialiseerde konsonante word met normale funksionele belasting in stammorfeme aangetref en word gevolg deur die vokale i, e, ê en a. Omdat die semivokaal sy beslag kry uit gedevokaliseerde vokale: o, ô en u, word die sinchrofoon nie deur hierdie vokale gevolg nie.

Die segmente van gelabialiseerde fone verwissel betekenisonderskeidend in al die tale van die groep. Bv. -nwa 'drink' /...

'drink', -na 'reën', -wa 'val'.

5

Ook in die morfofonemiese struktuur van die taal fungeer die segmente van gelabialiseerde fone as aparte foneme. Die morfofonemiese korrelate van elke segment stem ook ooreen met die morfofonemiese korrelate van sy ooreenstemmende enkel foneem. Die morfofonemiese korrelaat van r is altyd th, of dit deur 'n labiale segment gevolg word al dan nie. Bv. rata 'bemin' : ithata 'self bemin', asook rwala 'dra' : ithwala 'self dra'.

Gelabialiseerde fone realiseer ongesnede foneemgroepe bestaande uit aparte foneme, nl. 'n konsonantfoneem of -foneme en die semivokaalfoneem w. Die volgende labiaal ongesnede foneemgroepe verskyn in die taalgroep:

nw, nyw, sw, šw, hlw, hw, gw, rw, lw, tw, thw,
kw, kgw, khw, tsw, tshw, tšw, tšhw, qw, qhw.

4.5 Palatale en Alveolêre Verbindings

Die palatale foonverbindings is 'n reeks waarvan die laaste segment kenmerkend palataal is. Net soos die labiale eienskap by die semivokaalfoneem /w/ as onderskeidende foneemkenmerk oorheersend is, word gevind dat die palatale eienskap by die semivokaalfoneem /j/ onderskeidend oorheersend is. By die reeks enkelvoudige orale konsonantfoneme is dit die palatale eienskap wat /j/ artikulatories van die ander foneme onderskei. Derhalwe is die palatale eienskap 'n basiese eienskap van /j/. Vgl. tabel III.

Palatale fone kan ook eksperimenteel artikulatories hefter gebind word. Deur die ondergenoemde fone artikulatories hefter met die semivokaal [j] te bind, kan die volgende resultate verkry word:

[b	-	j]	word	[bj]	of	[bʒ]
[p	-	j]	word	[pj]	of	[pʃ]

[β - j]	word	[βj]	of	[β ʒ]
[d - j]	word	[dj]	of	[d ʒ]
[s - j]	word	[sj]	of	[ʃ]
[n - j]	word	[nj]	of	[ɲ]
[x - j]	word	[xj]	of	[ħ]

Soos reeds vermeld, is segmentbinding 'n fonetiese verskynsel wat kenmerkend van die Sothotale is as gevolg van die sillabestruktuur van 'n konsonant gevolg deur 'n vokaal. Die resultate wat hierbo eksperimenteel verkry word, is almal fone wat in 'n fonetiese inventaris van die Sothotale gevind word. Waar segmentbinding 'n strukturele reël is in Sotho, is die laaste segment van die resultate dus foneties identifiseerbaar met die semivokaal [j].

As die reeks fonemies getoets word aan die betekenisonderskeidende potensialiteit van die twee segmente word tot die gevolgtrekking geraak dat die palatale foonverbindings polifonemiese realiseringe is. In al die gevalle is die segmente fonemies deelbaar. Die slotsegmente wat palataal is, is 'n realisering van die semivokaalfoneem /j/. Die gebonde foneemgroep is in alle gevalle betekenisonderskeidend wisselbaar met die aanvangsegment en/of met die slotsegment, naamlik /j/. Bv. /bj : b/ soos in NS /-bjala/ 'saai' : /-bala/ 'tel'; /sj : s/ soos in /-sjoma/ 'werk' : /-soma/ 'aankondig'.

Die foneem /j/ kom ook voor in verbindings wat uit meer as twee segmente bestaan. Ook in polisegmentele verbindings word sy fonemiese outonomie gehandhaaf. Vgl. bv. fonemiese opposisies /tsjw : tsw/ soos in NS /tsjwala/ 'aantrek' : /-tswala/ 'baar'.

Ook [ɲ] en [ħ] moet om dieselfde redes as geassimileerde verbindings /nj/ en /xj/ respektiewelik beskou word.

'n /...

'n Palatale stemhebbende frikatiewe sinchrofoon [d₃], waar die segmente gedeeltelik geassimileer het met ingekorte duur, kom in die taalgroep voor. Soms word [d₃j] en selfs 'n enkelfoon [ɟ] of [ɟ₃] dialekties gehoor. Fonologies realiseer die verskillende variasies dieselfde foneem. Die verskillende variante varieer in die taalgroep dialekties. In die taalgroep as geheel dui die sinchrofoon meer algemeen op [d₃]. Dat die tweede segment as [ɟ₃] waarneembaar is, met groter friksie en meer stem as [j], is weens assimilasië, wat posisioneel gekondisioneer word deur die stemhebbendkonsonantiese eienskap van die eerste segment. Dat slegs [ɟ₃] in die taalgroep waarneembaar is, is toe te skryf aan 'n verdere graad van assimilasië met elisië. Die eerste segment van die verbinding se eksplousiewe eienskap word geneutraliseer of opgehef sodat slegs die konsonantiese en stemhebbende eienskappe waarneembaar is. Suiwer sinchronies is daar geen beswaar om 'n foneem /ɟ₃/ as outonoom teenoor /j/ te aanvaar nie, maar dit sal net in 'n dialektiese analise toepaslik wees. By die globale ontleding van 'n taalgroep moet die grootste gemene deler as norm geneem word. Met inagneming van die mees algemene realisering in die taalgroep, en met inagneming van die opheffing van 'n enkele eienskap in die sinchrofoon, is die gesinchroniseerde verbinding [d₃] die aangewese norm en word dit vir vergelykende doeleindes aanvaar.

Fonemies is [d] van SS en [ɟ] van NS en Tsw egter posisionele variante van die foneem /ɟ/, wat deur 'n volgende i of u gekondisioneer word. Vergelyk bv. morfologiese korrelasies in Tswana en Suid-Sotho soos -bala 'lees' maar perfektumvorm -badilê en kousatiewevorm -badisa. Vgl. verder par. 3.5. Fonemies realiseer die segmente van /...

van [d₃] dus 'n foneemgroep /lj/, waarvan die foneme met mekaar betekenisonderskeidend verwisselbaar is, soos in NS moja 'iemand wat gaan' : mola 'n ry'.

Die verbinding [d₃] realiseer dus 'n gebonde foneemgroep /lj/. Vgl. verder par. 4.21.

Die alveolêre foonverbindinge kan eksperimenteel betreklik maklik gerekonstrueer word. As die fone [t] en [s] met ingekorte duur geartikuleer word, is die produk 'n verbinding [ts]. Indien dit ook met ejeksie geartikuleer word, gee dit die foonverbinding [ts'], soos dit in die Sothotaalgroep voorkom. Dieselfde eksperimentele rekonstruksies kan met alle alveolêre foonverbindinge met ingekorte duur in die taalgroep, soos bv. [ps'] en [fs] gedoen word, en deurgaans dui die uitslag op 'n konsonant gevolg deur die alveolêre foon [s]. Fonemies verwissel die twee segmente van elke alveolêre sinchrofoon ook betekenisonderskeidend met mekaar, bv. SS -tsala 'bevestig' : -sala 'bly' : -tala 'smaakloos maak'. Die segmente van elke alveolêre foonverbinding in die taalgroep bestaan uit 'n aanvangskonsonantfoneem gevolg deur die foneem /s/.

4.6 Laterale en Velêre Verbindings

Die laterale [t^l] wat algemeen in die taalgroep gevind word, kan ook eksperimenteel gerekonstrueer word.

Die fone [t] en [ɬ], geassimileer met ejeksie, gee 'n ejektiewe t met laterale ploffing. Dieselfde resultaat word ook verkry deur assimilasië van [t] en [l]. Hier word egter ook die vokaliëse eienskap van [l] geneutraliseer, terwyl [t] en [ɬ] albei slegs konsonantiëse eienskappe besit. Die laterale eienskap is dominant by [l] sowel as [ɬ] en is die enigste wat met gerekonstrueerde assimilasië behoue bly.

In /...

In die Sothotaalgroep verwissel [t] en [l] sowel as [ɬ] betekenisonderskeidend en realiseer dus outonome foneme. Vergelyk die Noord-Sotho-voorbeelde [t^l'ala] 'vol word' : [-lala] 'lê' en SS [-t^l'ama] 'bind' : [-ɬama] 'versier'. Die vraag ontstaan dus of die tweede segment van die sinchrofoon [t^l'] 'n realisering van die foneem /l/ of /ɬ/ is. As /l/ as die tweede segment aanvaar word beteken dit dat die sinchrofoon sy vokaliëse en stemhebbende eienskap verloor en dus 'n gekondisioneerde variant [ɬ] vorm. Maar [ɬ] realiseer 'n outonome foneem /ɬ/ in die taalsisteem, sodat die variant [ɬ] dus aange-trek word tot die foneem /l/. Van Wijk⁷⁴⁾ behandel die sameval van 'n kombinatoriese variant met 'n ander foneem. Hy wys daarop:

„dat by toenemende latitude van een phoneem heel dikwijls een zijner varianten, die ver is afgedwaald van de oorspronkelijke klankwaarde, samenvalt met een ander phoneem, waardoor daar een neutralisatie der phoneem-oppositie intreed.“

Fonematies realiseer die laterale sinchrofoon [t^l'] dus 'n foneemgroep /t_ɬ/.

In Tswana verskyn /ɬ/ nie as outonome enkelfoneem nie. Dus is die segmente van [t^l'] nie betekenisonderskeidend deelbaar nie. As dialek van die taalgroep word in Tswana dus 'n enkelfoneem /t^l/ gerealiseer. Maar as grootste gemene deler vir die taalgroep moet 'n foneemgroep /t_ɬ/ aanvaar word.

Uit eksperimentele rekonstruasie blyk dat die velêre foonverbinding [kxh] uit drie segmente bestaan, nl. [k], [x] en aspirasie. Fonemiese realisering van aspirasie word in die volgende paragraaf bespreek. Die drie segmente in die verbinding is outonome foneme op grond van
hul /...

hul betekenisonderskeidende wisselbaarheid met ander foneme. Die verbinding realiseer dus 'n foneemgroep /kxh/.

4.7 Geaspireerde Verbindings

Die vraag ontstaan of aspirasie fonemies 'n realisering van 'n outonome foneem is en of dit as 'n onderskeidende foneemkenmerk van 'n reeks geaspireerde konsonantfoneme vertolk moet word.

Aspirasie verskyn as tweede segment slegs by die eksplosiewe konsonantfoneme in al drie tale van die Sothogroep, nl. [kh], [th] en [ph]. Verder word aspirasie ook aangetref as slotsegment van foonverbindings waarvan die aanvangsegment 'n eksplosiewe konsonant is, bv. [tsh], [tʃh], [psh], [pʃh], [kxh], [t^hh], [qh]. Aspirasie verskyn egter nooit na enkelvoudige frikatiewe foneme nie. Basies kan die volgorde van die verbinding dus beskou word as eksplosief-aspiraaf-frikatief, met metatesis van die aspiraaf na slotposisie. Dus [ths] in plaas van [tsh]. Metatesis vind waarskynlik plaas as gevolg van die saampersing van die foniese segmente deur inkorting van duur.

Omdat frikatiewe in normale posisie nie geaspireer word in die taalsisteem nie, kan die geaspireerde segment moontlik fonemies as volgende na die eksplosiewe konsonant vertolk word. As sinchroniese realisering word die fonemiese opeenvolging in dieselfde orde behou as die verbinding van die foniese segmente.

Voorts kan die fonemiese deelbaarheid van die segmente in die geaspireerde konsonante [kh], [th] en [ph] getoets word. Die eerste segmente, nl. die ongeaspireerde eksplosiewe konsonant, lewer geen probleem nie. Hulle verwisseldeurgaans betekenisonderskeidend met die geaspireerde teenhanger en realiseer dus outonome foneme in die taalsisteem.

Vergelyk /...

Vergelyk bv. NS rata 'bemin' : ratha 'kap'.

Foneties is aspirasie in Sotho identifiseerbaar aan die fortis stemlose glottale foon [h]. Hierdie foon kom slegs in enkele woorde in Tswana voor, waar dit egter 'n outonome foneem /h/ realiseer. In enkele gevalle wissel die segmente van die geaspireerde foon ook betekenisonderskeidend met mekaar, bv. thuma 'swem' : huma 'ryk word', tuma 'bekend wees'. In Tswana realiseer die geaspireerde segment dus 'n outonome foneem /h/.

In Suid-Sotho word 'n stemhebbende glottale [h̥] gevind wat 'n outonome foneem /h/ realiseer. Aspirasie is ook hier identifiseerbaar aan die foneem /h/. Uit eksperimentele rekonstruksie sal blyk dat [h̥] sy stemhebbende eienskap kan verloor as dit met 'n voorafgaande stemlose foon gesinchroniseer word. As alternatief sal die voorafgaande stemlose foon stemhebbend word in 'n proses van sinchronisering. Omdat stemhebbende eksplosiewe konsonante in die taalsisteem van Suid-Sotho nie algemeen voorkom nie, is sinchronisering met verlies van [h̥] se stemhebbende eienskap 'n konsekwente fonemiese realisering.

Fonemiese outonomie van die aspiraat in Suid-Sotho blyk uit opposisies soos rata 'bemin' : ratha 'kap' ; raha 'skop'.

In Noord-Sotho is die posisie ietwat anders. Die naaste foon aan die aspiraat [h] wat wyd verspreid in die taalgroep voorkom is [h̥], 'n pre-velêre stemlose frikatief. In eksperimentele rekonstruksie sal hierdie foon egter nie met die aspiraat [h] identifiseerbaar wees in 'n proses van sinchronisering met [k], [t] of [p] nie. Aspirasie kan dus nie aanvaar word as fonemies gerealiseer deur [h̥] nie.

Tog is die enkelvoudige foon [h̥], met [h̥] as variant, nie heeltemal vreemd in Noord-Sotho nie. Hy word gevind in uitroepe soos hao! 'O!', hele! 'so!', en in leenwoorde soos habore 'hawer', hêkê 'hek'.

Op /...

Op grond van sy aanwesigheid, hoewel met lae relatiewe frekwensie, moet /h/ in Noord-Sotho as 'n fonemiese realisering aanvaar word. Vgl. par. 3.3. As 'n grootste gemene deler in die taalgroep realiseer [h] en [h̥] die foneem /h/ met normale belasting in Suid-Sotho en met minimale belasting in Tswana en Noord-Sotho. Hoewel betekenisonderskeidende opposisies tussen die segmente van geaspiereerde konsonante in Noord-Sotho gering is, blyk fonemiese outonomie tussen die twee segmente wel in opposisie soos hele 'so!' : tele 'netjiese persoon' : thele 'uier'.

4.8 Gebondenheid van Foneemgroepe

Opsommend kan gekonstateer word dat foneties hegte verbindings in die Sotho taalgroep fonemies 'n reeks gebonde of swakgesnede foneemgroepe realiseer. So 'n foneemgroep kan bestaan uit twee of meer outonome foneme. Met die kernienskap van die foonverbinding se laaste segment as uitgangspunt, word die volgende tipes gebonde foneemgroepe in die taalgroep gevind:-

Labiaalgebonde ongesnede foneemgroepe, waarvan die slotsegment 'n realisering van die semivokaal /w/ is. Die mees algemene verbindings wat in die taalgroep gevind word is: /nw, ŋw, sw, sjw, ɣw, hw, rw, lw, tw, thw, kw, khw, kxhw, ljw, qw, tsw, tshw, tsjhw, tɔw, tɔhw/. Relatief is hierdie verbindings se frekwensie in die taalsisteem maksimaal belas.

Palataalgebonde ongesnede en swakgesnede foneemgroepe, waarvan die slotsegment 'n realisering van die semivokaal /j/ is. Die mees algemene verbindings wat in die taalgroep gevind word, is /bj, lj, sj, tj, tsj, pj (variant psj)/. Relatief is hierdie verbindings se frekwensie in die taalsisteem normaal belas.

alveolêrgebonde /...

Alveolêrgebonde swakgesnede foneemgroepe, waarvan die slotsegment 'n realisering van die foneem /s/ is. Die mees algemene verbindings wat in die taalgroep gevind word is /ts/, /ps/, en /fs/. Relatief is die verspreiding van /ts/ wydverspreid in die taalgroep, terwyl die verspreiding van /ps/ en /fs/ minimaal belas is.

Lateraalgebonde ongesnede foneemgroepe, waarvan die slot- of middelsegment 'n realisering van die laterale foneem /t/ is. Die verbindings /tʰ, tʰh/ kom met normale funksionele belasting in die taalgroep voor.

'n Enkele velêrgebonde swakgesnede foneemgroep /kxh/, waarvan die middelsegment 'n realisering van die velêre foneem /x/ is. Hierdie verbinding kom wydverspreid in die taalgroep voor.

Aspiraatgebonde swakgesnede foneemgroepe, waarvan die laaste segment 'n realisering van die aspiraat-foneem /h/ is. Bifonemies word slegs die basiese verbindings /kh, th, ph/ gevind. In polifonemiese verbindings kom dit slegs voor waar die aanvangsfoneem 'n eksplosief is. Die mees algemene polifonemiese verbindings wat in die taalgroep voorkom is /tsh, tsjh, tʰh, psjh, tsh, psh, kxh/. Relatief is die verspreiding van aspiraatgebonde foneemgroepe in die taalsisteem maksimaal belas.

Verder blyk dat die foneme van Sotho op verskillende wyses verbind. Die verskille in binding is waarneembaar deur graduele verskille in die gesnedenheid van die foneemverbindings. Daar kan tussen skerpgesnede, volgesnede, swakgesnede en ongesnede verbindings onderskei word.

Skerpgesnede verbindings word deur die sillabegrens geskei. Bv. /mp/ in SS mpa 'maag', /os/ in mosadi 'vrou'. Die gesnedenheid is nog skerper wanneer 'n stembandploffer soms tussen die foneme, wat sillabies afgegrens word,

verskyn /....

verskyn. Bv. /oa/ in NS moagi 'bouer'. Die stembandploffers is fonologies egter nie relevant nie.

In volgesnede verbindings volg die foneme mekaar met normale gesnedenheid. Hulle vloei saam sonder dat die artikulasie van elke foneem buitengewoon vertraag of versnel word. Bv. mo, en ki in morêki 'koper'.

In swakgesnede verbindings volg die foneme mekaar op met versnelde opeenvolging. Die versnelling word bewerkstellig deur die inkorting van elke foneem se duur. Bv. /ts/ in NS tsêna 'ingaan'.

In ongesnede verbindings word foneme gelyktydig geartikuleer. Daar kan tussen twee tipes ongesnede verbindings onderskei word. 'n Geassimileerde tipe, waarin die foneme foneties deur 'n enkele foon gerealiseer word, bv. /sj/ deur [ʃ]. 'n Gesinchroniseerde tipe, waarin die foneme saam artikuleer word, bv. /bj/ deur [βʒ].

INDELING EN BESKRYWING VAN ONVOLLEDIG-GESNEDE FONEEMGROEPE

4.9 Indeling Volgens Aanvangsegment

Onvolledig-gesnede foneemgroepe kan ingedeel word volgens karakteristieke eienskappe van die aanvangsegment, of volgens karakteristieke eienskappe van die slotsegment.

Met die aanvangsegment se eienskappe as uitgangspunt kan die foneemgroepe geklassifiseer word as: affrikate, frikatiwe en eksplosiewe.

4.10 Affrikate

Die affrikate is in Sotho saamgestelde fone wat as gevolg van strukturele druk, weens die sillabiesse patroon van 'n konsonant gevolg deur 'n vokaal, verbind in 'n enkele foon. Die foniese segmente van die affrikate is

almal /...

almal betekenisonderskeidend verwisselbaar, en affrikate is derhalwe realiseringe van foneemgroepe.

Die eerste segment van affrikatiewe sinchrofone is 'n eksplosief. Le Roux en Pienaar 4) definieer affrikate as:- „Eksplosiewe wat gevorm word met langsame verbreking van die sluiting, sodat by die verbreking die ooreenstemmende frikatief gehoor word.“

Die volgende affrikatiewe foneemgroepe word in die taalgroep gevind: /kxh, ps, psh, psj, psjh, ts, tsh, tsj, tsjh/, SS, Tsw /bj/, SS /lj/ (die variant [d] van l is in SS 'n eksplosief).

4.11 Frikatiewe Foneemgroepe

Albei segmente van die volgende foneemgroepe bestaan uit frikatiewe fone: NS /bj/, NS /fs/, NS, SS /fsj/, NS en Tsw /lj/, NS, SS, Tsw /sj/.

4.12 Eksplosiewe Foneemgroepe

Die segmente in die volgende foneemgroepe in die taalgroep bind in eksplosiewe fone: /t_a/ en /t_h/.

4.13 Indeling Volgens Slotsegment

Indeling van die foneemgroepe volgens foniese kenmerke van die eerste segment blyk nie algemeen geldend in die taalgroep te wees nie, bv. bj moet as affrikatiewe foneemgroepe in SS en Tsw, maar as frikatiewe foneemgroep in NS geklassifiseer word. Die kerneienskap van die foneemgroep, wat algemeen geldend in die taalgroep is, rus nie op die eerste segment nie.

Dit is egter moontlik om 'n algemeen geldende indeling vir die hele taalgroep te maak met die kerneienskap van die laaste segment as uitgangspunt, nl.:

4.14 /...

4.14 Labiale Foneemgroepe

Die aanvangsegmente van hierdie foneemgroep kan uit verskeie foneme bestaan (vgl. par. 4.4), terwyl die slotsegment 'n realisering van die semivokaal w is.

4.15 Palatale Foneemgroepe

Die aanvangsegmente van hierdie foneemgroep kan uit 'n enkelfoneem, bv. /bj, lj, sj/, twee foneme, bv. /psj, tsj/, bestaan. Die slotsegment is 'n realisering van die semivokaal j.

4.16 Alveolêre Foneemgroepe

Die aanvangsegmente van hierdie foneemgroep bestaan uit 'n enkelfoneem, en die tweede segment is 'n realisering van die foneem /s/, bv. /fs, ts, ps/.

4.17 Laterale Foneemgroepe

Slegs een foneemgroep word onder hierdie reeks gevind, nl. /tɬ/.

4.18 Geaspireerde Foneemgroepe

Die laaste segment van hierdie reeks is 'n realisering van die foneem /h/, terwyl die eerste segment altyd 'n eksplosiewe /k, t, p/ is. Gelabialiseerde, gepalataliseerde, gealveolariseerde en gelateraliseerde foneemgroepe met 'n eksplosiewe aanvangsegment het meesal 'n geaspireerde teenhanger. Vgl. /twh, psjh, tsh, tɬh/. Hierdie reeks foneemgroepe is funksioneel swaar belas.

Onvolledig-gesnede foneemgroepe kan ook nader beskrywe word met vermelding van die kerneienskap wat die sinchrofoneemgroep kenmerke, bv. 'n eksplosief-geaspireerd-alveolêr-gepalataliseerde /...

gepalataliseerde foneemgroep, soos /psjh/.

4.19 BESKRYWING VAN ONVOLLEDIG-GESNEDE FONEEMGROEPES

Swakgesnede en ongesnede foneemgroepe wat in die taalgroep voorkom, word in die volgende paragrawe bespreek.

Palatale Groepe

4.20 /nj/

Die ongesnede foneemgroep /nj/ word in al drie tale gerealiseer deur die palatale nasaal [ɲ]. Albei segmente verwissel betekenisonderskeidend in al drie tale. Vgl. NS, SS en Tsw nya 'ontlas' : na 'reën' : ya 'gaan'.

Stem ooreen met B nî, bv. B -nîa 'ontlas', S -nya.

Verskyn in woordstamme bv. SS en Tsw -nyatsa 'verag', en as nominale klasmorfeem, bv. NS en Tsw nyatšô 'veragting'.

Die funksionele belasting van hierdie foneemgroep is laag. Hoewel hy voor alle vokale voorkom, word hy selde voor die geslote vokale i en u aangetref.

Net soos by die nasale foneme word 'n sillabiese [ɲ] aangetref, bv. S nnyala 'my trou'. Fonologies realiseer die sillabiese verbinding twee ongesnede foneemgroepe /nj/ wat met volle gesnedenheid verbind.

4.21 /lj/

Die ongesnede foneemgroep /lj/ word deur 'n stemhebbende palatale frikatief [dʲ], [dʲ], [ʒ] of [ʃ] in die taalgroep gerealiseer. Vgl. par. 4.5.

In par. 3.5 is bevind dat [dʲ] 'n variant van die foneem l is. Fonologies bestaan die segmente dus uit /lj/, wat met mekaar betekenisonderskeidend verwisselbaar

is, /...

is, bv. NS moja 'iemand wat gaan' : mola 'n ry'. Die sinchrofoon realiseer dus 'n ongesnede foneemgroep lj.

Stem ooreen met B li. Diachronies is daar dus ook aanduiding dat die sinchrofoon ooreenkoms toon met 'n foneemgroep li of lj.

Morfofonemies korreleer lj met le en lê in al drie tale van die groep, bv. mmele 'liggaam', diminutief mmeljana.

Het morfofonemies ook 'n geplosiveerde korrelaat /tsj/, bv. NS ntšêla 'vir my eet'.

Dus struktureel verwant aan /le/, /l /, en /tsj/.

Die sinchrofoniese foneemgroep word gevind in wortelmorfeme soos /-lja/ 'eet', en kan gevolg of voorafgegaan word deur alle vokale.

4.22 /bj/

Die sinchrofoon verskyn hoofsaaklik in Noord-Sotho waar dit deur 'n dubbelgevormde stemhebbende bilabiale frikatief [β₃] gerealiseer word bv. in -bjala 'saai'. In Noord-Sotho stem die sinchrofoon ooreen met B. vw en vy. Kom ook in enkele gevalle voor in Suid-Sotho, waar die sinchrofoon gerealiseer word deur 'n bilabiale eksplosief [b₃] , bv. in -bjara 'vergruis'. Vir die Suid-Sotho sinchrofoon word geen ooreenstemmende ekwivalent in Oerbantoe gevind nie, wat dus diachroniese verwantskap van nie-Bantoe oorsprong laat vermoed.

Die eerste foniese segment van die sinchrofoon is 'n realisering van die foneem /b/ in beide Noord-Sotho en Suid-Sotho.

Die tweede segment van die sinchrofoon dui op 'n realisering van die semivokaalfoneem /j/, wat 'n verhoogde stemhebbende /...

hebbende eienskap verkry as gevolg van die stemhebbende eerste segment waarmee dit gesinchroniseer is. Die palatale eienskap dui op /j/, omdat dit die enigste aanvaarde enkelfoneem in die taalgroep met palatale eienskappe is.

In par. 4.21 word aangetoon dat die sinchrofoniese foneemgroep /j/ se foniese samestelling verwantskap toon met die tweede segment [ʒ] in bj. Dit laat die vraag ontstaan of die tweede segment in /bj/ nie met /lj/ geïdentifiseer moet word nie. Dit kan egter nie geregverdig word nie, omdat die foneem /lj/ meesal deur [dʒ] gerealiseer word. Net soos by /lj/ moet ook by /bj/ aanvaar word dat die semivokaalfoneem /j/ sy meer konsonantiese kleur verkry onder invloed van die voorafgaande stemhebbende konsonant waarmee dit gesinchroniseer is.

Ook morfofonemiese korrelasies dui op 'n realisering van die semivokaalfoneem /j/ as die tweede segment van die sinchrofoniese foneemgroep /bj/, bv. NS kolobe 'vark' gevolg deur die diminutiefmorfeme -ana, gee die vorm kolobjana, d.w.s. die slot [ɛ] raak gedevokaliseer na 'n semivokaal [j] op die morfemegrens.

Die twee segmente van die sinchrofoon is realiseringe van twee outonome foneme, soos blyk uit die volgende betekenisonderskeidende opposisies: NS -bjala 'saai', SS -bjara 'vergruis', maar NS en SS -ba 'wees' : ja 'gaan'.

Flosiveer tot ps, bv. NS -bjala 'saai' : psalô 'saaiery'. Daar is dus in Noord-Sotho 'n strukturele verwantskap tussen die twee sinchrofoniese foneemgroepe /bj/ en /ps/.

4.23 /sj/

Die ongesnede foneemgroep /sj/ word in Noord-Sotho en Suid-Sotho gerealiseer deur 'n palataal-alveolêre frikatief

[ʃ] / ...

[ɸ] met effense liprondding uitgespreek. Die twee segmente van die foon verwissel betekenisonderskeidend, bv. NS en SS sa 'opklaar' : ja 'gaan'.

Stem in Noord-Sotho ooreen met B t bv. B -tiku NS -šego 'nag' en B k bv. B -ekya NS iša (kousatiefmorfeem). In Suid-Sotho stem dit ooreen met B k, bv. B li-kumi 'tien', SS lešomê.

Die foneemgroep /sj/ van Noord-Sotho varieer dikwels met die foneem s in Suid-Sotho, bv. SS sala: NS šala 'bly'. Tog realiseer /sj/ in Suid-Sotho as outonome foneemgroep teenoor die foneem /s/, soos blyk uit die opposisie sêba 'sondig' : šêba 'kyk'. In Tsw verskyn die ongesnede foneemgroep /sj/ meesal voor die agtervokale ô, o en u, terwyl /s/ hoofsaaklik voor die voorvokale verskyn. Tog neem sj 'n outonome posisie in teenoor s, wat blyk uit opposisies soos:

sjêla 'brand vir' : sêla 'kos soek'
sjêna 'tande wys' : sêna 'nadat'
sjêba 'kyk' : sêba 'fluister'

Plosiveer tot /tsjh/, bv. NS šila 'maal' : tšhilo 'malery'.

'n Fonemiese verwantskap bestaan met /s/, /tsh/ en /tsjh/.

4.24 /xj/

Die ongesnede foneemgroep /xj/ word deur die prevelêre frikatief [ɰ] gerealiseer en verskyn slegs in Noord-Sotho, gewoonlik voor agtervokale. Hierdie foneemgroep word meesal in Sepedi gevind. Vgl. huma 'ryk word', homola 'rus', lehô 'lepel'.

Hierdie foneemgroep varieer in ander Noord-Sotho dialekte met /kh/, bv. humana naas khumana 'vind'; en in Suid-Sotho /...

Sotho en Tswana met /f/ en /h/. Vgl. NS huma 'ryk word', SS fuma, Tsw huma.

Weens die onbeduidende funksionele belasting van /h/ as enkelfoneem in Noord-Sotho verskyn /h/ en /xj/ nie in kontrasterende posisies nie. Hoewel /x/ en /xj/ meesal posisioneel varieer, nl. /x/ voor voorvokale en /xj/ voor agtervokale, staan hulle tog outonoom teenoor mekaar. Vgl. /lexwana/ 'wilde vyttjie' : /lexjwana/ 'lepeltjie'.

Vgl. par. 4.5 vir eksperimentele rekonstruksie van /xj/.

Stem ooreen met B kû.

Plosiveer tot /kh/.

4.25 /fsj/

Die ongesnede foneemgroep /fsj/ word deur die labio-palato-alveolêre dubbelgevormde foon [$\text{ɸ}ʃ$] of [fʃ] in NS en [fʃ] in SS gerealiseer. In Suid-Sotho verskyn dit slegs as aanvangsegmente van die gelabialiseerde ongesnede foneemgroep /fsjw/. Vgl. NS -lefša, SS lefšwa 'word betaal'.

In Tswana verskyn die fone [$\text{ɸ}ʃ$, fʃ, $\text{ɸ}j$, fj] as dialektiese variante van die ongesnede foneemgroep /sj/. Vgl. Tsw maši 'melk' met dialektiese variasies mafsi, mafši, mafswi, mafšwi.

Stem ooreen met B. pwa.

Die segmente is betekenisonderskeidend verwisselbaar. Vgl. NS lefša 'word betaal' : lefa 'betaal' : leša 'laat eet'.

4.26 /psj/

Die swakgesnede foneemgroep /psj/ word in Noord-Sotho en Suid-Sotho deur 'n ejektiewe labio-alveolêre affrikaat

[pʃ'] /...

[pʃʰ], soos in SS -pšatla 'kook', gerealiseer. Die twee segmente van die sinchrofoon is betekenisonderskeidend verwisselbaar, bv. NS -pa 'kraak' : -sa 'ondergaan' : -ja 'gaan'.

Stem ooreen met B mbw(a).

Die funksionele belasting van hierdie foneemgroep in die taalstruktuur is minimaal.

4.27 /tsj/

Die swakgesnede foneemgroep /tsj/ word in al drie tale gerealiseer deur 'n palataal-alveolêre affrikaat [tʃ] wat met of sonder ejeksie uitgespreek kan word.

Die segmente is betekenisonderskeidend verwisselbaar en realiseer 'n foneemgroep /tsj/. E.v. NS ta 'eindig' : ja 'gaan' : sa 'opklaar'.

Verwant aan B lŷ(a).

Word gevind in woordstamme bv. SS tšeka 'dans' : NS en Tsw pitšo 'vergadering'.

Word gevind voor alle vokale, behalwe voor u in Suid-Sotho. Daar is slegs enkele woorde wat hierdie foneemgroep met al drie tale gemeen het.

Vir /tsj/ se outonome posisie teenoor ts, vgl. par.

4.30.

Flosiveer uit /lj/.

Struktureel verwant aan /j/.

Onderling in die taalgroep verwant aan /ts/.

Alveolêre Groepe

4.28 /fs/

'n Ongešnede foneemgroep word gerealiseer deur die stemlose labio-alveolêre frikatief [fs] .

Stem /...

Stem ooreen met B pwa.

Word slegs in Noord-Sotho gevind.

Voorbeelde soos NS lefsifsi 'donkerte' en mafsi 'dikmelk' word in Tswana en Suid-Sotho gevind as lefifi en mafi. Dit laat die vermoede ontstaan dat fs 'n posisionele variant van /f/ is gekondisioneer deur die volgende foneem /i/. Maar fs kan egter in enkele gevalle in opposisie tot f gestel word, bv. NS -fisa 'brand', -fa 'gee'.

Dit bewys dus dat fs en f fonologies outonoom teenoor mekaar staan.

Betekenisonderskeidende opposisies soos NS -fisa 'brand': -fa 'gee' : -sa 'opklaar' bewys verder dat die foon [fs] 'n foneemgroep fs realiseer.

'n Streeksvariant sw word soms in Noord-Sotho gevind bv. swa in plaas van -fisa 'brand'.

Flosiveer tot psh.

Struktureel verwant aan psh.

4.29 /ps/

Die swakgesnede foneemgroep /ps/ verskyn dialekties in Tswana en word deur die labio-alveolêre ejektiewe affrikaat [ps'] gerealiseer. Die twee segmente van die affrikaat is in hierdie dialekte betekenisonderskeidend verwisselbaar, bv. psalô 'gesaai' : palô 'getal', petla 'uitsteek' : setla 'stamp'.

Stem ooreen met B mpya of mpi.

Word meesal gevind as geplosiveerde korrelaat van /fs/, bv. psiêlô 'gevee' uit -fsiêla 'vee'. Asook in enkele stammorfeme soos psila 'mooi'. Verskyn gewoonlik voor i, maar soms ook voor a, bv. psalô 'gesaai' uit -bjala 'saai'.

Hierdie /...

Hierdie foneemgroep se strukturele posisie in die taal is swak en dialekties en sy funksionele belasting is laag. Dikwels varieer dit met ander foneme bv. selêpsana, naas selêtswana naas selêpšana 'byltjie', psila naas pila 'mooi', psalô naas pšalô naas tšalô 'oestery'. Tog het die foneemgroep 'n sterk dialektiese outonome posisie in die taalsisteem, wat blyk uit bogenoemde opposisie.

Toon strukturele verwantskap met fs.

4.30 /ts/

Die swakgesnede foneemgroep word in al drie tale gerealiseer deur 'n alveolêre ejektiewe affrikaat [ts'] . Die twee segmente is betekenisonderskeidend verwisselbaar, bv. SS -tsala 'bevestig' : sala 'bly' : tala 'smaakloos word'.

Stem ooreen met B x, y en lŷ(a). In NS stem lŷ(a) egter net ooreen met /tsj/ en nie met /ts/ nie.

Verskyn in Suid-Sotho en Noord-Sotho voor alle vokale. Verskyn in Tswana voor i, e, ê en a, maar nooit voor agtervokale nie. Waar dit in Noord-Sotho en Suid-Sotho in woorde voor agtervokale verskyn, is /tsj/ die teenhanger van hierdie foneemverbinding in Tswana, bv. SS en NS tsoma 'jag' maar Tsw tšoma. In hierdie posisies is /tsj/ dus in Tswana 'n posisionele variasie van /ts/. Tog bestaan /ts/ en /tsj/ outonome foneemverbindings teenoor mekaar in Tswana omdat die segmente betekenisonderskeidend met mekaar verwisselbaar is. Die twee foneemgroepe verskyn ook in Tswana in dieselfde fonetiese konteks, bv. tsikinya 'skud' en tšitla 'verag', tsebisa 'aankondig' en tšetla 'klei brei', tsamaya 'loop' en ntša 'hond'.

Struktureel verwant aan /tsj/. Daar bestaan ook 'n onderlinge verwantskap in die taalgroep met /tsj/.

4.31 /qn/

Hierdie swak gesnede foneemgroep verskyn in Suid-Sotho in woorde soos [ɕnalo] 'plek'. Vgl. par. 3.14.

Laterale Groep

4.32 /tʰ/

Die ongesnede foneemgroep word in al drie tale gerealiseer deur 'n ejektiewe laterale stemlose eksplosief [tʰ]. Die twee segmente verwissel betekenisonderskeidend in Noord-Sotho en Suid-Sotho, bv. NS -tlama 'bind' : -tama 'groet' : -hlama 'versier'.

Stem ooreen met B ɣ en g bv. B. -ɣoɣu, S tlou, B. ngu 'huis', S ntlu.

Word in al drie tale voor alle vokale gevind.

In Tsw verskyn die foon [ɬ] egter nooit voor of tussen twee vokaalfoneme nie maar slegs as foniese segment van [tʰ] (vgl. par. 3.8).

Sinchronisering is by hierdie foneemgroep so absoluut dat daar foneties net 'n enkele foon, 'n laterale eksplosief, waarneembaar is. Die ooreenstemmende Oerbantoefoon word ook as 'n enkele foon aangedui, nl. palatale ɣ of g. Die vraag of hier nie 'n enkele foneem met die laterale segment as onderskeidende foneemeienskap gerealiseer word nie, word in par. 4.6 bespreek.

Geaspireerde Groepe

4.33 /qh/

'n Swakgesnede foneemgroep wat deur 'n palataal-alveolêre implosiewe geaspireerde suigklank [cʰ] gerealiseer word. Kom net in Suid-Sotho voor.

Toon /...

Toon geen ooreenkoms met B nie, maar wel met Hottentots en Boesmans.

Word gevind in woordstamme bv. legheku 'ou man'.

Verskyn voor alle vokale.

Die twee segmente van die foon verwissel albei betekenisonderskeidend in die taal bv. qhala 'verspreid' : qala 'begin' : hala 'gulsig wees'. Die twee segmente is dus outonome foneme, wat 'n foneemgroep /qh/ realiseer.

'n Genasaleerde sinchrofoon [c^{h̃}] word aangetref, gekondisioneer deur 'n voorafgaande nasaal, bv. [n^çh̃e-n^çh̃e] 'speeksel'. Hierdie sinchrofoon is egter 'n fonemiese realisering van die foneemgroep /qh/ waarvan die nasale eienskap deur die voorafgaande sillabiese nasaal gekondisioneer word.

4.34 /kh/

'n Ongesnede foneemgroep /kh/ word in al drie tale gerealiseer deur die geaspireerde velêre eksplosief [kh], omdat die twee segmente albei betekenisonderskeidend verwissel. Vgl. NS khuma 'afslag' : kuma 'kou'.

Stem ooreen met Oerbantoe nk.

Kom meer dikwels in Tswana en Noord-Sotho voor, meesal voor u en o, maar ook voor ander vokale. In Suid-Sotho word dit slegs in enkele woorde gevind, bv. sekhôna 'drinkvaatjie', nkhu 'moegheid'. Verskyn in Suid-Sotho meesal in ideofone en meesal voor ô en u. Waar /kh/ in Tswana en Noord-Sotho voor ander vokale gevind word, verskyn die swakgesnede foneemgroep /kxh/ in Suid-Sotho in ooreenstemmende woorde. Dat /kh/ in Suid-Sotho in die taalsisteem 'n outonome posisie inneem en nie 'n variant van /kxh/ is nie, blyk uit opposisies soos nkhu 'moegheid' : nku 'skaap'.

Varieer /...

Varieer onderling in die taalgroep met /kxh/.

Plosiveer in Tswana en Noord-Sotho uit h.

Struktureel in Noord-Sotho en Tswana verwant aan h.

4.35 /kxh/

'n Swakgesnede foneemgroep word in al drie tale gerealiseer deur 'n velêre geaspireerde affrikaat [kxh], omdat al drie segmente betekenisonderskeidend verwisselbaar is. Vgl. bv. SS [kxhola] 'beskadig' : [hola] 'hande uitruk' : [kola] 'sprinkane vergader'.

Stem ooreen met B nk.

Word gevind in wortelfoneme, bv. NS, SS, Tsw. kgômo 'bees'. Verskyn voor alle vokale.

Vgl. par. 4.7 vir aspirasie.

Die foneemgroep kan die geplosiveerde morfofonemiese korrelaat wees van /x/ en /h/. Is dus struktureel verwant aan /x/ en /h/.

4.36 /ph/

'n Bilabiale geaspireerde stemlose eksplosief [ph] verskyn in al drie tale.

Stem ooreen met B mp.

Word gevind in wortelmorfeme soos -phela 'leef', motho 'mens'. Verskyn voor alle vokale.

Die twee segmente van die foon verwissel betekenisonderskeidend met mekaar in al drie tale, bv. SS -pata 'wegsteek' : -hata 'trap'. Realiseer dus 'n ongesnede foneemgroep /ph/.

Verskyn as geplosiveerde vorm van f.

Struktureel verwant aan /f/.

4.37 /psh/

Die swakgesnede foneemgroep /psh/ verskyn slegs in Noord-Sotho en word deur 'n labio-alveolêre geaspireerde affrikaat [psh] gerealiseer. Die drie segmente van die affrikaat verwissel betekenisonderskeidend.

Stem ooreen met B p(î).

Kom voor in wortelmorfeme, bv. -pshikologa 'rol'.

Word alleenlik gevolg deur die vokaalfoneem i.

Flosiveer uit /fs/.

Struktureel verwant aan /fs/.

Varieer dialekties met /tshw/.

Onderling in die taalgroep verwant aan /ph/. Bv. NS pshikologa 'rol', SS phikoloha. Tsw phikologa.

Die foneemgroep se strukturele posisie in die taalsisteem is swak belas en sy relatiewe frekwensie minimaal. In vergelyking met die posisie in die ander twee tale uit die groep, skyn dit of dit 'n variant van /ph/ kan wees, veral aangesien daar nie 'n funksionele opposisie /psh : ph/ gevind kan word nie. Die feit dat ph egter wel gevolg kan word deur i in die taalsisteem, bv. phirima 'ondergaan', dui op twee aparte foneme. Weens sy ligte funksionele belasting is hy slegs met 'n beperkte aantal ander foneme betekenisonderskeidend verwisselbaar.

4.38 /psjh/

Die swakgesnede foneemgroep /psjh/ verskyn in Noord-Sotho en Suid-Sotho en word deur 'n geaspireerde labio-alveolêre affrikaat [psjh] gerealiseer.

Die vier segmente van die affrikaat is betekenisonderskeidend verwisselbaar, bv. NS pa 'kraak' : ha 'uitroep van verbasing' : sa 'ondergaan' : ja 'eet'.

Stem ooreen met B pw(a) en mpw(a).

Die /...

Die funksionele belasting van hierdie foneemgroep in die taalstruktuur is minimaal.

Varieer dialekties met /tsjhw/.

4.39 /th/

Die ongesnede foneemgroep /th/ word in al drie tale deur 'n geaspireerde alveolêre eksplosief [th] gerealiseer.

Die twee segmente verwissel betekenisonderskeidend in al drie tale, bv. SS thata 'hind' : tata 'verleng' : hata 'trap'.

Stem ooreen met B nt.

Word gevind in wortelmorfeme bv. SS thiba 'keer'.

Verskyn voor alle vokale.

Plosiveer uit /r/.

Struktureel verwant aan /r/.

4.40 /tsh/

Die swakgesnede foneemgroep /tsh/ word in al drie tale gerealiseer deur 'n alveolêre geaspireerde affrikaat [tsh].

Die drie segmente van die sinchrofoon is betekenisonderskeidend verwisselbaar, bv. SS tshasa 'met vet smeer' : thasa 'met 'n klip stamp' : sasa 'buiging maak'.

Stem ooreen met B k, bv. B -keka 'lag' > SS -tshêha.

Word gevind in wortelmorfeme, bv. NS, SS en Tsw tshela 'oorgaan', NS en Tsw tshêga 'lag'.

Verskyn in Suid-Sotho en Noord-Sotho voor alle vokale, maar word in Tswana voor agtervokale vervang deur /tsjh/.

Bv. SS en NS tshôpha 'vleg', maar Tsw tšhôpha. In hierdie posisies is /tsjh/ dus 'n posisionele variant van /tsh/.

Tog bestaan /tsh/ en /tsjh/ as outonome foneme in die onderskeie foneemgroepe in Tswana omdat hulle in dieselfde

fonetiese /...

fonetiese konteks voorkom, bv, tshela 'deurgaan', ntšhe 'volstruis'; tshadi 'vroulik', ntšha 'nuut'.

Plosiveer uit /s/.

Struktureel verwant aan /s/.

Onderling in die taalgroep verwant aan /tsjh/.

4.41 /tsjh/

Die swakgesnede foneemgroep word in al drie tale gerealiseer deur 'n geaspireerde palataal-alveolêre affrikaat [tʃh]. Die segmente van die affrikaat is betekenisonderskeidend verwisselbaar. Bv. NS -tšhaba 'vlug' : -thaba 'bly wees' : šaba 'ruil'. Vir verwisselbaarheid van die segmente th sien par. 4.39 en van sj sien par. 4.23.

Stem ooreen met B. t, k en ɣ, bv. NS tšhêla 'ingooi', tšhila 'vuilgoed', ntšhi 'n vlieg'; B. -ita, -kila, ɣi.

Word gevind voor alle vokale, maar selde voor ô in Noord-Sotho.

Kom selde voor in woorde wat gemeenskaplik is aan al drie tale. Is soms die Noord-Sotho ekwivalent vir Suid-Sotho en Tswana /tsh/. Vgl. par. 4.40.

Plosiveer uit /sj/.

Struktureel verwant aan /sj/.

Onderling in die taalgroep verwant aan /tsh/.

4.42 /tʃh/

Die ongesnede foneemgroep word in al drie tale gerealiseer deur 'n geaspireerde laterale eksplosief [tʃh]. Die segmente verwissel betekenisonderskeidend, bv. SS tlhabêla 'offer' : thabêla 'bly wees vir' : hlabêla 'slag vir'.

Word gevind in stammorfeme bv. SS setlhare 'medisyne'.

Plosiveer /...

Plosiveer uit /ǀ/. Die meeste Suid-Sotho en Noord-Sotho woorde met /tǀh/ is geplosiveerde vorme van /ǀ/.

Struktureel verwant aan /ǀ/.

Vir die fonologiese outonomie van /tǀh/ en /ǀ/ vgl. par. 4.6.

4.43 AANTEKENINGE

1. Trubetzkoy, Grundzüge, bl. 53.
2. Blok, Geintensiveerde Fonemen, bl. 211
3. Van Wijk, Phonologie, bl. 74.
4. Le Roux & Pienaar, Afrikaanse Fonetiek, par. 530.

- - - -

HOOFSTUK V

MORFOFONEMIESE KORRELASIES

5.1 BEGRIPSVERHELDERING

Verskeie linguiste het hulle al uitgespreek oor die morfofonemiek, o.a. Hall¹⁾, Gleason²⁾, Pike³⁾, Harris⁴⁾, Bloomfield⁵⁾ en Hockett⁶⁾.

Strukturele taalverskynsels waarna linguiste van die sogenaamde Praagse Skool⁷⁾ verwys as „neutralisasie“ en „argifoneem“, hang gedeeltelik saam met die begrip „morfofonemiek“. Die benaderingsmetode wat deur die term morfofonemiek moontlik gemaak word, is verkieslik omdat dit strukturele verskynsels veronderstel wat spesifiek by die funksionering van morfeme konkomitant is. Hierdeur word variasies wat uitsluitlik deur die fonetiese konteks gekondisioneer word, uitgesluit, en slegs morfologies gekondisioneerde fonologiese korrelasies in Sotho word ondersoek. Veral om hierdie rede is 'n morfofonemiese ontleding van die taalgroep meer waardevol en insiggewend as 'n ondersoek van neutralisasie en argifoneme, soos deur die Praagse Skool verstaan word. 'n Ondersoek na neutralisasie en argifoneme vir die Bantoe-tale volgens die metode van Meinhof⁸⁾, wat tot isolering van sy Oerbantoe-foneme gelei het, bied 'n interessante gebied vir verdere navorsing.

Morfofonemiese korrelasies is die produk van 'n fonologiese heraanpassing van die taalstruktuur wat plaasvind wanneer bepaalde morfeme vanweë hul funksionering struktureel ontoelaatbare foneemgroepe sou veroorsaak indien 'n fonologiese herrangskikking nie sou plaasvind nie. In die proses van herrangskikking word foneme in so 'n struktureel ontoelaatbare foneemgroep vervang deur struktureel toelaatbare foneme. Die struktureel ontoelaatbare foneme korreleer

morfofonemies /...

morfofonemies met die toelaatbare foneme wat gerealiseer word. Daar is geen sprake van 'n morfofonemiese „verandering" nie, want die heraanpassing vind by die taalgebruiker outomaties en onbewus plaas. Die taalsisteem laat die foneme outomaties reorganiseer volgens strukturele vereistes.

Dit wil soms voorkom of die morfofoneem, d.w.s. die heraangepaste foneem in die korrelasiereeks, 'n eie posisie in die taalstruktuur inneem teenoor die foneem waarvan dit fonologies lid is. So is daar in sommige Noord-Sotho dialekte 'n duidelike fonetiese verskil, bv. tussen [pj] in [-ɸɛpja] passiewe vorm van [ɸɛpa] 'voed' en [psʃ] in woorde soos [mpʃ'a] 'hond'. Hierdie twee fone vorm egter variante van dieselfde swakgesnede foneemgroep. Die fonetiese verskil kom in Noord-Sotho slegs dialekties voor en word in Tswana glad nie gehoor nie. Dit is egter veel-seggend dat die dialektiese variant slegs vir die morfofoneem geld. Sinchronies en funksioneel beskou, kan die morfofonemiese korrelasiereekse in Sotho nie as morfofoneme met outonome fonemiese waarde beskou word nie. Hoewel diachronies soms terugvoerbaar tot aparte argifoneme, is elke lid van die reeks in die sinchroniese taalstruktuur saamgetrek in 'n enkele swakgesnede foneemgroep met 'n morfofonemiese variant. Bewys hiervan is dat die foneemgroep en die morfofonemiese variant nooit betekenisonderskeidend verwissel nie. In genoemde voorbeelde het die swakgesnede foneemgroep /psj/ dus 'n morfofonemiese variant [pj] .

Daar word slegs na die segmentele morfofonemiese korrelasies verwys. Supra-segmentele of prosodiese veranderinge vorm 'n ewe belangrike aparte reeks morfofoneme wat konkomitant met die morfeme en sintagmeme van die taalgroep funksioneer. 'n Insiggewende ontleding van supra-segmentele

morfofonemiese /...

morfefonemiese korrelasies in Sotho is deur Meeussen⁹⁾ gedoen.

As uitgangspunt vir hierdie ondersoek dien die fonetiese variasies waardeur morfefonemiese korrelasies geaktiveer word. Dan word ondersoek of 'n onderskeiding van die variasies ook fonologies relevant is.

Indien blyk dat die fonetiese variasies nie deurgaans fonologies relevant is nie, word getrag om vas te stel watter manifestasies in die taalsisteem wel fonologies relevant is ten opsigte van morfefonemiese korrelasies.

Allereers word die fonetiese variasies van palatalisasie, alveolarisasie, velarisasie, labialisasie en plosivering se habitus bepaal. Daarna word die variasie se fonologiese relevansie getoets. As kernvereiste vir fonologiese relevansie, moet die variasie in korrelate aktualiseer wat 'n fonologies onderskeidende funksie in die taalsisteem het. As gevind word dat 'n fonetiese variasie, soos bv. palatalisasie, nie uitsluitlik met 'n spesifieke morfeem korreleer (d.w.s. saamval) nie, dan is palatalisasie nie 'n kenmerkende eienskap om daardie morfeem van alle ander morfeme morfefonemies te onderskei nie. Palatalisasie kan dan òf 'n toevallige posisionele variasie wees òf dit kan een van 'n reeks kenmerkende eienskappe wees waarmee die morfeem geaktualiseer word. Daar moet dan vasgestel word wat die kenmerkende eienskap is wat die morfeem of morfeme se korrelasies morfefonemies onderskei van ander morfeme se korrelasies.

5.2 LABIALISASIE, VELARISASIE, PALATALISASIE EN ALVEOLARISASIE

Hierdie linguistiese manifestasie word as groep tesame ondersoek omdat hulle hoofsaaklik deur gemeenskaplike morfeme gekondisioneer word.

5.3 Labialisasie en Velarisasie

Konkomitant met labialisasie vind by nasale foneme ook velarisasie plaas. Struktureel is dit nie aparte realiseringe nie, maar slegs 'n sinchroniserende aanpassing by gelabialiseerde foneme.

Die volgende gevelariseerde korrelasies word gevind:-

SS, NS en Tws, m : ngw

Tsw, ny : ngw

Vergelyk par. 4.4 oor die vraag of gelabialiseerde konsonante in die fonemiese struktuur van die taal realiseringe is van foneemgroepe.

As fonologiese korrelasies kom gelabialiseerde foneemgroepe voor, gekondisioneer deur die volgende morfeme.

Die volgende voorbeelde is hoofsaaklik op Noord-Sotho gebaseer, maar is verteenwoordigend vir die hele taalgroep:

(i) Passiefmorfeem -w-, bv.

<u>-lesa</u> 'agterlaat'	:	<u>-leswa</u>
<u>-diriša</u> 'laat werk'	:	<u>-dirišwa</u>
<u>-fihla</u> 'aankom'	:	<u>-fihlwa</u>
<u>-rêkêla</u> 'koop vir'	:	<u>-rêkêlwa</u>
<u>-lata</u> 'haal'	:	<u>-latwa</u>
<u>-bôna</u> 'sien'	:	<u>-bônwa</u>
<u>-ôtle</u> 'slaan'	:	<u>-ôtlwa</u>
<u>-baka</u> 'twis'	:	<u>-bakwa</u>
<u>-raga</u> 'skop'	:	<u>-ragwa</u>
<u>-kgêtha</u> 'kies'	:	<u>-khêthwa</u>
<u>-lema</u> 'ploeg'	:	<u>-lengwa</u>

(ii) Diminutiefmorfeem -ana bv.:

<u>maru</u> 'wolke'	:	<u>marwana</u>
<u>leoto</u> 'voet'	:	<u>leotwana</u>
<u>kgomo</u> 'bees'	:	<u>kgongwana</u>

selêpê /...

<u>selêpê</u>	'byl'	:	<u>selêtswana</u>
<u>morwalô</u>	'drag'	:	<u>morwalwana</u>
<u>borôhu</u>	'gom'	:	<u>borôhwana</u>
<u>nkgô</u>	'pot'	:	<u>nkgwana</u>
<u>noagô</u>	'gebou'	:	<u>noagwana</u>
<u>ngwakô</u>	'huis'	:	<u>ngwakwana</u>
<u>senô</u>	'drank'	:	<u>senwana</u>
<u>mmušô</u>	'regering'	:	<u>mmuswana</u>
<u>lentšu</u>	'stem'	:	<u>lentšwana</u>

5.4 Palatalisasie en Alveolarisasie

'n Reeks morfofonemiese korrelasies word gevind waarin foneme in 'n stammorfeem korreleer met foneme met palatale eienskappe wanneer bepaalde morfeme saam met die stammorfeem funksioneer. Die korrelasie word geaktiveer deur palatalisasie en gekondisioneer deur die funksionering van bepaalde morfeme.

Onder palatalisasie word ook alveolarisasie ingesluit omdat gevind word dat die oorsaaklike faktore dieselfde is en die twee verskynsels wisselend in die taalgroep en soms wisselend in dieselfde taal voorkom.

Palatalisasie (en alveolarisasie) word deur die volgende morfeme gekondisioneer:-

(a) Die nominale klasmorfeem le- , bv.:

Tsw	<u>lesaka</u>	'kraal'	pluraal	<u>maraka</u>
	<u>lesope</u>	'bouwal'	"	<u>marope</u>
	<u>letsêlê</u>	'koring'	"	<u>mabêlê</u>
SS	<u>letswêlê</u>	'bors'	"	<u>mabêlê</u>
NS	<u>lesapô</u>	'been'	"	<u>marapô</u> of <u>masapô</u>

(b) Die nominale klasmorfeem me- , bv.:

NS	<u>nywang</u>	'onkruid'	uit	* <u>meang</u>
----	---------------	-----------	-----	----------------

(c) /...

- (c) Die nominale klasmorfeem bo-, bv.:
- | | | | |
|--------------|--------|-----|----------------|
| <u>bjala</u> | 'bier' | uit | * <u>boala</u> |
| <u>bjang</u> | 'gras' | uit | * <u>boang</u> |
- (d) Die kousatiewe morfeme SS en Tsw -is-, NS -iŝ- asook -y- in al drie tale, Eersgenoemde kan diachronies vergelykend teruggevoer word tot ika + êk-ŷ(+a) sodat -ŷ- eintlik die primêre kousatiewe morfeem is. Bv. kousatiewe vorme van:-
- | | | | | | | | |
|--------------|------------|----|-----|-----|------------------|----|----------------|
| <u>rwala</u> | 'dra' | is | SS, | Tsw | <u>rwêsa</u> , | NS | <u>rwêša</u> |
| <u>apara</u> | ' aantrek' | is | SS, | Tsw | <u>apêsa</u> , | NS | <u>apêša</u> |
| <u>bôna</u> | 'sien' | is | SS, | Tsw | <u>bôntsha</u> , | NS | <u>bôntšha</u> |
- (e) Die perfektummorfeem -ilê aan verbumstamme. Bv. perfektum van
- | | | | | | | | |
|-------------|-------|----|-----|-----|---------------|----|--------------|
| <u>sala</u> | 'bly' | is | SS, | Tsw | <u>sêitse</u> | | |
| <u>šala</u> | 'bly' | is | NS | | <u>šêtše</u> | | |
| <u>dula</u> | 'sit' | is | SS | Tsw | <u>dutsê</u> | NS | <u>dutšê</u> |
- (f) Die diminutiefmorfeem -ana aan nomina. Die diminutief van nare 'buffel' is SS en Tsw natshana en NS natšana of našana, kgolê 'ver' is SS, Tsw, NS kgojana.
- (g) Die passiefmorfeem -w- aan verba. Die passief van NS lefa 'betaal' is lefša (foneties soms [lefja])
thopa 'roof' is Tsw SS thotšwa
- (h) Die onpersoonlike deverbatiwede morfeem -ô in Tsw. Deverbatiwede van Tsw tšhwantsha 'wys' is setšhwantšhô 'beeld'.

5.5 FONOLOGIESE RELEVANSIE VAN KORRELASIES

Voorts word die verskillende morfeme wat fonologiese korrelasies kondisioneer in oënskoue geneem teneinde vas te stel wat die aard en funksie van die korrelasie binne die morfemiese verband is.

5.6 Korrelasies Konkomitant met die Passiefmorfeem -w-

Die passief word hoofsaaklik gevorm deur labialisering en in enkele gevalle deur palatalisering van die verbuuitgang se slotkonsonantfoneem. Die volgende korrelasiopatrone word dan gevind:-

Foneem	Korreleer	Fonologies met	
		SS	Tsw
<u>b</u> : -tseba 'weet'	<u>jw</u> -tsejwa	<u>jw</u> -tsejwa	<u>bj</u> -tsebja
<u>f</u> : -lefa 'betaal'	<u>fšw</u> -lefšwa	<u>šw</u> -lešwa	<u>fš</u> -lefša
<u>g</u> : -aga 'bou'	<u>gw</u> -agwa	<u>gw</u> -agwa	<u>gw</u> -agwa
<u>k</u> : -rêka 'koop'	<u>kw</u> -rêkwa	<u>kw</u> -rêkwa	<u>kw</u> -rêkwa
<u>l</u> : -bala 'lees'	<u>lw</u> -balwa	<u>lw</u> -balwa	<u>lw</u> -balwa
<u>m</u> : -roma 'stuur'	<u>ngw</u> -rongwa	<u>ngw</u> -rongwa	<u>ngw</u> -rongwa
<u>n</u> : -hana 'weier'	<u>nw</u> -hanwa	<u>nw</u> -ganwa	<u>nw</u> -ganwa
<u>ny</u> : -senya 'verniel'	^{Sen-gwa} <u>nyw</u> -senywa	<u>ngw</u> -sengwa	<u>nyw, ngw</u> -senywa, sengwa
<u>p</u> : -bopa 'vorm'	<u>pšw</u> -bopšwa	<u>tšw</u> -botšwa	<u>pš</u> -bopša
<u>ph</u> : -hlôpha 'rangskik'	<u>pšhw</u> -hlôpšhwa	<u>tšw</u> -tlhôtšwa	<u>pšh</u> -hlôpšha
<u>r</u> : -fêra 'dak opsit'	<u>rw</u> -fêrwa	<u>rw</u> -dira:dirwa 'doen'	<u>rw</u> -dirwa
<u>s</u> : -lesa 'laat staan'	<u>sw</u> -leswa	<u>sw</u> -leswa	<u>sw</u> -leswa

<u>š</u>	:	<u>šw</u> -hoša 'vloei'	<u>šw</u> -hošwa	<u>šw</u> -diriša:dirišwa 'laat help'	<u>šw</u> -dirišwa
<u>t</u>	:	<u>tw</u> -rata 'bemin'	<u>tw</u> -ratwa	<u>tw</u> -ratwa	<u>tw</u> -ratwa
<u>th</u>	:	<u>thw</u> -bêtha 'slaan'	<u>thw</u> -bêthwa	<u>thw</u> -bêthwa	<u>thw</u> -bêthwa
<u>ts</u>	:	<u>tsw</u> -tlatsa 'volmaak'	<u>tsw</u> -tlatswa	<u>tšw</u> -tlatšwa	<u>tšw</u> -tlatšwa

5.7 Afleiding

Die passief word meesal gevorm deur labialisering van die slotkonsonantfoneem van verbumstamme. By mono- en bisillabiese verbumstamme fungeer -iw- en -uw- dikwels as passiefmorfeme na die slotkonsonantfoneem, bv. SS -rata 'bemin' : ratuwa; -disa 'oppas' : disiwa. Dit dui dus aan dat labialisering eintlik die funksionering van 'n passiefmorfeme -w- is.

Die korrelasie van SS en Tsw b, SS en Tsw f, SS en Tsw p, SS en Tsw ph, het behalwe labiale eienskappe ook palatale eienskappe. Hierdie foneemgroepe se tweede lid is egter almal labiaal. Omdat labialisering van 'n labiale foneem 'n artikulatoriese heraanpassing noodsaak, is palatalisasie van hierdie korrelate suiwer kontekstueel gekondisioneer en dus posisionele variasies wat nie fonologies relevant is nie.

Die korrelate van NS b, NS f, NS p en NS ph toon oënskynlik geen labiale eienskappe nie. Skynbaar word die passief hier deur palatalisasie gerealiseer. So 'n gevolgtrekking word egter nie regverdig indien die artikulasie van hierdie foneme en korrelate in oënskou geneem word nie.

NS b en f word meesal gerealiseer deur die fone [β] en [ɸ], albei /...

albei bilabiale frikatiewe. Volledige labialisering van hierdie klanke sal artikulatories slegs 'n geringe waarneembare verskil meebring. Die verskil is egter meer waarneembaar deur 'n heraanpassing van die korrelate bj en fš. Fonologies is hierdie korrelate dus 'n realisering van labialisasie. Net so word die korrelate van NS p en ph ook artikulatories gekondisioneer as gevolg van hul bilabiale eienskappe. Dit word verder geïllustreer deur die Tswana-korrelate wat hul bilabiale eienskappe verwissel om labialisasie te kan aktualiseer.

Gepalataliseerde korrelate van Tsw s en ts het geen fonologiese betekenis nie omdat s en š en ts en tš dikwels posisioneel varieer. Die palatale segmente verskyn voor agtervokale en die semivokaal w. Palatalisasie is dus suiwer 'n posisionele variasie.

By passiefvorming is labialisasie fonologies relevant omdat dit die kenmerkende eienskap is waarmee die passiefmorfeem geaktualiseer word.

Labialisering van die slotverbunkonsonant is die enigste morfemiese teken waardeur passiefvorming aangedui word. Dit is nie 'n morfofonemiese korrelasie nie, maar wel die morfeem self. Die korrelate is gelabialiseerde variasies van die morfeem -w-.

5.8 Korrelasies Konkomitant met die Diminutiefmorfeem -ana

Palatalisasie of alveolarisasie word by uitstek aangedref as korrelasie by die diminutiefmorfeem, terwyl labialisasie en velarisasie ook vry algemeen voorkom. Die volgende reeks korrelasiepatrone word gevind konkomitant met die diminutiefmorfeem -ana:-

Foneengroep/...

Foneem- groep	Korreleer	Fonologies	met
	SS	Tsw	NS
<u>bê</u> :	<u>j</u> <u>tsêjana</u>	<u>i, iw</u> <u>tsêjana</u> of <u>tsêjana</u>	<u>bi</u> <u>tsêbjana</u>
<u>bô</u> :	<u>jw</u> <u>kobô</u> 'kometers'	<u>j</u> <u>kojana</u>	<u>bj</u> <u>kobjana</u>
<u>fi</u> :	<u>tshw</u> <u>lefifi</u> 'donkerte'	<u>tšhw</u> <u>lefītšhwana</u> 'heuninguitaler'	<u>fš, sw</u> <u>morafšana,</u> <u>moraswana</u>
<u>fu</u> :	<u>fšw, šw</u> <u>sefôfu</u> 'blinde'	<u>tšhw</u> <u>sefôtšhwana</u>	<u>fš</u> <u>sefôfšana</u>
<u>go</u> :	<u>hw</u> <u>kgogo</u> 'hoender'	<u>gw</u> <u>kgogwana</u>	<u>gw</u> <u>kgogwana</u>
k + agter- vokaal	<u>kw</u> <u>nku</u> 'skaap'	<u>kw</u> <u>nkwana</u>	<u>kw</u> <u>nkwana</u>
<u>lê</u> :	<u>j</u> <u>kgwelê</u> 'tou'	<u>j</u> <u>kgwejana</u> <u>kgôlê</u> 'tou'	<u>j</u> <u>kgôjana</u>
<u>di</u> :	<u>ts</u> <u>mosadi</u> 'vrou'	<u>ts</u> <u>mosatsana</u>	<u>tš</u> <u>mosatšana</u>
l + agter- vokaal	<u>lw</u> <u>mollo</u> 'vuur'	<u>lw</u> <u>mollwana</u>	<u>lw</u> <u>mollwana</u>
<u>du</u> :	<u>jw, tšw</u> <u>khudu</u> 'skilpad'	<u>jw, tšw</u> <u>khujwana</u>	<u>jw, tšjw</u> <u>khujwana</u>
	<u>maledu</u> 'baard'	<u>maletšwana</u>	<u>maletšwana</u>
<u>me</u> :	<u>ngw</u> <u>leleme</u> 'tong'	<u>ngw</u> <u>lengwana</u>	<u>ngw</u> <u>lclengwana</u>
<u>mo</u> + agtervokaal:	<u>ngw</u> <u>kgomo</u> 'bees'	<u>ngw</u> <u>kgongwana</u>	<u>ngw</u> <u>kgongwana</u>
<u>ne</u> :	<u>ny</u> <u>mošimane</u> 'seun'	<u>ny</u> <u>mošimanyana</u>	<u>ny</u> <u>mošimanyana</u>
<u>n</u> + agtervokaal:	<u>nw</u> <u>leino</u> 'tand'	<u>nw</u> <u>leinwana</u>	<u>nw</u> <u>leinwana</u>
			<u>ng / ...</u>

<u>ng</u> :	<u>ny</u> <u>lenong</u> 'aasvoël'	<u>ny</u> <u>lenonyana</u>	<u>ny</u> <u>lenonyana</u>	<u>ny</u> <u>lenonyana</u>
<u>pê</u> :	<u>tsw</u> <u>selêpê</u> 'byl'	<u>tsw</u> <u>selêtswana</u>	<u>tšw</u> <u>selêtšwana</u>	<u>tsw</u> <u>selêtswana</u>
<u>pi</u> :	<u>tsw, pšw</u> <u>hlapi</u> 'vis'	<u>tšw, tsw</u> <u>hlatswana</u> en <u>hlapšwana</u>	<u>tšw, tsw</u> <u>tlhatswana</u> , <u>tlhatswana</u>	<u>tsw, pš</u> <u>hlatswana</u> en <u>hlapšana</u>
<u>pô</u> :	<u>tsw, pš</u> <u>lesapô</u> 'been'	<u>tsw, pš</u> <u>lesatswana</u> en <u>lesapšwane</u>	<u>tšw</u> <u>lesatšwana</u>	<u>pšw, pš</u> <u>lešapšwana</u> en <u>lešapšana</u>
<u>š</u> + agtervokaal				<u>šw</u> <u>sešo:sešwana</u> 'sweer'
<u>ti</u> :	<u>tš</u> <u>lemati</u> 'deur'	<u>tš</u> <u>lematšana</u>	<u>ts of tš</u> <u>lematsana</u> of <u>lematšana</u>	<u>tš of ti</u> <u>lematšana</u> of <u>lematiana</u>
<u>t</u> + agtervokaal:	<u>tw</u> <u>leoto</u> 'voet'	<u>tw</u> <u>leotwana</u>	<u>tw</u> <u>leotwana</u>	<u>tw</u> <u>leotwana</u>
<u>re</u> :	<u>tsh</u> <u>nare</u> 'buffel'	<u>tsh</u> <u>natshana</u>	<u>tsh</u> <u>natshana</u>	<u>tšh, š</u> <u>natšhana</u> of <u>našana</u>
<u>ri</u> :	<u>tsh</u> <u>phiri</u> 'wolf'	<u>tsh</u> <u>phitshana</u>	<u>tsh</u> <u>phitshana</u>	<u>š</u> <u>phišana</u>
<u>r</u> + agtervokaal:	<u>rw</u> <u>maru</u> 'wolke'	<u>rw</u> <u>marwana</u>	<u>rw</u> <u>marwana</u>	<u>rw</u> <u>marwana</u>

5.9 Afleiding

Konkomitant met die diminutiefmorfeem -ana tree morfofonemiese korrelasies op met palatale, palataal-labiale, labiale en velaar-labiale eienskappe. Palatalisasie van morfofonemiese korrelasies is dus nie 'n kenmerkende eienskap van die diminutiefmorfeem nie. Net so is labialisasie ook nie 'n kenmerkende eienskap nie. Die twee eienskappe tree wisselend op in die korrelasies - soms die een en soms die ander.

Dit /...

Dit blyk ook dat palatalisasie en labialisasie gesamentlik nie 'n fonologies relevante kenmerkende eienskap uitmaak nie, want dikwels tree elkeen apart of alleen op. Daar kan geen strukturele patroon in die korrelasies gevind word nie, sodat palatalisasie as sodanig met insluiting van alveolarisasie, asook labialisasie as sodanig, met insluiting van velarisasie, as morfofonemiese korrelasies sonder fonologiese relevansie moet beskou word.

Die diminutiefmorfeem word gerealiseer in die foneemgroep -ana as suffiks aan nomina en adjektiewe. Daar kan òf geen morfofonemiese korrelasies plaasvind nie, òf daar kan 'n palatale korrelasie, òf daar kan 'n labiale korrelasie plaasvind.

Voorts kan 'n ontleding gemaak word van die fonetiese omgewing waarin morfofonemiese korrelasies deur die diminutiefmorfeem gekondisioneer word.

Die neiging bestaan dat, as die slotfoneemgroep van 'n nomen saamgestel is uit 'n nie-labiale konsonant gevolg deur 'n agtervokaal o, ô of u, die morfofoneem net gelabialiseer is en nie gepalataliseer nie. Uitsonderings waar 'n foneemgroep bestaande uit 'n nie-labiale foneem en agtervokaal nie deur 'n suiwer labiale morfofoneem gerealiseer word nie, maar wel deur 'n palataal-labiale morfofoneem is: -du (bv. SS, Tsw, NS maledu 'baard' : maletswana) en -tu (bv. nketu 'padda' : nketswana). Talryke uitsonderings regverdig ook nie die opvatting dat die foneemgroep van labiale konsonant en agtervokaal deur 'n suiwer palatale morfofoneem gerealiseer word nie. Vgl. -mo (bv. SS, Tsw, NS kgomo 'bees' : kgongwana), -p (bv. NS molapô 'kloof' : molatswana), -pe (bv. NS tšhipo 'springhaas' : tšhitswana), -pu (bv. NS legapu 'waatle-moen' : legatswana), phô (bv. SS en NS tlhomphô 'eer' : SS tlhontswana en NS tlhontswana).

Ook /...

Ook bestaan die neiging tot suiwer gepalataliseerde korrelate indien die slotvokaal van die korrelerende foneemgroep 'n voorvokaal is. Uitsonderings is egter bê (bv. Tsw kolobê 'vark' : kolojwana), -bô (bv. SS kobô 'kometers' : kojwana), -bu (bv. SS kubu 'seekoei' : kujwana), -fi (bv. SS lefifi 'donkerte' : lefitshwana, Tsw lefitšhwana, NS morafi 'heuninguithaler' : moraswana), -pê (bv. selêpê 'byl' : SS, NS selêswana, Tsw selêšwana). Dit is ook nie reëlmatig dat die slotfoneemgroep van labiale konsonant en voorvokaal realiseer in palataal-labiale morfofoneme en 'n nie-labiale konsonant gevolg deur voorvokaal in suiwer palatale morfoneme nie.

Dit is dus duidelik dat palatalisasie en labialisasie, tenspyte van die neiging wat openbaar word, nie deur die fonetiese konteks onderskeidend gekondisioneer word nie. In die taalsisteem fungeer hulle nie as onderskeidende realiserings nie, maar wel as gesamentlike realiseringe. Dit is dus nie fonologies korrek om tussen twee aparte morfofonemiese realiseringe van palatalisasie (met insluiting van alveolarisasie) en labialisasie (met insluiting van velarisasie) te onderskei nie. Ons het hier net met een morfofonemiese realisering te doen, nl. foneembinding. Twee foneme, 'n konsonantfoneem en 'n vokaalfoneem, verbind in 'n onvolledig-gesnede foneemgroep. Hierdie foneemgroep is die realisering van 'n morfofoneem wat konkomitant met die diminutiefmorfeem funksioneer.

5.10 Korrelasies met die Zero Kousatiefmorfeem

Weens sy hoë funksionele belasting, moet -is- in SS en Tsw en -iš- in NS as primêre kousatiefmorfeem, sonder morfofonemiese korrelasies, aanvaar word. Bv. -rata 'bemin' : SS en Tsw -ratisa, NS -ratiša.

'n /...

'n Sekondêre kousatiefmorfeem -tsh- in SS en Tsw en -tšh- in NS fungeer na die nasaal n (met die morfofonemiese korrelaat ny voor zeromorfeem as alternatief) en ny. Bv. -bona 'sien' : bontsa (of -bonya); senya 'verniel' : sentsha. Die morfeem -tsh- (-tšh-) is 'n morfemiese variant van -iš- wat plosiveer na 'n voorafgaande nasaal (vgl. par. 5.17).

Die kousatief word verder gevorm deur die fungering van 'n zeromorfeem (diachronies vergelykend tot -y- terugvoerbaar) konkomitant met die volgende morfofonemiese korrelasiëpatrone:-

Foneem	Korreleer	Fonologies	met
	<u>SS</u>	<u>Tsw</u>	<u>NS</u>
<u>f</u> :		<u>tsh</u> <u>boifa</u> : <u>boitsha</u> 'vrees'	
<u>g</u> (h):	<u>s</u> <u>theoša</u> 'afgaan'	<u>s</u> <u>theoša</u>	<u>š</u> <u>theoša</u>
<u>l</u> :	<u>s, ts</u> <u>rwêša</u> 'dra' <u>lala</u> 'lê'	<u>s, ts</u> <u>rwêša</u> <u>latsa</u>	<u>š, tš</u> <u>rwêša</u> <u>latša</u>
<u>m</u> :			<u>ny</u> <u>êma</u> : <u>ênya</u> 'dra'
<u>n</u> :	<u>ny, ntsh</u> <u>kênya</u> 'ingaan'	<u>ny</u> <u>kênya</u>	<u>ny</u> <u>-tsênja</u>
<u>p</u> :	<u>tsw</u> <u>hlatswa</u> 'was'	<u>tšw</u> <u>tlhatšwa</u>	<u>tsw</u> <u>hlatswa</u>
<u>r</u> :	<u>s</u> <u>apêša</u> 'aantrek'	<u>s</u> <u>apêša</u>	<u>š</u> <u>apêša</u>

5.11 Afleiding

Die korrelasie a : ê wat in sommige gevalle betrekking het op die vokaalfoneem voor die slotkonsonantfoneem van die verbumstam, vorm deel van 'n reeks vokaalfoneemkorrelasies in die taalsisteem. Dit is nie hier ter sake nie en word voorlopig buite rekening gelaat.

Labialisering verskyn slegs in enkele gevalle met die korrelasie p : tsw en tšw. Reëlmatige kousatieworming met die morfeem -iš- (-is-) word meesal gevind by verbumstamme met p as slotfoneem, bv. -lapa 'moeg word' : lapisa. Labialisering is hier dus nie 'n normale teken by kousatieworming nie en kan gevolglik buite rekening gelaat word.

Al die ander korrelasies word deur 'n palatale korrelasie verteenwoordig. Palatalisering van verbumstamme se slotfoneem het dus 'n morfemies onderskeidende funksie in die korrelasieverband wat geaktualiseer word in 'n palatale morfofoneem om kousatiewe verba te vorm.

5.12 Korrelasies met die Perfektummorfeme

Die perfektum word in die taalgroep deur drie morfemiese vorme gerealiseer.

(a) Die perfektummorfeem -ilê met swaar funksionele belasting, wat fungeer sonder enige morfofonemiese korrelasies. Bv. NS aga 'bou' : agilê.

(b) Die perfektummorfeem -itsê in SS en Tsw en -itšê in NS, met ligte funksionele belasting, bv. NS khutša 'rus' : khutšitšê; SS bitsa 'roep' : bitsitsê. In NS word die volgende korrelasie soms geaktualiseer:

tš : d, bv. -bitša 'roep' : biditšê.

(c) Die perfektummorfeem -ê, met medium funksionele belasting. Funksioneer soms sonder korrelasies, bv. bôna 'sien' : -bônê.

Meesal /...

Meesal egter word die volgende korrelasies gevind:-

<u>Foneem</u>	<u>Korreleer</u>	<u>Morfologies</u>	<u>met</u>
	<u>SS</u>	<u>Tsw</u>	<u>NS</u>
<u>a</u> : (gevolg deur slot-konso- nantfoneem)	<u>ê</u>	<u>ê</u>	<u>ê</u>
<u>apara</u> ' aantrek'	<u>apêrê</u>	<u>apêre</u>	<u>apêre</u>
<u>sala</u> 'bly'	<u>sêitse</u>	<u>sêitse</u>	<u>šêitšê</u>
<u>l.</u> : <u>sala</u> 'bly'	<u>ts</u> <u>sêitse</u>	<u>ts</u> <u>sêitse</u>	<u>tš</u> <u>šêitšê</u>
<u>m</u> : <u>rêma</u> 'kap'	<u>mm</u> <u>rêmmê</u>		<u>mm</u> <u>rêmmê</u>
<u>n</u> : <u>gana</u> 'weier'	<u>nn</u> <u>gannê</u>	<u>ny</u> <u>bôna: bônyê</u> 'sien'	<u>nn</u> <u>gannê</u>
<u>ny</u> : <u>fênya</u> 'oorwin'	<u>nts</u> <u>fêntsê</u>		<u>ntš</u> <u>fêntšê</u>

In Suid-Sotho word die morfeme -ê en -ilê soms in verskillende kontekste gebruik, bv. ke rêmmê sefatê maar sefatê ke se remilê.

5.13 Afleiding

Die korrelasie a : ê vorm deel van 'n reeks vokaalfoneemkorrelasies. Dit is hier nie ter sake nie en word, net soos by die kousatiefmorfeem, buite rekening gelaat.

Die morfeem -ilê het 'n gevestigde posisie in die taalsisteem en funksioneer reëlmatig sonder morfofonemiese korrelasies.

Die morfeem -itsê (itšê) het ook 'n gevestigde posisie in die taalsisteem, maar sy funksionering is beperk tot verbumstamme met -š, -s en tšh as slotfoneem. Die foneem-

groep /...

groep ts in hierdie morfeem is 'n swakgesnede korrelaat van die foneem l in die morfeem -ilê. Nogtans het die morfeem -itsê (itšê) 'n outonome posisie in die taalsisteen omdat dit nie deur -ilê vervangbaar is nie.

Die morfeem -ê funksioneer dikwels as alternatiewe morfeem van -ilê, bv. -rêma 'kap' : -rêmmê of -rêmilê. Die morfofonemiese korrelasies is ook nie konstant nie.

Dieselfde slotfoneem in 'n verbum het dikwels in een woord 'n korrelaat en in 'n ander woord nie. Bv. bôna 'sien' : bônê, maar gana 'weier' : gannê. Hierdie morfeem het 'n ongevestigde posisie in die taalsisteen, en sy funksionering is onreëlmatig. Selfs die aard van die korrelate het geen eenvormigheid nie. Die korrelaat kan 'n verdubbeling van die foneem of sillabiese foneemvariant wees, bv. van m en n; dit kan 'n onvolledig-gesnede foneemgroep wees, bv. van l en n (Tsw); of dit kan 'n foneemgroep bestaande uit 'n volgesnede foneem en 'n onvolledig-gesnede foneemgroep wees, bv. van ny.

Die morfeem -ê het geen konstante habitus in die taalsisteen nie. Omdat hy dikwels vervangbaar is deur die morfeem -ilê, kan hy as morfemiese variant van laasgenoemde morfeem beskou word.

Palatalisasie het geen fonologiese relevansie nie en is slegs een van 'n aantal eienskappe waardeur die morfofonemiese korrelasies gekenmerk word.

15.14' Korrelasies by die Nominale Klasmorfeem le-

Die volgende korrelasies word met die singulare nomenmorfeem le- aangetref teenoor die plurale morfeem ma- :-

Foneem	Korreleer	Fonologies	met
	<u>SS</u>	<u>Tsw</u>	<u>NS</u>
<u>b</u> :	<u>tsw</u> <u>letswele</u> 'borste' 'sing.'	<u>ts, tš,</u> <u>letslele</u> 'sing.'	
		<u>mabôro</u> : <u>letsôgô</u> 'arms' 'sing.'	
		<u>mabole</u> : <u>letsôle</u> 'vuiste' 'sing.'	
<u>d</u> :	<u>ts</u> <u>letsibôh</u> 'sing.'	<u>malatsi</u> : <u>letsatsi</u> 'dae' 'sing.'	
<u>r</u> :		<u>s, tšh, š</u> <u>maropi</u> : <u>lesope</u> 'ruines' 'sing.'	<u>š</u> <u>leşope</u> 'sing.'
		<u>marofa</u> : <u>letsšhofa</u> 'gate' 'sing.'	
		<u>marophi</u> : <u>leşophi</u> 'waterblase' 'sing.'	

5.15 Afleiding

Korrelasies wat deur die nomenmorfeem le- gekondisioneer word, is palataal en soms ook palataal-labiaal. Die korrelasie neem 'n relatiewe swak posisie in in die taalsisteem, omdat die korrelate dikwels 'n wisselvorm is van die oorspronklike foneem. Bv. letslele naas lebelle 'koring', lesapô naas lerapô 'been'. Die korrelate is in hierdie posisie funksioneel lig belas, terwyl die oorspronklike foneem 'n relatief hoë belasting in die taalsisteem inneem deurdat die foneemgroepe /leb/, /lel/ en /ler/ in hierdie posisie algemeen voorkom, bv. lebala 'oop ruimte', leleme 'tong', lereba 'geraas'.

Palatalisasie en labialisasie is dus in hierdie bepaalde verband fonologies nie relevant nie. Ook het die korrelate hier geen fonologies onderskeidende funksie nie.

5.16 Korrelasies by die Nominale Klasmorfeem (a) me-, en (b) bo-, (c) die Persoonlike Deverbatiefmorfeem -i en (d) die Onpersoonlike Deverbatiefmorfeem -ô.

Enkele gevalle van palatale korrelasies by hierdie morfeme kan slegs volledigheidshalwe genoem word:-

- (a) nywang 'onkruid' vermoedelik uit *meang,
- (b) bjang 'gras' " uit *boang,
- (c) gôga 'trek' : kgosi 'koning',
- (d) tšhwantsha 'wys' : setšhwantšhô 'beeld' (slegs in Tswana).

Afleidings in die gevalle van (a) en (b) berus op diachroniese vergelykings, terwyl (c) en (d) as enkele gevalle nie 'n basis vir vergelyking bied nie.

5.17 PLOSIVERING

Plosivering word deur Bantoetaalkundiges gewoonlik nasalisasie en soms ook palatalisasie genoem, vgl. par. 8.3 en voetnoot 8.11. Dit word gemanifesteer in 'n morfonomiese korrelasie waarin nie-eksplousiewe foneme korreleer met eksplousiewe of gedeeltelik eksplousiewe foneme en dit fungeer konkomitant met (a) deverbatiwe nomina van klas 9 en 10, (b) die konkordmorfeem van die eerste persoon enkelvoud, (c) die refleksiefmorfeem i-, en (d) die klasmorfeem van nomina van klas 9 en 10 voor adjektiefstamme.

In al hierdie gevalle korreleer frikatiwe foneme met eksplousiewe, of met affrikatiwe foneemgroepe waarvan een van die foniese segmente 'n eksplousief is.

Die morfonomiese korrelasies vind as volg plaas met verteenwoordigende voorbeelde uit (a), (b), (c) en (d) hierbo genoem:

Taal	Fo- neem	Morfofo- nemiese korre- laat	Verbum	(a)	(b)	(c)	(d)
SS, Tsw, NS	<u>b</u> : <u>p</u>	- <u>bôna</u> 'sien'	: <u>pônô</u>	<u>mpôna</u>	<u>ipôna</u>	- <u>be:mpe</u> 'lelik'	
SS, Tsw, NS	<u>f</u> : <u>ph</u>	- <u>fa</u> 'gee'	: <u>mphô</u>	<u>mpha</u>	<u>ipha</u>		
SS	<u>f</u> :					- <u>fubedu</u> : 'rooi' <u>khubedu</u>	
NS	<u>fs</u> : <u>psh</u>					- <u>fsa</u> : <u>mpsha</u>	
Tsw, NS	<u>g</u> : <u>kg</u>	- <u>ga</u> 'ruik'	: <u>nkgô</u>	<u>nkgêla</u>	<u>ikgêla</u>	- <u>golo</u> : <u>kgolo</u> 'groot'	
Tsw,	<u>h</u> : <u>kh</u>	- <u>huma</u> 'ryk'	: <u>khumô</u>	<u>nkhumiša</u>	<u>ikhumiša</u>	- <u>hubêdu</u> 'rooi': <u>khubêdu</u>	
SS, NS	<u>hl</u> : <u>tlh</u>	- <u>hlaba</u> 'steek'	: <u>tlhabô</u>	<u>ntlhaba</u>	<u>itlhaba</u>	- <u>hlano</u> 'vyf': <u>tlhano</u>	
SS, Tsw, NS	<u>i</u> : <u>tš</u>	- <u>ja</u> 'eet'		<u>ntša</u>	<u>itša</u>		
SS, Tsw, NS	<u>l</u> : <u>t</u>	- <u>laêla</u> 'beveel'	: <u>taêlô</u>	<u>ntaêla</u>	<u>itaêla</u>		
SS, Tsw, NS	<u>r</u> : <u>th</u>	- <u>rata</u> 'bemin'	: <u>thatô</u>	<u>nthata</u>	<u>ithata</u>	- <u>raro</u> 'drie': <u>tharo</u>	
Tsw, NS	<u>š</u> : <u>tšh</u>	- <u>šupa</u> 'wys'	: <u>tšhupô</u>	<u>ntšhupa</u>	<u>itšhupa</u>	- <u>šweu</u> 'wit': <u>tšhwêu</u>	
SS, Tsw, NS	<u>s</u> : <u>tsh</u>	- <u>sôla</u> 'verwyt'	: <u>tshôlô</u>	<u>ntshôla</u>	<u>itshôla</u>	- <u>sêse</u> <u>tshêse</u>	
SS, Tsw, NS	Vo- : k + kaal vokaal	- <u>abêla</u> 'doel'	: <u>kabêlô</u>	<u>nkabêla</u>	<u>ikabêla</u>		
		- <u>êletša</u> 'raad gee'	: <u>kêlêtšô</u>	<u>nkêlêtša</u>	<u>ikêlêtša</u>		
		- <u>ôtla</u> 'slaan'	: <u>kôtlô</u>	<u>nkôtla</u>	<u>ikôtla</u>		
		- <u>utama</u> 'wegkruip'	: <u>kutamô</u>	<u>nkutamiša</u>	<u>ikutamiša</u>		
NS	<u>bj</u> : <u>ps</u>	- <u>bjalêla</u> 'saai vir'	: <u>psalêlô</u>	<u>mpsalêla</u>	<u>ipsalêla</u>		
NS	<u>fs</u> : <u>psh</u>	- <u>fsina</u> 'vasbind'	: <u>pshinô</u>	<u>mpshina</u>	<u>ipshina</u>		

Volgens Trubetzkoy en Martinet⁷⁾ se formulering kan hierdie veranderinge as realiseringe van die argifoneem geïnterpreteer word. Soos reeds gemeld in par. 5.1 bied so 'n beskouing waardevolle materiaal vir hipotetiese diachroniese vergelyking, maar werp dit min lig op die sinchroniese taalstruktuur.

In verdere ooreenstemming met Trubetzkoy, Van Wijk en Martinet⁷⁾ se opvattinge oor die verskynsels van neutralisasie (vgl. par. 5.1) wil dit voorkom of hier 'n neutralisering van foneemopposisies plaasvind. D.w.s., foneme wat in ander posisies in opposisie tot mekaar gestel kan word, kan in bogenoemde posisies nooit in opposisie tot mekaar gestel word nie. Neutralisasie van foneemopposisies sou dan deur die betrokke foneme se konstellasie in die woord- of sinsverband gekondisioneer word. In die geval van voorafgaande nasale vind daar wel so 'n neutralisering van foneemopposisies plaas. Voorafgegaan deur 'n nasaal verskyn slegs die geplosiveerde konsonantfoneme en nooit hul ongeplosiveerde teenhangers nie. Selfs ander voorbeelde in die taal dui daarop dat die taalstruktuur nie ongeplosiveerde teenhangers toelaat om na 'n nasaal te verskyn nie, bv. NS hlong + fa > hlompha 'vereer'; mofagô met elisie van o mphagô 'padkos'; bôna 'sien' + iša 'kousatiefmorfeem) > bôntšha; en selfs in die omgangstaal soms o mothata i.p.v. o a mo rata 'hy het hom lief'. Die morfofonemiese korrelasie word hier dus ook deur die fonetiese konteks gekondisioneer en word gemanifesteer deur 'n neutralisering van foneemopposisies van ongeplosiveerde konsonantfoneme en hul geplosiveerde teenhangers wanneer hulle deur 'n nasaal voorafgegaan word.

In die geval van 'n voorafgaande i is die posisie egter anders. Plosivering is hier 'n morfofonemiese korrelasie,

wat /...

wat nie terselfdertyd gemanifesteer word deur neutralisering van foneemopposisies tussen geplosiveerde foneme en hul ongeplosiveerde teenhangers nie. Want in dieselfde foneetiese konstellasie kan die ongeplosiveerde teenhanger ook verskyn, bv. NS dira 'werk', diša 'oppas', difala 'kleipotte'. Dit is dus nie 'n i- as foneem wat verantwoordelik is vir 'n heraanpassing in die taalsisteem nie. Dit is die morfeem i- wat gelyktydig met 'n reeks morf fonemiese korrelasies in die taalsisteem fungeer. Die korrelasies vorm 'n integrale deel van die refleksiefmorfeem. Dit kan aangevoer word dat 'n latente nasaal in die refleksiefmorfeem verskuil is omdat in al die ander korrelasies wat deur morfeme (a), (b) en (d) gekondisioneer word, 'n nasaal n of m voor eenlettergrepige stamme voor die korrelaat verskyn. Synchronies bestaan egter geen bewys vir so 'n opvatting nie.

Voor verbumstamme met vokale as aanvangsfoneem tree 'n stembandklapper soms fakultatief op. Hierdie stembandklapper funksioneer fonologies as latente konsonant omdat die taalsisteem reëlmatig bestaan uit konsonant + vokaal. Die foneem wat dus hier met k korreleer is die latente konsonant.

Flosivering word dus fonologies vergesel van neutralisering van foneemopposisies en is korrelatief daaraan gebonde. Flosivering is ook konkomitant gebonde aan die fungering van genoemde morfeme en vorm 'n integrale deel van die morfemiese funksie, en word gemanifesteer deur morf fonemiese korrelasies waarin p, ps, tš, t, ph, kh, psh, tsh, tšh, kgh, th, tlh realiseer as korrelate van b, bj, j, l, f, h, fs, s, š, g, r, hl. Hoewel morf fonemiese korrelate in hierdie posisies, fungeer hulle egter in ander posisies as outonome foneme, waar hulle ook in
opposisies /...

opposisies kan staan met die foneme waarvan hulle hier morfofonemiese korrelate is, bv. -rêma 'kap': -thêma 'stol'; fêpa 'voed' : phêpa 'ontwyk'; -bala 'lees' : -pala 'kraak'.

Diachronies is dit waarskynlik dat die geplosiveerde foneme aanvanklik slegs morfofonemies gefungeer het en later as gevolg van 'n heraanpassing van die taal se fonologiese struktuur as outonome foneme gefungeer het; of andersom: dat die geplosiveerde foneme as argifoneme behoue gebly het nadat 'n heraanpassing van die fonologiese struktuur plaasgevind het. Sinchronies egter is die geplosiveerde konsonante outonome foneme wat in bepaalde posisies ook as morfofonemiese korrelate fungeer.

Die morfofonemiese korrelate word dus geaktiveer deur 'n nasaal of latente nasaal (vermoedelik n-). Die foneemgroep nasaal gevolg deur konsonant plosiveer tot die morfofonemiese korrelaat. Plosivering is dus as morfemiese teken fonologies relevant. Die geplosiveerde korrelasies word geaktualiseer deur die verskillende morfeme, maar plosivering vorm self 'n inherente deel van die morfeme se funksionering.

5.18 GEVOLGTREKKING

Morfofonemiese korrelasies in die Sothotale is 'n taalproses waarin foneme korrelatief wissel, konkomitant met die funksionering van bepaalde morfeme. Die funksie van morfofonemiese korrelasies is dus morfologies aktiverend.

In 'n vergelyking en ontleding van morfofonemiese korrelasies in die struktuur van die Sothotaalgroep word gevind dat sekere kenmerkende eienskappe fonologies relevant is.

By die passiefmorfeme is labialisasie en by die diminutiefmorfeme is dit binding van foneme in onvolledig-

gesnede /...

gesnede foneemgroepe wat fonologies relevant is as morfemiese teken.

By die kousatiefmorfeem het palatalisasie as morfemiese teken fonologiese relevansie.

By die perfektummorfeem word 'n variant -ê van die morfeem -ilê gevind. Korrelasies wat konkomitant met die variant -ê gevind word, is funksioneel lig belas, openbaar geen kenmerkende eienskappe nie en het geen konstante posisie in die taalsisteem nie. Daar bestaan blykbaar 'n verskil in gebruik tussen -ê en -ilê. Vgl. -êmê : -êmilê.

By die klasmorfeme le-, me-, bc-, persoonlike deverbatiefmorfeem -i en onpersoonlike deverbatiefmorfeem -ô is korrelasies in die taalsisteem relatief minimaal belas. Die korrelate word dikwels as morfemiese variante gevind en openbaar geen kenmerkende eienskappe in die taalsisteem nie.

By die deverbatiefmorfeem -ô van nomina klas 9 en 10, die konkordmorfeem van die eerste persoon enkelvoud n- (m-), die refleksiefmorfeem i- en die adjektiefmorfeem van nomina van klas 9 en 10 is plosivering as kenmerkende eienskap fonologies relevant en vorm dit 'n inherente deel van die morfemiese funksie. Dit word kontekstueel gekondisioneer deur 'n nasaal, wat as gevolg van die funksionering van morfeme, foneemgroepe teweegbring wat in die taalsisteem ontoelaatbaar is, en 'n fonologiese heraanpassing laat plaasvind onder strukturele druk.

5.19 AANTEKENINGE

- 1) Vgl. Hall, Leave Your Language Alone, bl. 104.
- 2) Vgl. Gleason, An Introduction to Descriptive Linguistics, bl. 82.
- 3) Vgl. Pike, Phonemics, bl. 242.
- 4) Vgl. Harris, Methods in Structural Linguistics, bl. 219, vlgg.
- 5) Vgl. Bloomfield, Menomini Morphophonemics.
- 6) Vgl. Hockett, A Course in Modern Linguistics, bl. 269 vlgg.
- 7) Vgl. Trubetzkoy, Die Aufheben der phonologischen Gegensätze; Martinet, Neutralisation et Archiphonème; Martinet, Phonology as Functional Phonetics, bl. 4 en 5; Van Wijk, Phonologie, bl. 78.
- 8) Vgl. Meinhof en Van Warmelo, Bantu Phonology.
- 9) Vgl. Zaire, vol. XII, 4, 1958.

- - - - -

HOOFSTUK VI

DENSITEIT VAN DIE FONIESE VERBINDINGE

6.1 OMVANG

Om insig te kry in die densiteit van die taal se foniese samestelling, is 'n berekening gemaak van die relatiewe frekwensie van verbindings tussende alle foneme en onvolledig-gesnede foneemgroepe met vokaal-, semi-vokaal-, nasaal- en liquida foneme l en r.

Die taalsisteen word struktureel gekenmerk deur 'n afgrensing tussende die fonemiese soorte in hul fonologiese samestelling. Soos breedvoerig in par. 4.2 vlgg. uiteengesit word, bind fone, wat realiserings is van outonome foneme, tot 'n enkele foon sodra hulle fonologies of morfologies naas mekaar te staan kom. Om hierdie rede gee 'n berekening van die strukturele samestelling van enkel-foneme en gesinchroniseerde foneme in dieselfde kategorie 'n beter statistiese insig in die taalstruktuur.

Vir die berekening is Noord-Sotho gekies omdat in hierdie taal van die groep die meeste foneme en onvolledig-gesnede foneemgroepe voorkom. Die suigklank van Suid-Sotho is nie verteenwoordig nie, maar hierdie foon is van nie-Bantoe oorsprong en realiseer 'n marginale foneem. Soos in par. 3.6 vlgg. blyk, is die foniese realiserings in Noord-Sotho egter nie deurgaans identies aan die fone van die ander twee tale van die groep nie. Nogtans gee Noord-Sotho die beste insig in die foniese samestelling van Sotho as taalgroep omdat die grootste aantal foneme en foneemgroepe hier gevind word.

Vir hierdie berekening is van 'n kernwoordelys gebruik gemaak, gebaseer op Ziervogel se woordelys in sy Noord-Sotho Leerboek. Slegs morfeme wat semanties funksionierend

is, /...

is, is in rekening gebring. Sulke morfeme is, behalwe wortelmorfeme, bv. ook nominale prefikse en suffikse en alle verbale suffikse. Hulle word egter elkeen net een keer in rekening gebring en nie by elke woord waarvan hul 'n integrale deel vorm nie. By morfeme wat funksioneel eners is maar fonemies verskil, word elke vorm wat uit verskillende foneme saamgestel is, apart in rekening gebring. Bv. die perfektumuitgange -ilê, -etse, -ere, -me, -ne, word as aparte morfeme gereken. Wortelmorfeme is ook elkeen net een keer in rekening gebring; bv., die verbale wortelfoneem -rata 'bemin; word net een keer gereken met weglating van sy afgeleide vorm morati 'minnaar', leratô 'liefde'. Sekere morfeme het hul semanties funksionele betekenis aan wortelfoneme verloor en feitlik opgegaan in die wortelfoneem. Bv. bolêla 'praat'. Die verbale morfeem -êla word hier nie meer 'aangevoel as semanties funksioneel nie, en die hele woord moet dus as wortelmorfeem beskou word. Dit verklaar dan ook die hoë funksionele belasting van foneemverbindings soos la en ga. Morfeme wat fonemies en funksioneel dieselfde is, is net een keer aangeteken, tenspyte van grammatiese verskille; bv. mo-, nominale klasmorfeem van klasse 1 en 3; ma- pluralis klasmorfeem van klasse 5 en 14. Skakelmorfeme, behalwe van die eerste en die tweede persoon, is nie in rekening gebring nie, omdat hulle op die nominale klasmorfeme gebaseer is.

In onderstaande tabel volg 'n rangskikking van lae frekwensies tot hoë frekwensies van die foneem- en foneem-groepverbindings wat in die woordelys voorkom.

TABEL VII

FREKWENSIE RANGSKIKKING VAN FONEEM- EN ONVOLLEDIGGESNEDE
FONEEMGROEPVERBINDINGE

Verbinding	Frekwensies Persent
aa, aph, aš, ee, eo, eu, en, eh, ep, ets, ê, êf, êkg, êph, ês, ii, iw, iy, if, ifs, ikg, ikh, iph, itlh, its, itsh, itšh, oo, opš, ots, ôo, ôu ông, ôh, ôph, ôs, ôtš, ua, ui, uô, un uny, ubj, upš, ur, uts, we, yô, mi, mpš, nhl, nkg, nkh, ntlh, ntsh, nyo, nyw, bjô, fsê, ge, hi, py, pshi, šu, tw, tlhô, tsô, tše, tšo, tšu, tsha, tshi, tshô, tshw, tšhe.	.035
ay, abj, êi, êô, êng, êny, ês, lê, iny, is, ith, itl, ow, okg, ôô, ôth, ôts, uk, up, utš, mu, nw, nk, nyê, nyô, bje, fsa, fša, hô, hw, phi, si, šê, šô, šw, tsa, tshe, tshê, tšhê, tšhi, tšhu	.070
ae, aô, au, ath, ea, eng, eny, es, etš, éu, êhl, êth, êts, ir, od, of, otl, otš, ôi, ôy, ôkg, um, ub, uf, uth, utl, nt, ntšh, nga, gw hlw, ke, lw, ll, pw, phê, pho, pša, pšha, rw, sô, tu, thw, tlê, tlo, tlw, tlha, tso, tšê, tšô, tšw, tšhw	.105
aê, ai, af, akg, ats, atš, in, id, ihl, il, ôd, ôhl, ôr, ôš, ôtl, uš, mô, no, nn, nth, fu, fi, gê, hô, ja, ku, kgê, khu, pi, phô, so, tšho.	.139
as, atl, ef, eg, ên, êb, ia, ip, iš, it, itš, oa, or, ot, ôny, ôp, ud, nô, ntš, bi, fe, fsi, hlê, kw, sa, the, tho, thu, tsw.	.174

ang, /...

le	.941
gô	.976
lê, lo	1.011
ra	1.046
pa	1.116
hla	1.151
ak	1.185
an	1.395
êl	1.430
ol, di, ta	1.464
wa	1.639
al, ba, ma	1.674
na	1.743
ka	2.022
ga	2.266
la	4.603

6.2 GEVOLGTREKKING

Uit bostaande tabel blyk dat die grootste aantal verbindings, naamlik 229 uit 'n moontlike totaal van 368, binne die frekwensiegroep .035 tot .174 persent val. Dit dui op 'n eweredige verspreiding in die taalsamestelling van die meeste verbindings. Die verbinding la se frekwensiesyfer is buite verhouding hoog. Soos aan die begin van

hierdie /...

hierdie hoofstuk verduidelik is dit toe te skrywe aan die funksionele morfeem -êla, wat in sommige gevalle deel van die stammorfeme geword het.

Die verbindings wat in die taalstruktuur funksioneel die hoogste belas is, is 'n enkelvoudige konsonant gevolg deur 'n vokaal. Hierdie samestelling vorm dus die basiese samestelling van die taal. In die maksimaal belaste frekwensies bo 1% verskyn a met 14 verbindings, ê met 2 verbindings, o met 2 verbindings en i met 1 verbinding. Dus moet a as basiese vokaal in die strukturele samestelling beskou word. In die konsonantreeks met maksimale funksionele belasting bo 1% verskyn: l 6 keer; k 2 keer; n 2 keer; en r, p, hl, d, t, w, b, m, g elk 1 keer. Dus moet die foneem /l/ met sy variant [l], as basiese konsonant en die verbinding la as basiese strukturele samestelling van die taal beskou word.

Verbindings met minimale, nl. .035%, funksionele belasting bestaan hoofsaaklik uit verbindings waarvan die aanvangsfoneem 'n vokaal is. Heelwat verbindings met aanvangsvokaal se frekwensiesyfer is zero omdat hulle nie in die woordelys verskyn nie. Dit is veral toe te skrywe aan die geringe aantal woorde met 'n aanvangsvokaal. Verbindings wat uit twee vokale bestaan, is nog ligter belas; ook hier is verskeie potensiële verbindings as zero geregistreer. 'n Verdere kenmerk van die minimaal belaste verbindings is die lae persentasie verbindings waarvan een van die elemente 'n onvolledig-gesnede foneemgroep is. Onvolledig-gesnede foneemgroepe is nie 'n normale struktuurverskynsel nie, maar 'n fonematiese groepering wat meesal onder strukturele druk plaasvind.

HOOFSTUK VII

FONEMIESE KLASSIFIKASIE EN 'N PRAKTIESE ORTOGRAFIE

7.1 VERSPREIDING

Die foneme en onvolledig-gesnede foneemgroepe kan in al drie tale, of in twee tale, of slegs in een taal van die taalgroep versprei wees. Slegs die verspreiding van die verskillende foneme word aangedui sonder inagneming van verskille in fonetiese realiseringe. Hierdie verskille is aangedui in die besprekings van elke foneem en onvolledig-gesnede foneemgroepe in hoofstukke II, III en IV.

7.2 VERSPREIDING IN AL DRIE TALE VAN DIE GROEP

Allereers word gevind dat die vokaalfoneme /a/, /o/, /o/, /u/, /ε/, /e/, en /i/ met eenvormigheid aangetref word wat hul fonetiese eienskappe en struktuur in die taalsisteen betref. Ewe eenvormig is die semivokaalfoneme /j/ en /w/, die nasaalfoneme /m/, /n/, /ŋ/ en die plosieffoneme /p/, /t/, /k/. Verder is die volgende foneme gemeenskaplik aan die hele taalgroep, maar verskil wat fonetiese eienskappe en struktuur in die taalsisteen betref: die foneme /ɬ/, /f/, /x/, /h/, /s/, die liquida foneme /l/ en /r/.

Die volgende onvolledig-gesnede foneemgroepe is gemeenskaplik aan die hele taalgroep /kh/, /kxh/, /ph/, /sj/, /th/, /ts/, /tsh/, /tsj/, /tsjh/, /tɬ/, /tɬh/, /nw/, /njw/, /ŋw/, /sw/, /sjw/, /hw/, /rw/, /lw/, /tw/, /thw/, /kw/, /khw/, /kxhw/, /tsw/, /tshw/, /tsjw/, /tsjhw/.

7.3 VERSPREIDING IN TWEE TALE VAN DIE GROEP

Die foneem /ɬ/ en die gesinchroniseerde foneemgroepe /fsj/, /psj/, /psjh/, /bj/, /lj/, /ljw/ en /ɬw/ is net
gemeenskaplik /

gemeenskaplik aan Noord-Sotho en Suid-Sotho, en word nie in Tswana gevind nie.

Daar bestaan geen foneme wat net aan Noord-Sotho en Tswana, of net aan Suid-Sotho en Tswana gemeenskaplik is nie.

7.4 VERSPREIDING IN SLEGS EEN TAAL VAN DIE GROEP

Die foneem /q/ en die onvolledig-gesnede foneemgroepe /qh/, /qw/, /qhw/ en /ɲq/ kom slegs in Suid-Sotho voor. Die onvolledig-gesnede foneemgroepe /fs/ en /xj/ kom slegs in Noord-Sotho voor.

Daar is geen foneem wat net in Tswana voorkom nie.

7.5 KENSKETSING VAN DIE VERSPREIDING

Kenmerkend van die verspreiding is die groot aantal foneme en onvolledig-gesnede foneemgroepe wat gemeenskaplik aan die hele taalgroep is, nl. 50 uit 'n totaal van 65, of 77%. Slegs 8 of 12% is gemeenskaplik aan twee tale en 7 of 11% is beperk tot een taal van die groep.

Indien slegs die outonome foneme vergelyk word, word gevind dat 22 foneme gemeenskaplik is aan die hele taalgroep, een gemeenskaplik is aan twee tale van die groep en een beperk is tot een taal van die groep.

Die fonemiese inventaris en semasiologiese ooreenstemming bewys die eenvormigheid van die taalstruktuur en regverdig 'n gevolgtrekking om die drie tale van die groep as 'n enkele taal met dialektiese variasies te beskou.

Dit blyk verder dat die monofonemiese realiseringe in die taalgroep 'n eenheid vorm met slegs Suid-Sotho g as 'n volkome dialektiese variant.

'n Groter mate van verskil word in die verspreiding van die /...

die onvolledig-gesnede foneengroepe gevind. In paragrawe 6.1 vlgg. blyk die geringe funksionele belasting van die onvolledig-gesnede foneengroepe wat meesal onder strukturele druk plaasvind. Dit is dus hoofsaaklik 'n morfofonemiese manifestasie in die taalsisteem met minimale beïnvloeding van die fonemiese eenvormigheid in die taalgroep.

7.6 'N PRAKTIESE ORTOGRAFIE

Met inagneming van hul fonologiese funksie, hul verspreiding in die taalgroep, tipografiese doeltreffendheid en bestaande ortografieë vir die drie tale van die groep, asook die twee amptelike tale van die Republiek van Suid-Afrika, word voorgestel dat die foneme en onvolledig-gesnede foneengroepe van die taalgroep ortografies eenvormig voorgestel word soos aangedui in tabel VIII.

TABEL VIII

Foneem of Foneem- groep	Huidige Praktiese Ortografie			Voorgestelde Gemeenskap- like Ortografie
	Noord-Sotho	Tswana	Suid-Sotho	
i	i	i	i	i
e	e	e	e	e
ɛ	ê	ê	ê	e (ê)
a	a	a	a	a
o	o	o	o	o
ɔ	ô	ô	ô	o (ô)
u	u	u	u	u
w	w	w	w	w
j	y	y	y	y
p	p	p	p	p
t	t	t	t	t
				k /...

k	k	k	k	k
c	-	-	q	q
ph	ph	ph	ph	ph
th	th	th	th	th
kh	kh	kh	kh	kh
qh	-	-	qh	qh
cn	-	-	ng	nq
nc	-	-	nnq	nnq
f	f	f	f	f
s	s	s	s	s
sj	š	š	sh	<u>š</u>
x	g	g	g	g
h	h	h	h	h
xj	h	-	-	h
ɬ	hl	-	hl	hl
fs	fs (f,sw)	fs	val saam met f	fs
fsj	fš (šw)	fš	fj	fš
tɬ	tl	tl	tl	tl
ts	ts	ts	ts	ts
tsj	tš	tš	tj	tš
ps	ps	(ps)	-	ps
kxh	kg	kg	kg	kg
tɬh	tlh	tlh	tlh	tlh
tsh	tsh	tsh	tsh	tsh
psh	psh	psh	-	psh
psjh	pšh	pšh	pjh	pšh
tsjh	tšh	tšh	tjh	tšh
m	m	m	m	m
n	n	n	n	n
nj	ny (n)	ny (n)	ny (n)	ny (n)
ŋ	ng (n)	ng (n)	ng (n)	ng (n)

b	b	b	b	b
l (i)	d	d	d	d
lj	j, (bj)	j, (bj)	j, (bj, jw)	j (bj, jw)
l	l	l	l	l
r	r	r	r	r

Dit is moontlik om 'n enkele skryftaal vir die taalgroep te ontwerp, met erkenning van variasies in die woordeskat, bv. qala, thôma, simologa 'begin'. Maar in die praktyk blyk dat so 'n skryftaal vir die verskillende gemeenskappe onaanvaarbaar is. 'n Gemeenskaplike ortografie vir die drie tale van die groep sal groter waarde hê. Hiervolgens sal die fonemiese voorstellings in al drie tale ortografies eners wees. Die groot aantal woorde wat in die taalgroep gemeenskaplik is, sal dus deur alle lesers van die taalgroep maklik herkenbaar wees. Dit sal geskryfte in enige van die drie tale, vir lesers van die ander tale van die groep, verstaanbaar maak.

Deur verder gebruik te maak van diakritiese tekens, kan foneme en foneemgroepe wat in die taalgroep nou verwant is, met effens gewysigde simbole voorgestel word. Die gebruik van /s/ en /sj/ kom bv. afwisselend in die taalgroep voor. Deur gebruik van die huidige Noord-Sotho en Tswana s en š, help dit die oog om die verskil te ignoreer waar nodig.

In gewone leesstukke hoef nie onderskei te word tussen /e/ en /ɛ/, asook tussen /o/ en /ɔ/ nie. As gevolg van vokaalvernouing is die latitude tussen die foneme so gering dat sprekers van die taal geen moeilikheid ondervind as hul ortografies slegs deur e en o voorgestel word nie. Waar nodig kan hulle met ê en ô onderskei word. Dit is trouens die gebruik in die huidige ortografie.

Weens /...

Weens die geringe funksionele belasting van /h/ in Noord-Sotho (vgl. par. 3.3) kan /xj/ sonder verwarring met h voorgestel word.

Simbole wat in die tabel tussen hakies aangedui word, kan as alternatiewe in bepaalde tale of in bepaalde posisies gebruik word.

Labiale fone word met w na die konsonant voorgestel.

- - - -

HOOFSTUK VIII

SLOTBESKOUINGE

8.1 DIE KONVENSIONELE TEENoor DIE FONEMIESE

Dat die fonemiese ontleding van 'n taal se struktuur bydraend is tot die wetenskaplike bestudering van so 'n taal, behoef geen betoog nie. 'n Vraag wat egter wel ontstaan, is watter plek foneemstudie by bestudering van die Bantoetale in die algemeen en die Sothotale in die besonder behoort in te neem. Die vraag ontstaan of 'n fonemiese ontleding soos in die voorgaande hoofstukke gedoen is, die ou konvensionele metodes kan en behoort te vervang. Om 'n antwoord hierop te vind, moet eers 'n vergelyking getref word tussen 'n fonemiese ontleding en die konvensionele benaderings. Drie van die konvensionele studierigtings van die grammatika, nl. morfologie, sintaksis en semantiek, word hier buite rekening gelaat omdat hulle nie in die bestek van foneemstudie val nie, hoewel die foneem die basis vorm waarop die struktuurreëls van 'n taal gebou word. Maar in 'n studie van die struktuurreëls is die foneem 'n sekondêre faktor. Die foneem is egter primêr en wesenlik gemoeid waar 'n studie gemaak word van die basiese spraakklanke met betekenisonderskeidende funksie en van die onderlinge verwantskap tussen sodanige spraakklanke. Volgens die konvensionele metodes ressorteer 'n ontleding van 'n Bantoetaal se spraakklanke in die studiegebied van die fonetiek.¹⁾ Bestudering van die onderlinge verwantskap tussen die spraakklanke word gewoonlik deur Bantoetaalwetenskaplikes gedoen in die fonologie.²⁾ Foneemstudie val dus in 'n mate saam met die konvensionele studie van die fonetiek en die fonologie.

8.2 FONETIEK

In die fonetiek word die menslike spraakklanke o.a. volgens hul wyse van voortbrenging bestudeer. Aanvanklik het 'n uitvoerige studie van die spraakorgane van die mens, naamlik die longe, stembande, mond- en neusholte, verhemelte, tong, tande, onderkaak en lippe, hiermee saamgeval. Langsamerhand is egter gevoel dat hierdie studie meer tuis hoort by die fisiologie. Die fonetiek het dus die fisiologie as hulpwetenskap. In die laaste jare geniet die akoestiese fonetiek veel aandag. 'n Studie word van lugtrillinge en die waarneming daarvan deur die menslike gehoororgaan gemaak. Ook hier word van 'n ander hulpwetenskap gebruik gemaak, naamlik die fisika. Met behulp van ander vakdissiplines beoog die fonetiek om alle menslike spraakklanke noukeurig en volledig te beskrywe en te ontleed. In die fonemiek word beoog om die menslike spraakklanke met betekenisonderskeidende funksie te isoleer en te ontleed. Om die foneme van 'n bepaalde taal te isoleer, moet alle spraakklanke in die taal in ag geneem word. Om hierdie spraakklanke te bepaal, moet dus swaar op die fonetiek as hulpwetenskap geleum word. Sonder die fonetiek is foneemstudie nie moontlik nie. Sonder bestudering van 'n taal se fonetiek kan sy foneme nie ontleed en bestudeer word nie. Hoewel dit waardevol is vir die fonemikus om ook 'n onderlegde fonetikus te wees, is dit nie gebiedend noodsaaklik nie. Die fonemikus se taak is om fonetiese gegewens te ontleed en te klassifiseer. Die gegewens word egter deur die fonetikus versamel met behulp van hulpwetenskappe en tegniese instrumente. Om die gegewens te begryp en korrek te vertolk, moet die fonemikus dus ook opleiding ontvang in die fonetiek. Net soos die fonetikus ook opleiding behoort te ontvang in die fisiologie en die fisika. In die algemeen gestel, /...

gestel, kan foneemstudie dus nie fonetiese studie vervang nie. Die taalkundige moet kennis dra van die fonetiese gegewens van die taal wat hy bestudeer. Foneemstudie is 'n verdere uitbouing of spesialisasie van die konvensionele fonetiese studie, nie 'n vervanging daarvan nie.

Hoewel die konvensionele fonetiese studie in die Bantoetaalwetenskap in breë trekke ooreenstem met die bevindinge in die vorige paragraaf, het dit egter ook 'n besondere karakter. Toe die Bantoetaalwetenskap sy beslag gekry het, was die fonetiek reeds 'n selfstandige en gevestigde vakdissipline. Ipsa facto het die Bantoetaalwetenskaplikes nie basiese fonetiese feite probeer stel of verklaar nie. Daar word slegs analiserend en sintetiserend voortgebou op algemeen aanvaarde fonetiese uitgangspunte. Hul metode het dus reeds baie naby die fonemiese metode gestaan. Dit is dus nie verbasend dat hul bevindinge en gevolgtrekkings dikwels so verrassend ooreenstem met die fonemiese ontledings nie. Meinhof en Van Warmelo se uitgangsbekouing vir die fonetiek en fonologie is ewe geldend vir 'n fonemiese ontleding: „Linguistic science is concerned first of all with the spoken language, and as speech consists of sounds, we will direct our attention to them first. Our method of representing them in writing, being intended for scientific purposes only, will be as systematic as possible.“³⁾ En verder wat 'n intensiewe studie van fonetiek betref: „For a fuller treatment of Phonetics the reader is referred to the extensive literature already existing.“³⁾ Wat hulle met die „spraakklanke“ van die „gesproke taal“ in gedagte gehad het, was duidelik klanke met signifikante funksie in die taalsisteem. Fonetiese variasies sonder signifikante funksie is meesal nie deur Meinhof aangeteken nie. So is die geslote vokale

[ɛ̣], [ɔ̣], [ẹ], [ọ] in Pedi byvoorbeeld nie deur hom genoteer nie. Hy het blykbaar [ɛ̣] en [ɔ̣] gelykgestel aan e en o (sy simbole). „Verwante“ klanke word deur hom met dieselfde simbool voorgestel, en variasies word met diakritiese tekens aangedui. So stel hy l voor i in Pedi met ḷ voor, „usually written di“. ⁴⁾ Dit is net so duidelik as 'n fonetiese notasie: die foon [l] is in Pedi 'n posisionele variant van die foneem /l/ en word posisioneel gekondisioneer deur 'n volgende /i/. Die palatale klanke [ʃ] en [ʒ] stel hy respektiewelik voor met š en ž. Dit impliseer dat hulle „sistematies“ in verband met die „spraakklanke“ s en x staan. Foneties ontleed, blyk hulle ongesnede foneemgroepe /sj/ en /xj/ te wees. Vgl. par. 4.23 en 4.24.

Reeds in 1929 het Tucker ⁵⁾ in sy fonetiese ontledings getoon dat hy foneme onderskei as spraakklanke met distinktiwe funksie. „Whether kh occurs as a separate phomeme from kxh in Sesuto is a moot point, the softening of the velar scrape before u making it very difficult to judge. Skye makes a difference in the following words:

kxhutsa 'to seize', kxhupa 'to stumble' and
khutsa 'to stop', khudu 'tortoise', khunong 'red' ⁶⁾

Die term „phomeme“ is klaarblyklik 'n drukfout, want hy gebruik „phoneme“ in ander gevalle. ⁷⁾ Dit blyk duidelik dat sy probleem nie gaan oor die bestaan van twee klanke kxh en kh in Suid-Sotho nie, maar wel of hierdie twee klanke betekenisonderskeidende funksie besit en of hulle slegs posisioneel gekondisioneer word. Sy benadering in die geval is meer fonemies as foneties.

Vir die Bantoetaalwetenskap is fonetiek onafskeidbaar gebonde aan foneemstudie. Fonemiek kan nie fonetiek, soos dit in die verlede in die Bantoetaalwetenskap beoefen is, vervang /...

vervang nie. Dit kan slegs aanvullend tot fonetiese studie dien. Vir duidelikheid en algemene eenvormigheid behoort fonemiese begrippe wat deur Bantoetaalkundiges in fonetiese terme beskrywe is, fonemies aangepas en deur fonemiese terminologie vervang te word. Meinhof se rekonstruksie van Oerbantoe op 'n fonemiese grondslag sal byvoorbeeld 'n waardevolle bydrae tot foneemstudie in die algemeen wees.

8.3 FONOLOGIE

In die konvensionele benadering is die taalverskynsels bekend as nasalisasie (of klankverharding), palatalisasie, alveolarisasie, velarisasie, labialisasie, assimilasie, dissimilasie, samesmelting, elisie, konsonantalisasie die mees algemene fonologiese prosesse. Die meeste taalkundiges beskou hierdie verskynsels as van fonologiese aard,⁸⁾ terwyl sommige dit egter as fonetiese⁹⁾ prosesse beskou. Al hierdie verskynsels verwys na klankverwisselinge wat onder bepaalde omstandighede in die taalgebruik plaasvind. Met uitsondering van nasalisasie en palatalisasie word die benamings deur taalkundiges gebruik om die aard van die klankverwisseling aan te dui. Met labialisasie word byvoorbeeld bedoel dat 'n nie-labiale klank met 'n labiale klank verwissel in 'n bepaalde proses. Met nasalisasie word egter bedoel dat 'n „verharding“ van klanke plaasvind onder invloed van 'n nasaal. Die „verharding“ beteken in die Sothotale dat 'n klank verwissel met 'n eksplosiewe konsonant of met 'n konsonantsamestelling waarvan een van die segmente 'n eksplosief is. Om dus konsekwent te wees, moet na hierdie proses liever verwys word as plosivering (vgl. ook par. 5.17). Tans¹⁰⁾ word met palatalisasie bedoel /...

doel dat 'n nie-palatale klank in 'n bepaalde proses verwissel met 'n palatale klank. Vroeër¹¹⁾ is die term ook gebruik om plosivering aan te dui. Die huidige gebruik gee egter 'n juiste aanduiding van die proses en is daarom verkieslik.

Die omstandighede waaronder hierdie klankverwisselinge plaasvind, is reeds in besonderhede nagevors.¹²⁾ In par. 5.1 - 5.18 is die fonologiese relevansie van die belangrikste van hierdie verskynsels getoets en ontleed. Dit is dus nie nodig om die omstandighede in besonderhede te herhaal nie. Slegs die meewerkende faktore wat hierdie klankverwisselinge in die hand werk, word in die volgende paragrafe aangedui. Dan word bepaal of die verskynsels van fonemiese of fonetiese aard is, wat hul posisie in die taalstruktuur is en hoe hulle beskrywe kan word.

8.4 Plosivering

In hierdie proses vind 'n verwisseling van konsonante (meesal frikatiewe) met eksplosiewe of gedeeltelik eksplosiewe fone plaas. Die verwisseling word gekondisioneer deur bepaalde morfeme, naamlik nominale klasmorfeme soos n- en din-, die adjektiewe konkordmorfeme n- en din, die voorwerpskonkordmorfeem van die eerste persoon enkelvoud n-, die refleksiefmorfeem i- en die kousatiefmorfeem -isa (-iša).

Daar word ook in streekvariasies gevind dat nie-eksplosiewe konsonante varieer met eksplosiewe konsonante, bv.

NS rala en thala 'lyn trek'

Tsw lesama en letshama 'wang'

Hierdie variasies kan waardevolle materiaal bied in 'n diachronies-vergelykende taalstudie, maar het nie betrekking op die fonologiese prosesse van die tale nie.

Plosivering /...

Plosivering is dus 'n fonemiese begrip wat verwys na 'n reeks morfofonemiese verwisselinge wat in die taalstruktuur konkomitant met bepaalde foneme fungeer; of anders gestel: sekere morfeme fungeer in die taalsisteem konkomitant met 'n reeks geplosiveerde morfofonemiese verwisselinge (of korrelasies).

8.5 Palatalisasie en Alveolarisasie

Palatalisasie en alveolarisasie word as dieselfde fonologiese proses beskou, omdat die veroorsakende faktore dieselfde is. Wat in die een taalgroep as palatalisasie verskyn, verskyn in 'n ander taalgroep as alveolarisasie. Hierdie verskynsel word gekondisioneer deur die passiefmorfeem -wa, die diminutiefmorfeem -ana (met morfemiese variante -ane, -nyana, -nyane), die klasmorfeem le-, die kousatiefmorfeem met morfemiese variante, en morfemiese variante van die perfektummorfeem. Verder is daar 'n reeks fone wat diachronies vergelykend as palatalisasie beskou kan word. Hierdie reeks word in besonderhede deur Cole¹³⁾ vir Tswana vermeld. Dit staan egter nie in verband met die sinchroniese fonologie van die tale nie.

Palatalisasie (en alveolarisasie) is dus 'n fonemiese begrip wat verwys na 'n reeks morfofonemiese wisselinge wat in die taalstruktuur konkomitant met bepaalde morfeme fungeer. Of anders gestel: sekere morfeme fungeer in die taalsisteem konkomitant met 'n reeks gepalataliseerde morfofonemiese wisselinge (of korrelasies).

8.6 Velarisasie

Net soos plosivering en palatalisasie is velarisasie ook 'n fonemiese begrip in die sin dat dit verwys na 'n

reeks /...

reeks morfofonemiese wisselinge wat konkomitant fungeer met die klasmorfeem mo-, die diminutiefmorfeem -ana en die passiefmorfeem -wa.

8.7 Assimilasie

Assimilasie is 'n fonologiese proses waarin fone wat naas mekaar of naby mekaar geleë is, 'n neiging toon om mekaar se kenmerke volledig of gedeeltelik aan te neem. Veral die konsonante m en b toon 'n neiging om te assimileer. Ook die vokale assimileer soms aan mekaar.

Assimilasie is in Sotho 'n fonemiese verskynsel. Foneme wat naas mekaar te staan kom, kan geheel of gedeeltelik aan mekaar assimileer. Deur assimilasie word 'n reeks posisionele of kontekstuele variante in die Sothotale gerealiseer, of 'n verplasing van foneme vind plaas (vgl. par. 1.24). Assimilasie vind dikwels plaas wanneer morfeme naas mekaar te staan kom, byvoorbeeld die klasmorfeem mo- by deverbatiwe soos in Suid-Sotho en Tswana mmusi 'regeerder' wat ontstaan uit die klasmorfeem mo- gevolg deur die verbale wortelmorfeem -bus- 'regeer'. Die vraag of hier aparte morfeme gerealiseer word en of daar onderskei moet word tussen 'n morf en 'n morfeem, lê op die terrein van die morfologie en val buite hierdie ondersoek. Hockett¹⁴⁾ se onlangse bydrae tot 'n oplossing van hierdie soort probleme is insiggewend.

8.8 Dissimilasie

Dissimilasie is 'n fonologiese proses waarin fone wat naas of naby mekaar te staan kom, 'n neiging toon om verskillend te word of om van hul enersse eienskappe te verloor.

Net soos assimilasie is dissimilasie ook 'n fonemiese verskynsel /...

verskynsel. Foneme wat naas mekaar te staan kom, kan geheel of gedeeltelik van mekaar dissimileer. So word gedissimileerde posisionele of kontekstuele variante in die Sothotale gerealiseer. Dissimilasie vind soms plaas wanneer morfeme naas mekaar te staan kom; vergelyk byvoorbeeld die perfektummorfeme -tsê en -tse in Tswana. Die slotfoneem is halfoop ê wanneer die slotfoneem van die wortelmorfeem geslote of halfgeslote is, bv. -dula 'sit' perfektum dutsê; en die slotfoneem is halfgeslote e wanneer die slotfoneem van die wortelmorfeem oop of halfoop is, bv. rôbala 'slaap' perfektum rôbêtse.

8.9 Samesmelting

Samesmelting van twee fone tot 'n nuwe foon kom maar selde in die Sothotale voor. Voorbeelde wat gewoonlik gegee word, is by die lokatiewe bv. NS, SS en Tsw thabêng < *thabaing 'by die berg'. Sulke voorbeelde word gerekonstrueer en op diachronies vergelykende studie gebaseer. Dit het nie fonemiese betrekking nie. Sinchronies moet dit beskrywe word as fungering van die lokatiefmorfeem -ng met morfofonemiese wisseling (of korrelasie) van /a/ : /ê/.

'n Ander voorbeeld wat gewoonlik gegee word, is die samesmelting van vokale op morfeemgrense, bv. mênô 'tande' i.p.v. mainô. Ook hier kom die vraag van morf of morfeem ter sprake, wat in die gebied van die morfologie val.

Samesmelting het dus nie fonemiese betrekking nie. Buitendien is dit 'n vorm van assimilasie en dus nie 'n aparte proses nie.

8.10 Elisie

Dit gebeur in enkele gevalle dat 'n foon in die taalgebruik wegval. Cole¹⁵⁾ gee o.a. vir Tswana die voorbeeld:

motho yômolêêlê < die stam - lêlêlê

Elisie het fonemiese betrekking en die term kan as sodanig behoue bly naas die beskrywing: „foneemverlies”.

8.11 Konsonantalisasie

As 'n vokaal sy vokaliëse eienskappe verloor in 'n fonologiese proses en verander in 'n semivokaal, word dit deur Bantoetaalkundiges as 'n proses van konsonantalisasie beskrywe. Hierdie verskynsel kom in die Sothotale meesal voor by fungering van die diminutiefmorfeem -ana, bv. NS, SS, Tsw tau 'leeu' maar diminutief, tawana. Konsonantalisasie val gewoonlik saam met palatalisasie, velarisasie of labialisasie. Dit het fonemiese betrekking deurdát dit verwys na 'n reeks morfofonemiese wisselinge wat konkomitant met die diminutiefmorfeem -ana fungeer.

8.12 Fonemiese toepaslikheid

In par. 5.1 - 5.18 is die fonologiese relevansie van plosivering, palatalisasie, labialisasie en velarisasie breedvoerig bespreek. Hierdie verskynsels, asook konsonantalisasie, het inderdaad betrekking op fonologiese prosesse in die konvensionele sowel as fonemiese sin. Hulle verwys almal na 'n reeks morfofonemiese wisselinge of korrelasies wat konkomitant met bepaalde morfeme fungeer. Dit blyk egter dat hierdie verskynsels nie 'n bepaalde fonologiese patroon in die taalsisteem volg nie. Een verskynsel, bv. plosivering, fungeer konkomitant met verskillende morfeme. Dieselfde morfeem kan ook konkomitant

met /...

met verskillende van die verskynsels fungeer, bv. die diminutiefmorfeem -ana wat konkomitant met palatalisasie, alveolarisasie, velarisasie, labialisasie en konsonantalisasie kan fungeer. Met behulp van hierdie terme kan die taalgroep se fonologiese fungering dus nie duidelik beskrywe word nie. Hierdie leemte is te wyte aan 'n vermeniging van 'n fonetiese beskrywing en 'n fonologiese beskrywing. Die verskynsels is van fonetiese aard hoewel hulle fonologies kondisioneer word. Om byvoorbeeld aan te voer dat die diminutiefmorfeem -ana 'n proses van palatalisasie, alveolarisasie, velarisasie, labialisasie en konsonantalisasie tot gevolg het, is fonologies feitlik niksseggend. Dit impliseer dat met die fungering van die diminutiefmorfeem sekere fone verskyn wat palataal, alveolaar, velaar, labiaal of konsonante kan wees. Om aan die reeks fone 'n beskrywing volgens hul fonetiese aard te gee, bied geen beskrywing van hul fonologiese funksie nie. Selfs die waarde van 'n fonetiese beskrywing in hierdie besondere geval is te betwyfel. Die reeks fone wat deur die omvang van die beskrywing getref word, kan meer as die helfte van die taalgroep se foneme omvat. Dit is dus duidelik dat met behulp van hierdie terme nie daarin geslaag word om die eintlike fonologiese prosesse te beskrywe wat hier deur die taalsisteem in werking gestel word nie.

Dit wil voorkom of die fonemiese beskrywing wat in par. 5.1 - 5.18 gegee is, die fonologiese sisteem nader en eenvoudiger beskrywe. Hiervolgens toon bepaalde morfeme in die taalgroep die neiging om konkomitant met 'n spesifieke reeks morfofonemiese korrelate (of wisselfoneme) te fungeer. Diminutiefvorming in die taalgroep kan dus beskrywe word as gevorm deur die morfeem -ana met 'n spesifieke /..

sifieke reeks morfofonemiese korrelate. Die korrelate word dan ontleed om te sien of 'n bepaalde patroon gevind kan word. As byvoorbeeld gevind word dat die eksplosiewe konsonante identiese korrelate het, word dit as 'n patroon aangeteken. Of as gevind word dat bepaalde konsonante onvolledig-gesnede foneemgroepe as korrelate het en ander weer enkelfoneme as korrelate het, word dit aangeteken. Word geen patrone in die korrelasiereekse gevind nie, bestaan daar eenvoudig net 'n reeks morfofonemiese korrelasies sonder enige patroon.

Assimilasie, dissimilasie en elisie beskrywe spesifieke fonologiese verskynsels in die taalgroep en is dus fonemies toepaslik.

8.13 GEVOLGTREKKING

Die konvensionele fonologie bly in wese 'n wetenskaplike benadering waarvolgens die taalsisteem doeltreffend beskrywe kan word. Sommige uitgangspunte behoort aangevul te word en ander kan sonder verlies weggelaat word. Fonetiese en fonologiese uitgangspunte is albei onmisbaar vir mekaar. Die twee uitgangspunte moet egter geskei bly in die toepassing, anders word verwarrende beelde geskep.

Foneemstudie kan nie die konvensionele fonologie vervang nie, maar vul dit slegs aan en is 'n hulpvertakking van die fonologie om onduidelikhede te verklaar, om die wese van die taalsisteem bloot te lê en te bepaal wat reëlmatig of onreëlmatig in die taalstruktuur is.

8.14 ORTOGRAFIESE VOORSTELLING

Pike¹⁶⁾ beskrywe 'n ortografie as tegnies „the symbolization of letters in a one-to-one correlation with the phonemes/ ...

phonemes" en prakties: „a technical orthography modified in type of symbols or in other ways in order to adapt it to local tradition, printing facilities, and the like."

'n Wetenskaplike ortografie is: „whether technical or practical, designed to reflect a careful study of all the linguistic and social facts or pressures".

Alvorens 'n ortografie vir 'n taal opgestel kan word, moet die foneme van die taal geïsoleer word. Of anders gestel, die minimale klankeenhede met betekenisonderskeidende funksie in die taal moet bepaal word. Hierdie klankeenhede moet elkeen met 'n simbool voorgestel word. Die voorstelling self van die simbole is nie van belang nie. Die ondersoeker maak gebruik van simbole wat vir hom die gerieflikste is. Hy kan verkies om simbole te gebruik wat fonies in verband staan met klankvoorstellings wat aan hom bekend is. Of hy kan verkies om heeltemal onbekende simbole te gebruik ten einde die moontlikheid van verwarring met bekende fone te vermy. Om 'n duidelike beeld van klankeenhede met betekenisonderskeidende funksie te kry, is dit nodig om elke eenheid met 'n enkele teken voor te stel. As dit nie gedoen word nie, word 'n te ingewikkelde beeld verkry waardeur interpretasie van feite bemoeilik en selfs onmoontlik gemaak word. Vir tegniese voorstelling van foneme moet die reël dus geld van 'n enkele simbool vir elke foneem.

'n Praktiese ortografie vir 'n taal word op die foneme van die taal gebaseer. Die minimale klankeenhede met onderskeidende funksie in die taal moet nou in skrif voorgestel word met simbole wat deur die sprekers van die taal maklik begryp en vertolk kan word. Alle plaaslike omstandighede wat op 'n skryfwyse betrekking kan hê, moet in

ag /...

ag geneem word. Pike¹⁷⁾ noem die volgende: „local orthographical tradition, governmental rulings, prevalence of linguistic knowledge, and available printing facilities must all be considered before a practical orthography can be established for any community“. Die segmentele fonemiese struktuur van die Sothotale is betreklik eenvoudig. As net die foneme van die taalgroep in ag geneem word, is dit moontlik om elke foneem met 'n enkele teken voor te stel. Maar daar moet rekening gehou word met die feit dat die Sothotale reeds meer as 'n eeu geskrywe word. Nuwe voorstellings wat nie met ou ortografiese tradisies rekening hou nie, sal vir die gemeenskap nie aanvaarbaar wees nie. Van die begin af is byvoorbeeld van Romeinse lettertekens gebruik gemaak. Enige ander lettertekens, bv. Arabies, sal vir die gemeenskap onaanvaarbaar wees.

Verder moet rekening gehou word met die skryfwyses van die omliggende tale, nl. Afrikaans, Engels en die Ngunitalle. Ingrypende afwykings in voorstelling van enersse klanke in die verskillende taalgroepe skep onnodige verwarring. Op skool vind leerlinge dit gewoonlik moeilik en tydrowend om ortografiese verskille in die taalgroepe te bemeester, bv. Sotho u en Afrikaans oe.

Van staatsweë is ook verskillende regulasies¹⁸⁾ neergelê met betrekking tot die skryfwyse van die Sothotale. Voorstelle wat ingrypend hiervan afwyk, sal onprakties en waardeloos wees.

By die voorstelling van 'n praktiese ortografie in par. 7.6 is met al bogenoemde faktore rekening gehou. Vandaar dat veranderinge wat aan die hand gedoen word, neerkom op 'n heraanpassing van die bestaande ortografieë vir die drie tale in 'n eenvormige ortografie. Daar moet dus in die taalgroep onderskei word tussen 'n fonetiese,

'n /...

'n fonemiese en 'n praktiese ortografie. Die struktuur van die tale sowel as eksterne faktore maak dit nie moontlik om al die voorstellings in 'n enkele ortografie te bewerkstellig nie.

8.15 AANTEKENINGE

- 1) Vgl. bv. Ziervogel en Dau, Handbook of Venda, bl. 1 vlgg., en Cole, Tswana Grammar, bl.1 vlgg.
- 2) Vgl. bv. Ziervogel en Dau, Handbook of Venda, bl. 19 vlgg., en Cole, Tswana Grammar, bl. 39 vlgg.
- 3) Meinhof en Van Warmelo, Bantu Phonology, bl. 1
- 4) Meinhof en Van Warmelo, Bantu Phonology, bl. 64.
- 5) Tucker, Comparative Phonetics.
- 6) Tucker, Comparative Phonetics, par. 168.
- 7) Vgl. bv. Tucker, Comparative Phonetics, par. 170.
- 8) Vgl. bv. Cole, Tswana Grammar, par. 1.77.
- 9) Vgl. bv. Doke en Mofokeng, Textbook of Southern Sotho, bl. 24.
- 10) Vgl. bv. Doke en Mofokeng, Textbook of Southern Sotho, par. 50 en Cole, Tswana Grammar, par. 1.80.
- 11) Vgl. Meinhof en Van Warmelo, Bantu-Phonology, bl. 179.
- 12) Vgl. Ziervogel, Handboek, par. 60, 77, 156(b), 238 en 245; Doke en Mofokeng, Textbook of Southern Sotho, par. 45 vlgg.; Cole, Tswana Grammar, par. 1.77 vlgg.
- 13) Vgl. Cole, Tswana Grammar, bl. 46.
- 14) Vgl. Hockett, Linguistic Elements.
- 15) Cole, Tswana Grammar, par. 1.86.
- 16) Pike, Phonemics, bl. 244(b).
- 17) Pike, Phonemics, bl. 58(a).
18. Vgl. bv. Sotho Terminologie en Spelreëls, nr. 1.

VOLLEDIGE TITELS VAN AANGEHAALDE WERKE

- Bantoe-onderwysblad, No. 9, Vol. V, Pretoria, 1959.
- Blok, H.P. : Iets over de zogenaamde „Cöïntensiveerde“ Fonemen in het Ganda en Nyoro, Kongo - Overzee XVII, 3, 1951.
- Bloomfield, L. : Language, London, 1950.
- Bloomfield, L. : Menomini Morphophonemics, Travaux du Cercle Linguistique de Prague, 8.109 (1939).
- Cohen, A. : The Phonemes of English, Den Haag, 1952.
- Cole, D.T. : An Introduction to Tswana Grammar, London, 1955.
- De Saussure, : Course in General Linguistics, London, 1960.
- Doke, C.M. : Bantu Linguistic Terminology, Longmans, London, 1935.
- Doke, C.M. : Word Division in Bantu with Special Reference to the Languages of Mashonaland, Dept. of Native Development, Southern Rhodesia, 1921.
- Doke, C.M. & Mofokeng, S.M. : Textbook of Southern Sotho Grammar, Kaapstad, 1957.
- Endemann, T.M.H. : Die Intonasie van Tsonga, Ongepubliseerde Proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1952.
- Fletcher, Harvey : Speech and Hearing, New York, 1929.
- Fortune, G. : The Parts of Speech of Bantu, Nada, No. 31, 1954.
- Garvin, P.L. : Review on Preliminaries to Speech Analysis by Jakobson, Fant and Halle, Language, Vol. 29, No. 1, 1953, p. 472/481.
- Gleason, H.A. : An Introduction to Descriptive Linguistics, New York, 1960.
- Hall, R.A. Jr. : Leave your Language Alone, New York, 1950.
- Harris, Z.S. : Methods in Structural Linguistics, The University of Chicago Press, 1951.
- Hjelmslev, L. : On the Principles of Phonematics, Proceedings of the Second International Congress of Phonetic Sciences, Cambridge, 1936.

- Hockett, C.F. : A Course in Modern Linguistics, New York, 1959.
- Hockett, C.F. : Linguistic Elements and their Relations, Language, Vol. 37, No. 1, 1961.
- Jakobson, R., : On the Identification of Phonemic Entities, Recherches Structurales, 1949, bls. 205-213.
- Jakobson, R., Fant, : Preliminaries to Speech Analysis. The distinctive features and their correlates, Technical Report No.13, C.G.M., and Halle, M., January, 1952, Acoustic Laboratory, Massachusetts Institute of Technology.
- Jones, D. : The Phoneme, its Nature and Use, Cambridge, 1950.
- Le Roux, T.H. en Pienaar, P.de V. : Afrikaanse Fonetiek, Johannesburg, 1927.
- Lestrade, G.P., : Bespreking van Doke, C.M., The Problem of Word Division in Bantu, Pantu Studies, IV, No.1, 1930.
- Licklider, J.C.R. : On the Process of Speech Perception, Journal Acoust. Soc. Amer. 24, 594, 1952.
- Martinet, A. : Neutralisation et Archiphoneme, Travaux du Cercle Linguistique de Prague, VI, 1936.
- Martinet, A. : Phonology as Functional Phonetics, London, 1949.
- Meeussen, A.E. : Morfotonologie van de Vervoeging in het Suthu, Zaire, vol. XII, 4, 1958.
- Meinhof, C & Van Warmelo, W. : Introduction to the Phonology of the Bantu Languages, Berlyn, 1932.
- Pike, K.L. : Phonemics. A Technique for Reducing Languages to Writing. Univ. of Michigan Publ., Linguistics, Vol.III, Ann Arbor, 1947.
- Reichling, A.J.B.N. : Het Woord (diss.) Nijmegen-Utrecht, 1935.
- Sapir, E. : Language, New York, 1921.
- Sechehaye, A. : Les trois linguistiques saussuriennes, Vox Romanica, V, 1940.
- Serech, J. : Phonema Errans, Lingua II, 1950, bls. 399-418.
- Soffietti, J.P. : Phonemic Analysis of the Word in Turinese, New York, N.Y., 1949.

- Sotho. Terminologie en Spelreëls, No. 1, Staatsdrukker, Pretoria, 1957.
- The Principles of the International Phonetic Association, London, 1949 (Reprinted 1960).
- Trubetzkoy, N.S. : Die Aufhebung der phonologischen Gegensätze, Travaux du Cercle Linguistique de Prague, 6, Prague, 1936.
- Trubetzkoy, N.S. : Grundzüge der Phonologie, Göttingen, 1958.
- Tucker, A.N. : The Comparative Phonetics of the Suto-Chuana group of Bantu Languages, London, 1929.
- Twaddell, W.F. : On Defining the Phoneme, Language Monographs XVI, Baltimore, 1935.
- Van Wijk, N. : Phonologie, Een hoofstuk uit de structurele taalwetenschap. 's-Gravenhage, 1939.
- Van Wyk, E.B. : Woordverdeling in Noord-Sotho en Zoeloe, Ongepubliseerde Doktorale Proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1958.
- Whatmough, J. : Language, New York, 1957.
- Ziervogel, D. : Akademie Studiegids, AN 1/6, Universiteit van Suid-Afrika, 1961.
- Ziervogel, D. : A Grammar of Northern Transvaal Ndebele, Pretoria, 1959.
- Ziervogel, D. : A Grammar of Swazi, Johannesburg, 1952.
- Ziervogel, D. : Handboek van Noord-Sotho, Pretoria, 1960.
- Ziervogel, D. : Noord-Sotho-Leerboek, Pretoria, 1953.
- Ziervogel, D. : The Eastern Sotho, Pretoria, 1954.
- Ziervogel, D. en Dau, R.S. : Handbook of the Venda Language, Pretoria, 1961.